Kerkorde

van die 74ste Algemene Kerkvergadering

6-10 Oktober 2025

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

74ste AKV






KERKORDE

VAN DIE

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

VAN AFRIKA

Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig. Omdat dit nuttig en goed is om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, het die 64ste Algemene Kerkvergadering op sy buitengewone sitting in 1997 besluit om die nuwe Kerkorde te aanvaar. Daardie Kerkorde is by elke daaropvolgende Algemene Kerkvergadering gewysig en aangepas om die huidige Kerkorde daar te stel. Ampsdraers en lidmate word opgeroep om die Kerkorde te gehoorsaam.

KERKORDE

van die

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

gewysig en vasgestel volgens die besluite van die 74ste Algemene Kerkvergadering, 6 tot 10 Oktober 2025

Die egtheid van hierdie Kerkorde word alleen erken as dit deur die handtekening van die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gewaarmerk is.

Ds JM Bevolo-Manders
Skriba

INHOUDSOPGAWE

**Klik op enige punt in die inhoudsopgawe
om na daardie deel van die Kerkorde te spring**

1. **BELYDENIS EN KERK**

ORDEREËL 1

1.1 DIE BELYDENISSE EN DIE BELYDENISSKRIFTE VERWOORD DIE LEER VAN DIE KERK EN GELD VIR ONS AS 1
1.2 DIE HANDHAWING VAN ONS BELYDENIS DIEN DIE EENHEID VAN DIE KERK. 1
1.3 DIE KERK SE GELOOF KOM TOT UITDRUKKING IN 1
1.4 ONS BLY AAN ONS BELYDENIS GETROU DEUR 2

ORDINANSIE 1

1.1 BINDING AAN DIE BELYDENIS 3
1.2 BESWAAR TEEN KERKLIKE LEERBESLISSINGS 3
1.3 VERANDERING AAN DIE BELYDENISSKRIFTE 3
1.4 ANDER OF NUWE BELYDENISSKRIFTE 3

2. **KERK, RINGE EN GEMEENTES**

ORDEREËL 2

2.1 KERK 5
2.2 LIDMAATSKAP 5
2.3 GEMEENTES SE BAND MET DIE KERK 5

ORDINANSIE 2

2.1 KERK 6
2.2 RINGE 6
2.3 VORMING VAN GEMEENTES 6
2.4 LIDMAATSKAP 7
2.5 GEMEENTEVERGADERING 8
2.5.1 SAMESTELLING 8
2.5.2 WERKOPDRAG 8
2.5.3 WERKWYSE 8
2.6 GEMEENTEGRENSE 9
2.6.1 VASSTELLING EN ORDE 9
2.6.2 INSKAKELING BY ANDER GEMEENTES VAN DIE KERK 9
2.6.3 WYSIGING 9
2.7 SAMEWERKING VAN GEMEENTES 10
2.8 SAMESMELTING VAN GEMEENTES 11
2.9 ONTBINDING VAN ’N GEMEENTE 12

3. **BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS**

ORDEREËL 3

3.1 PREDIKANTE 14

3.2 PROPONENTE 14
3.3 BEVESTIGING IN DIE AMP 14
3.4 PREDIKANTE IN GEMEENTES 14
3.5 PREDIKANTE MET BESONDERE OPDRAG 14
3.6 VERSORGING VAN PREDIKANTE 14
3.7 VERLIES VAN AMPSVOORREG 15
3.8 OUDERLINGE EN DIAKENS 15
3.8.1 OUDERLINGE 15
3.8.2 DIAKENS 15
3.8.3 BEËINDIGING VAN AMP 15

ORDINANSIE 3

3.1 BINDING AAN DIE BELYDENIS 16
3.2 PREDIKANTE 16
3.2.1 OPLEIDING EN VORMING VAN PREDIKANTE 16
3.2.1.1 Kuratorium 16
(i) Samestelling 16
(ii) Werkopdrag 16
(iii) Werkwyse 17
3.2.2 AANSOEKE VAN PROPONENTE EN PREDIKANTE UIT ANDER KERKE 17
3.2.3 PREDIKANTE IN GEMEENTES 17
3.2.3.1 Voltydse en deeltydse dienswerk 17
3.2.3.2 Afskaling en losmaking 18
3.2.4 BEROEP VAN PREDIKANT OF PROPONENT 19
3.2.4.1 Beroepsvergadering 20
3.2.4.2 Beroepsdokumente 20
3.2.4.3 Prosedure by ontvangs van beroep 21
3.2.4.4 Afkondiging van beroep en verklarings 21
3.2.5 ORDENING EN BEVESTIGING 22
3.2.5.1 Voorregte van ’n proponent 22
3.2.6 DIENSWERK VAN PREDIKANTE IN GEMEENTES 22
3.2.7 PREDIKANTE MET AMPSVOORREG 23
3.2.8 VERHUISINGSKOSTE 24
3.2.9 VERSORGING 24
3.2.10 VERSORGING VAN GESIN NA AFSTERWE VAN PREDIKANT 24
3.2.11 EMERITAAT 24
3.2.12 MEDIESE ONGESKIKTHEID 25
3.2.13 HERTOELATING NA MEDIESE ONGESKIKTHEID 25
3.2.14 LOSMAKING 25
3.2.14.1 Losmaking van predikante wat die land verlaat 26
3.2.14.2 Losmaking van ’n gemeente by ooreenkoms 26
3.2.14.3 Bedanking 27
3.2.14.4 Verandering van lewenstaat 27
3.2.14.5 Onbekwaamheid as predikant 27
3.2.14.6 Wangedrag as predikant 28
3.2.15 HERTOELATING 28
3.2.16 PROSEDURE VIR HANTERING VAN BEROEPAFWAGTENDES 29
3.2.16.1 Beroepafwagtendes 29
3.2.17 KONSULENTSWERK 29
3.2.18 PREDIKANTE MET BESONDERE OPDRAG 30
3.2.18.1 Predikante wat teologie doseer 30
3.2.18.2 Predikante met opdrag van die Algemene Kerkvergadering, ’n ringsvergadering of kerkraadsvergadering 30

3.2.18.3 Geëmeriteerde predikant in deeltydse bediening 30
3.3 OUDERLINGE EN DIAKENS 31
3.3.1 VERKIESING 31
3.3.2 BEKENDMAKING 31
3.3.3 BESWARE 31
3.3.4 BEVESTIGING 31
3.4 OUDERLINGE 31
3.5 DIAKENS 32

4. **VERGADERINGS VAN AMPTE**

ORDEREËL 4

4.1 Vergaderings neem besluite op grond van die Bybel 34

ORDINANSIE 4

4.1 KERKRAADSVERGADERING 35
4.1.1 SAMESTELLING 35
4.1.2 WERKOPDRAG 35
4.1.3 WERKWYSE 38
4.2 RINGSVERGADERING 39
4.2.1 SAMESTELLING 39
4.2.2 WERKOPDRAG 39
4.2.3 WERKWYSE 42
4.3 RINGSKOMMISSIE 43
4.4 ALGEMENE KERKVERGADERING 44
4.4.1 SAMESTELLING 44
4.4.2 BYWONING 44
4.4.3 WERKOPDRAG 44
4.4.4 WERKWYSE 44
4.5 BUITENGEWONE SITTING VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING 46
4.6 KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING 46
4.6.1 SAMESTELLING 46
4.6.2 WERKOPDRAG 47
4.6.3 WERKWYSE 49
4.6.4 MODERAMEN 49
4.6.4.1 Samestelling 49
4.6.4.2 Werkwyse 49
4.7 KOMITEE VIR DIAKONAAT 50
4.7.1 SAMESTELLING 50
4.7.2 WERKOPDRAG 50
4.8 NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING 51

5. **DIE EREDIENS**

ORDEREËL 5

5.1 PREDIKING 52
5.2 SAKRAMENTE 52
5.2.1 HEILIGE DOOP 52
5.2.2 HEILIGE NAGMAAL 53
5.3 LITURGIE 53
5.4 KERKMUSIEK 53

ORDINANSIE 5

5.1 PREDIKING 54
5.2 SAKRAMENTE 54
5.2.1 HEILIGE DOOP 54
5.2.2 HEILIGE NAGMAAL 54
5.3 LITURGIE 55
5.4 KERKMUSIEK 55

6. **GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG**

ORDEREËL 6

6.1 KERKLIKE ONDERRIG 56
6.2 GEESTELIKE VORMING 56

ORDINANSIE 6

6.1 GEESTELIKE VORMING 57
6.2 KERKLIKE ONDERRIG 57
6.3 GEESTELIKE VORMING VAN DIE JEUG 57
6.4 GEESTELIKE VORMING VAN HUISGESINNE 58

7. **MISSIONALE BEDIENING**

ORDEREËL 7

7.1 MISSIONALE BEDIENING 59
7.2 MISSIONALE BEDIENING EN EKUMENE 59
7.3 KERK EN GEMEENSKAP 59
7.4 KERK EN OWERHEDE 59
7.5 VERBAND MET ANDER KERKE 59

ORDINANSIE 7

7.1 MISSIONALE BEDIENING 61
7.2 MISSIONALE BEDIENING EN EKUMENE 61
7.3 KERK EN GEMEENSKAP 61
7.4 KERK EN OWERHEDE 61
7.5 BYBELVERTALING EN BYBELVERSPREIDING 61
7.6 OPENBARE WOORDVERKONDIGING EN DIENSLEWERING 62
7.7 VERBAND MET ANDER KERKE 62

8. **KERKLIKE DISSIPLINE**

ORDEREËL 8

8.1 DISSIPLINE IN DIE KERK 63
8.2 ONDERWERPING AAN DISSIPLINE 63
8.3 OPSIG 63
8.4 TUG 63
8.5 ONDERWERPING AAN TUGMAATREËLS 63
8.6 OPHEFFING EN WYSIGING VAN TUGMAATREËLS 64

ORDINANSIE 8

8.1 OPSIG 65
8.1.1 BEVOEGDE OPSIGHOUDENDE VERGADERING 65
8.1.2 BESWAARSKRIF 65
8.1.3 HANTERING VAN ’N BESWAARSKRIF 65
8.1.4 UITOEFENING VAN OPSIG 66
8.1.5 BEROEP OP ’N WÊRELDLIKE INSTANSIE 66
8.2 TUG 66
8.3 VERGADERINGS MET TUGBEVOEGDHEID 66
8.4 DIE KLAGSKRIF 67
8.5 OPSKORTING VAN KERKLIKE VOORREGTE EN AMPSPLIGTE 67
8.6 TUGPROSEDURE 67
8.7 RIGLYNE VIR DIE ONDERSOEK VAN ’N KLAG 68
8.8 TUGHANDELING 68
8.9 BEROEP OP ’N BYKOMENDE VERGADERING 70
8.10 DISSIPLINEVERSUIM DEUR VERGADERINGS 70
8.11 OPHEFFING VAN TUG 71
8.12 LIDMATE WAT BEDANK 71

9. **KERKLIKE GOEDERE**

ORDEREËL 9 72

ORDINANSIE 9

9.1 TOESIG EN BEHEER 73
9.2 SINODALE FINANSIES, HULPBRONNE EN BATES 73
9.2.1 KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING 73
9.2.2 DIE RAAD VAN FINANSIES 73
9.2.2.1 Samestelling 73
9.2.2.2 Werkopdrag 74
9.2.2.3 Werkwyse 75

10. **KERKORDE**

ORDEREËL 10 76

ORDINANSIE 10 77

REGLEMENTE

REGLEMENT VIR TOELATING EN OPLEIDING AS PREDIKANT VAN DIE KERK

1. PROSEDURE BY DIE TOELATING TOT DIE KERKLIKE OPLEIDING 78
2. PROSEDURE VIR DIE TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING VAN STUDENTE WAT DIE VOORGESKREWE TEOLOGIESTUDIE AAN ’N ERKENDE HOËRONDERWYSINSTELLING VOLTOOI HET 78
2.1 KERKEIE OPLEIDING AAN DIE HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE 78
2.2 PROPONENTSEKSAMEN 79
2.3 TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING 80
3. BEROEPAFWAGTENDES 80
4. PROSEDURE VIR AANSOEKE TOT HERTOELATING IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 82
4.1 HERTOELATING NA MEDIESE ONGESKIKTHEID 82

4.2 HERTOELATING NA ONTHEFFING 82
5. PROSEDURE VIR PROPONENTE, PREDIKANTE EN VOORMALIGE PREDIKANTE UIT ANDER KERKE 84

VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE

1. GEWONE VERLOF 86
2. STUDIEVERLOF 86
3. KRAAMVERLOF 87
4. SIEKTEVERLOF 87
5. LANGVERLOF 88
6. SPESIALE VERLOF 88
7. VERLOFREGISTER 88
8. ALGEMEEN 89

REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK VAN ’N KLAG

1. KLAGSKRIF 90
2. OPROEP NA ’N TUGVERGADERING 90
3. KWORUM VIR DIE TUGVERGADERING 91
4. PROSEDURE BY DIE VERGADERING 91
5. ’N BEROEP OP ’N BYKOMENDE VERGADERING 94
6. PROSEDURE BY EN HANTERING VAN ’N BEROEP DEUR ’N BYKOMENDE VERGADERING 95

ETIESE KODE VIR PREDIKANTE

1. INLEIDING 97
2. ETIESE BEGINSELS SOOS AANVAAR DEUR DIE PREDIKANT VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 98
2.1 BEVOEGDHEID 98
2.2 DIE REG TOT SELFDETERMINASIE EN OUTONOMIE 99
2.3 BEVORDERING VAN DIE WELSYN VAN GEMEENTELEDE 100
2.4 HANDHAWING VAN VERTROULIKHEID 100
2.5 INGELIGTE TOESTEMMING 101
2.6 WEIERING TOT HULPVERLENING 101
2.7 ROLVERKLARING EN AKTIWITEITE WAT NIE DIREK MET DIE BEDIENING VERBAND HOU NIE 102
2.8 BEWUSTHEID EN OPSKERPING VAN ETIESE ASPEKTE 102
2.9 OORSKRYDING VAN DIE ETIESE KODE 102

DOKUMENTE EN AKTES

BEWYS VAN LIDMAATSKAP 103
AKTE VAN TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING 104
AKTE VAN GOEDKEURING VAN BEROEP 105
AKTE VAN ORDENING 106
AKTE VAN BENOEMING VIR 'N BESONDERE OPDRAG 107
AKTE VAN BENOEMING AS TEOLOGIEDOSENT 108
AKTE VAN EMERITAAT VIR PREDIKANTE 109
AKTE VAN EMERITAAT VIR HOOGLERAARS 110
AKTE VAN LOSMAKING BY AANVAARDING VAN 'N BEROEP (A) 111
AKTE VAN LOSMAKING BY AANVAARDING VAN 'N BESONDERE OPDRAG (B) 112
AKTE VAN LOSMAKING BY AFHANDELING VAN 'N BESONDERE OPDRAG (C) 113

AKTE VAN LOSMAKING BY DIE BEËINDIGING VAN GEMEENTELIKE DIENSWERK VAN DIE PREDIKANT (D) 114
AKTE VAN LOSMAKING BY MEDIESE ONGESKIKTHEID (E) 115
AKTE VAN LOSMAKING AAN 'N PREDIKANT WAT DIE LAND VERLAAT (F1) 116
AKTE VAN LOSMAKING AAN 'N PREDIKANT WAT DIE LAND VERLAAT (F2) 117
AKTE VAN LOSMAKING BY VOLTYDSE STUDIEVERLOF (G) 118
AKTE VAN LOSMAKING BY DIE BEËINDIGING VAN GEMEENTELIKE DIENSWERK OP EIE VERSOEK (H) 119
AKTE VAN LOSMAKING NA ONTHEFFING UIT DIE AMP (I) 120
AKTE VAN ONTHEFFING 121
BEROEPSBRIEF 122
VERSORGINGSVOORDELE 124
ERKENNING VAN ONTVANGS VAN BEROEPSBRIEF 131
VERKLARING DAT BEROEP AFGEKONDIG IS 132
GELOOFSBRIEF: RINGSVERGADERING 133
GELOOFSBRIEF: ALGEMENE KERKVERGADERING 135
DOOPSEEL 136

1. BELYDENIS EN KERK

ORDEREËL 1

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue ons geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat alles wat vir ons verlossing nodig is duidelik en voldoende deur die Woord, die Bybel, bekend maak.

Ons belydenis word in die drie ekumeniese belydenisse verwoord, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Atanasius; asook in drie reformatoriese belydenisskrifte, die drie formuliere van eenheid, te wete: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

1.1 DIE BELYDENISSE EN DIE BELYDENISSKRIFTE VERWOORD DIE LEER VAN DIE KERK EN GELD VIR ONS AS

1.1.1 samevatting van die kern van die geloof

1.1.2 norm vir die verkondiging

1.1.3 basis van die kerklike onderrig

1.1.4 maatstaf vir teologiese onderrig

1.1.5 rigsnoer vir kerklik-teologiese uitsprake

1.1.6 afgrensing teen teologiese dwaling

1.1.7 uitdrukking van ons onderlinge eenheid.

1.2 DIE HANDHAWING VAN ONS BELYDENIS DIEN DIE EENHEID VAN DIE KERK.

1.3 DIE KERK SE GELOOF KOM TOT UITDRUKKING IN

1.3.1 die verkondiging van die evangelie

1.3.2 die bediening van die sakramente

1.3.3 openbare gebede

1.3.4 diensformuliere

1.3.5 die kerklied

1.3.6 die geestelike vorming en kerklike onderrig

1.3.7 herderlike briewe

1.3.8 getuienis teenoor wêreldlike instansies

1.3.9 die handhawing van opsig en tug.

1.4 **ONS BLY AAN ONS BELYDENIS GETROU DEUR**

1.4.1 die Bybel getrou te lees

1.4.2 die Bybelse inhoud te oordink

1.4.3 ’n loflied oor die rykdom van die heil in Christus te sing

1.4.4 aan eredienste deel te neem

1.4.5 in gebed te volhard

1.4.6 die evangelie met woord en daad na alle mense te bring

1.4.7 ons verantwoordelikhede na te kom volgens die beloftes wat ons afgelê het

1.4.8 ampsdraers in hulle dienswerk te ondersteun

1.4.9 uit dankbaarheid goeie werk te doen

1.4.10 barmhartigheid aan alle mense te bewys

1.4.11 in alles gehoorsaam aan God te wees en tot God se eer te lewe.

ORDINANSIE 1

1.1 BINDING AAN DIE BELYDENIS

1.1.1 Alle lidmate is gebonde aan die belydenis.

1.1.2 Bedienaars van die Woord onderteken by toelating die Proponentsformule wat bindend is vir alle predikante van die Kerk.

1.1.3 Ampsdraers en lidmate wat nie aan die belydenis getrou bly nie, stel hulle aan die kerklike opsig en tug bloot.

1.2 BESWAAR TEEN KERKLIKE LEERBESLISSINGS

1.2.1 Besware teen leerbeslissings van die Algemene Kerkvergadering word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê.

1.2.2 Nadat dit gedoen is word die besware nie verder openbaar gemaak nie.

1.2.3 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word van advies bedien en, indien nodig, word ander reformatoriese kerke geraadpleeg.

1.2.4 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering lê die adviese en eie aanbevelings aan die Algemene Kerkvergadering voor.

1.2.5 Die beswaarde en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry tydens die Algemene Kerkvergadering geleentheid om die beswaar en die aanbevelings verder toe te lig.

1.2.6 Die beslissing van die Algemene Kerkvergadering is bindend op alle lidmate.

1.2.7 Lidmate wat nie die beslissing van die Algemene Kerkvergadering aanvaar nie, of in gebreke bly om die voorgeskrewe prosedure te volg, word hanteer volgens die Kerkorde.

1.3 VERANDERING AAN DIE BELYDENISSKRIFTE

1.3.1 Die Kerk verander nie die tekste van belydenisse en belydenisskrifte nie.

1.3.2 Die belydenisse en belydenisskrifte word voortdurend ondersoek en bestudeer in die lig van die normatiwiteit (gesag) van die Skrif.

1.4 ANDER OF NUWE BELYDENISSKRIFTE

1.4.1 ’n Voorstel vir ’n ander of nuwe belydenisskrif word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien.

1.4.2 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word van advies bedien deur die vergaderings van die ampte, ander reformatoriese kerke, asook teoloë binne en buite die Kerk.

1.4.3 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering lê die adviese en eie aanbevelings aan die Algemene Kerkvergadering voor.

1.4.4 ’n Voorstel met meriete word deur die Algemene Kerkvergadering na alle kerkrade en ringsvergaderings verwys vir kommentaar met die oog op besluitneming deur die daaropvolgende Algemene Kerkvergadering.

1.4.5 ’n Nuwe belydenisskrif kan slegs na instemming deur ’n meerderheid van vyf en sewentig persent van alle stemgeregtigdes deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar word.

1.4.6 Kerke met dieselfde belydenisgrondslag word oor die verandering ingelig.

2. KERK, RINGE EN GEMEENTES

ORDEREËL 2

Almal wat deur God in genade uitverkies is en deur die Heilige Gees in Jesus Christus glo, vorm deel van die volk van God en is lede van die kerk van Christus.

Die Kerk, in ooreenstemming met die belydenis, is ’n gestalte van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk.

Die Kerk het ’n eie geskiedenis, kerklike taal, teologiese tradisie en Kerkorde.

’n Gemeente is die plaaslike gestaltegewing van die Kerk.

Gemeentes binne ’n bepaalde gebied vorm ’n ring.

’n Ring gee gestalte aan die eenheid tussen gemeentes soos ringe onderling en gesamentlik aan die eenheid van die Kerk.

’n Gemeente handhaaf die eenheid van geloof, belydenis en liturgie met die ander gemeentes van die Kerk.

2.1 KERK

Die kerk is ’n gemeenskap van gelowiges wat deur God se versoening in Christus tot stand gebring is. God hou die kerk in stand deur mense wat in Jesus Christus in genade uitgekies en deur die werk van die Heilige Gees saamgebring word deur Woord en sakramente.

2.2 LIDMAATSKAP

Lidmate van die Kerk is diegene wat kinders van lidmate van die gemeente is, wat deur die doop en belydenis van geloof dooplidmate en belydende lidmate van die Kerk geword het, of andersins deur die kerkraadsvergadering toegelaat is.

2.3 GEMEENTES SE BAND MET DIE KERK

Gemeentes kan nie hulle band met die Kerk prysgee nie.

’n Gemeente is ’n regspersoon wat ooreenkomstig die Kerkorde handel.

ORDINANSIE 2

2.1 KERK

2.1.1 Die Kerk bestaan uit gemeentes wat geografies in ringe saamgevoeg word.

2.2 RINGE

2.2.1 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bepaal in oorleg met ’n ring watter gemeentes daardie ring vorm.

2.3 VORMING VAN GEMEENTES

2.3.1 ’n Versoek vir die vorming van ’n nuwe gemeente word aan die ringskommissie binne wie se werkruimte die nuwe gemeente sal val, gerig. ’n Ringskommissie kan ook die inisiatief neem in die vorming van gemeentes.

2.3.2 Indien twee of meer ringe daarby betrokke is, word die versoek aan die betrokke ringskommissies gerig.

2.3.3 Die versoek kan gerig word deur

(i) lidmate wat daarby belang het, maar in oorleg met die tersaaklike kerkraadsvergadering(s)

(ii) die betrokke ampsdraers, maar in oorleg met die betrokke kerkraadsvergadering(s)

(iii) die betrokke kerkraadsvergadering(s).

2.3.4 Die versoek word vergesel van

(i) twee kaarte waarop die grense van die nuwe gemeente aangedui word

(ii) ’n opname van die aantal lidmate van die nuwe gemeente

(iii) ’n voorlegging van die lewensvatbaarheid van die nuwe gemeente

(iv) ’n konsepreëling van hoe die gemeentelike en diakonale besittings en skulde tussen die betrokke gemeentes verdeel sal word

(v) skriftelike goedkeuring van die verdeling deur die Raad van Finansies.

2.3.5 Na ’n ondersoek van die aangeleentheid en na oorleg met alle betrokkenes, doen die ringskommissie(s) ’n aanbeveling by die betrokke ringsvergadering(s).

2.3.6 Die ringsvergadering(s) keur die vorming van die nuwe gemeente goed indien minstens aan die volgende verdere voorwaardes voldoen word:

(i) Die finansiële selfstandigheid van die bestaande gemeente(s) en die nuwe gemeente wat gevorm word, verseker is.

(ii) Indien die nuwe gemeente in ’n samewerkingsooreenkoms met ’n ander gemeente(s) ’n predikant beroep, die beoogde samewerking prakties uitvoerbaar sal wees.

(iii) Waar die aantal diensdoende predikant(e) in ’n gemeente moet verminder, die kerkraad vooraf met die predikante ooreengekom het watter predikant(e) deur die nuwe gemeente(s) beroep sal word en dat die predikant(e) die beroep(e) sal aanneem.

2.3.7 Die ringskommissie voer die besluit uit.

2.3.8 Die name en besonderhede van die lidmate van die nuwe gemeente word skriftelik deur die skriba van die betrokke kerkraad wat oor die inligting beskik aan die nuwe gemeente gegee, sodat dit binne twee maande in die nuwe gemeente se lidmaatregister ingeskryf kan word.

2.3.9 Onmiddellik na die vorming van ’n nuwe gemeente word

(i) onder toesig van die ringskommissie, ampsdraers vir die gemeente gekies deur die aanwesige belydende lidmate wat nie onder sensuur is nie

(ii) ’n naam vir die gemeente gekies.

2.3.10 Die gekose ampsdraers word by dieselfde geleentheid in hulle ampte bevestig, met gebruikmaking van die toepaslike formulier.

2.3.11 ’n Pasgestigte gemeente is ’n vakante gemeente.

2.3.12 Die name en adresse van die skriba en kassier van die gemeente word binne een maand skriftelik aan die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en aan die skriba van die ringskommissie deurgegee.

2.3.13 ’n Pasgestigte gemeente word deur die betrokke ringsvergadering(s) by ’n ring ingedeel en die konsulente word benoem.

2.3.14 Die skriba van die ring verskaf aan die Raad van Finansies

(i) ’n kaart waarop die grense van die gemeente aangedui en omskryf word

(ii) ’n opgawe van die aantal lidmate wat aan die nuwe gemeente behoort, asook die aantal lidmate wat in die gemeente waarvan afgestig is, oorbly.

2.3.15 Na afloop van die eerste kerkraadsvergadering word ’n bedieningsplan aan die ringskommissie beskikbaar gestel.

2.4 LIDMAATSKAP

2.4.1 ’n Bewys van lidmaatskap word op versoek deur die skriba vir registrasie uitgereik na goedkeuring deur die kerkraadsvergadering of per konsistoriebesluit.

2.4.2 Lidmate is verantwoordelik om in ’n nuwe gemeente by die kerkraad aan te meld.

2.4.3 Met lidmate wat aanmeld of opgespoor word kan daar deur die kerkraadsvergadering gesprek gevoer word met die oog op inskakeling by die gemeente.

2.4.4 Lidmaatskap kan aan lidmate van ander kerke toegestaan word. Lidmate van ander kerke doen skriftelik aansoek om lidmaatskap. Lidmaatskap word verleen nadat die kerkraadsvergadering besluit het oor

(i) verdere gesprekke

(ii) aanvullende kategese

(iii) openbare geloofsbelydenis.

2.4.5 Lidmaatskap van die Kerk eindig nie wanneer ’n lidmaat van een gemeente na ’n ander vertrek nie.

2.4.6 Lidmaatskap kan deur ’n besluit van die kerkraadsvergadering opgehef word na ’n tughandeling.

2.4.7 Die kerkraadsvergadering neem kennis daarvan indien ’n lidmaat die Kerk verlaat en teken dit in die lidmaatregister aan.

2.5 GEMEENTEVERGADERING

2.5.1 SAMESTELLING

’n Gemeentevergadering is ’n vergadering van die aanwesige belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. ’n Predikant van die gemeente of die konsulent van die gemeente of ’n ander predikant met toestemming van die konsulent is die voorsitter van sodanige gemeentevergadering.

2.5.2 WERKOPDRAG

Die gemeentevergadering

(i) voer gesprek oor die roeping van lidmate en dienswerk van die gemeente

(ii) verkies ouderlinge en diakens

(iii) skep, waar nodig, ’n werkruimte vir ’n predikant of hef dit op

(iv) behandel jaarliks die gemeente se begroting en neem besluite daaroor

(v) behandel die geouditeerde verslag oor die finansies en neem besluite daaroor

(vi) besluit met meerderheid van stem oor die beskikking, aanskaf of vervreemding van vaste eiendomme, en magtig die kerkraad om namens die gemeente vaste eiendom te verkry, te vervreem, te beswaar, skulde aan te gaan, lenings te verkry en sekuriteit daarvoor te verskaf, lenings toe te staan en fondse te belê, alles tot die welwese van die gemeente en die Kerk in die algemeen, ooreenkomstig die Kerkorde

(vii) sien toe dat vaste eiendomme in die naam van die gemeente geregistreer is.

2.5.3 WERKWYSE

(i) Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van die gemeentevergadering, en belê minstens twee maal per jaar ’n gewone gemeentevergadering.

(ii) Die voorsitter en skriba stel die agenda vas en plaas die sake, genoem onder die werkopdrag van die vergadering, op die agenda van die gewone vergaderings.

(iii) Kennis van gewone gemeentevergaderings word in die jaarprogram van die gemeente of op twee voorafgaande Sondae by die eredienste gegee.

(iv) Kennis van ’n buitengewone gemeentevergadering word op twee voorafgaande Sondae by ’n erediens gegee, met vermelding van die doel van die vergadering.

2.6 GEMEENTEGRENSE

2.6.1 VASSTELLING EN ORDE

(i) Die ringsvergadering stel die grense van ’n gemeente vas. Lidmate wat binne die grense van ’n gemeente woon skakel by die betrokke gemeente in.

(ii) Elke gemeente word ter wille van die goeie orde in wyke ingedeel.

2.6.2 INSKAKELING BY ANDER GEMEENTES VAN DIE KERK

(i) Lidmate van ’n gemeente kan by die betrokke kerkraadsvergadering ’n kennisgewing van voorneme indien om by ’n ander gemeente in te skakel.

(ii) Die betrokke kerkraadsvergadering tree met die lidmate in gesprek en lig die kerkraad van die gemeente waarby die lidmate wil inskakel in dat die lidmate by daardie gemeente inskakel.

(iii) Indien lidmate sodanige keuse sonder kennisgewing uitoefen, lig die kerkraadsvergadering van die gemeente waarby ingeskakel word, die vorige gemeente dienooreenkomstig in.

(iv) Sodanige lidmate word volledig deel van die gemeente waarheen hulle oorgegaan het en hulle name word onmiddellik in die lidmaatregister van die nuwe gemeente ingeskryf.

2.6.3 WYSIGING

(i) Die ringsvergadering bewaar die inligting oor die grensvasstelling van elke gemeente in die ring.

(ii) Die ringskommissie, in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wysig die grense van ’n gemeente op versoek van die ringsvergadering, of ’n kerkraadsvergadering, na raadpleging met die kerkraad van die betrokke gemeente of gemeentes.

(iii) As die grenswysigings ’n ander ring raak, word die grense deur die betrokke ringskommissies in ’n gesamentlike sitting van die betrokke ringe gewysig.

(iv) Lidmate wat as gevolg van ’n grenswysiging by ’n ander gemeente inskakel, neem hulle verbintenis met die nuwe gemeente so spoedig moontlik op.

(v) Ouderlinge en diakens wat na ’n ander gemeente oorgaan as gevolg van die wysiging van gemeentegrense, se ampte verval.

(vi) Wanneer die grense van ’n gemeente gewysig word, kan so ’n gemeente ook by ’n ander ring ingeskakel word.

2.7 SAMEWERKING VAN GEMEENTES

2.7.1 Twee of meer gemeentes kan saamwerk ter wille van effektiewe bediening.

2.7.2 Sodanige samewerking is ook moontlik met gemeentes van ander reformatoriese kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan as ons.

2.7.3 Die aansoek om saam te werk, word gerig aan die ring waarbinne die gemeente geleë is.

2.7.4 Die versoek om saam te werk word vergesel van ’n voorgestelde samewerkingsooreenkoms tussen die betrokke kerkrade. Daarin word uiteengesit

(i) plek, tyd en verdeling van eredienste

(ii) indeling van die pastorale werk

(iii) besonderhede van die dienswerk wat die predikant in die betrokke gemeente verrig

(iv) ligging van die predikantswoning

(v) verpligting van elke gemeente met betrekking tot die versorging van die predikant

(vi) verdeling van ander onkoste wat uit die ooreenkoms voortvloei

(vii) duur van die ooreenkoms

(viii) bepalings wat by die beëindiging van die ooreenkoms sal geld

(ix) hoe ’n samewerkende kerkraadsvergadering saamgestel word

(x) die reëlings in verband met die predikant wanneer die ooreenkoms beëindig word.

2.7.5 Nadat ’n ringskommissie die voorgestelde samewerkingsooreenkoms of enige wysiging daarvan goedgekeur het, kan die samewerkende kerkrade ’n predikant beroep of benoem ooreenkomstig die samewerkingsooreenkoms.

2.7.6 ’n Predikant hoef nie na die gemeentes wat saamwerk beroep te word nie, maar kan deur die kerkraadsvergadering van die gemeente waarin hy of sy dien, benoem word om in die gemeentes wat saamwerk te dien, indien die samewerkingsooreenkoms so bepaal.

2.7.7 ’n Predikant wat reeds in ’n gemeente dien wat deel van saamwerkende gemeentes vorm, hoef nie in enige van daardie gemeentes bevestig te word nie indien die predikant daarheen beroep word. Wanneer ’n volgende predikant beroep word, word hy of sy in ’n gesamentlike erediens as predikant van die saamwerkende gemeentes bevestig.

2.7.8 Wanneer gemeentes ’n samewerkingsooreenkoms wil beëindig, moet so ’n versoek gerig word aan die betrokke ringskommissie(s).

2.7.9 Die versoek om die samewerkingsooreenkoms te beëindig, moet vergesel word van die skriftelike redes vir die voorgestelde beëindiging van die ooreenkoms.

2.7.10 Die betrokke ringskommissie(s) kan na oorleg met die gemeentes, indien dit nodig is, instem tot die beëindiging van die samewerkingsooreenkoms. Daarna kan die samewerkingsooreenkoms beëindig word op die voorwaardes daarin vervat of soos deur die betrokke ring of ringe met die saamwerkende gemeentes ooreengekom.

2.8 SAMESMELTING VAN GEMEENTES

2.8.1 Die gemeentevergadering voer gesprek en besluit oor samesmelting met ’n ander gemeente wanneer omstandighede, wat die gemeente daartoe dwing, dit noodsaak. Die ringskommissie, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Raad van Finansies word deurlopend op die hoogte gehou.

2.8.2 ’n Voorgestelde ooreenkoms tot samesmelting word deur die deelnemende gemeentes opgestel, en deur die betrokke gemeentevergaderings met ’n tweederde meerderheid van die aanwesige lidmate in ’n stemming aanvaar. Die ooreenkoms tree in werking by die aanvang van die eerste gemeentevergadering van die samesmeltende gemeentes.

2.8.3 Die ooreenkoms van samesmelting bevat minstens die volgende reëlings:

(i) Die datum van samesmelting.

(ii) Die grense van die gemeente wat uit die samesmelting ontstaan.

(iii) Waar van toepassing word die predikante van die gemeentes losgemaak, onderhewig daaraan dat met die predikante ooreengekom word wie deur die nuwe gemeente beroep sal word of hoe die predikante andersins hanteer sal word.

(iv) Indien oor die hantering van die predikante nie ’n ooreenkoms bereik kan word nie, moet met die betrokke ring oorleg gepleeg word.

(v) Die beskikking oor die roerende en onroerende eiendom van die gemeentes wat by die samesmelting betrokke is.

(vi) Die beskikking oor die notuleboeke, registers, finansiële verslae en die inhoud van die gemeentelike argief van die gemeente wat ontbind.

2.8.4 Onmiddellik na die vorming van ’n nuwe gemeente deur samesmelting word

(i) onder toesig van die ringskommissie, ampsdraers vir die gemeente gekies deur die aanwesige belydende lidmate wat nie onder sensuur is nie

(ii) ’n naam vir die gemeente gekies.

2.8.5 Die gekose ampsdraers word by dieselfde geleentheid in hulle ampte bevestig.

2.8.6 Waar ’n gemeente wat saamsmelt se lidmate deur ’n bestaande gemeente opgeneem word, word vir nuwe wyke van die bestaande gemeente ampsdraers gekies en bevestig.

2.8.7 Die betrokke ringsvergadering dra sorg dat die ooreenkoms van samesmelting nagekom word en dat alles ordelik geskied.

2.8.8 Die betrokke ringskommissie gee so spoedig moontlik aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kennis van die beoogde samesmelting van gemeentes.

2.9 ONTBINDING VAN ’N GEMEENTE

2.9.1 ’n Gemeente ontbind wanneer omstandighede dit noodsaak.

2.9.2 Die kerkraadsvergadering stel ’n skriftelike verslag oor die ontbinding van die gemeente op wat aan lidmate beskikbaar gemaak moet word voor die gemeentevergadering wat oor die ontbinding moet besluit, en wat ten minste die volgende bevat:

(i) Die redes vir ontbinding.

(ii) Verslag oor lidmaatgetalle.

(iii) Verslag oor die finansiële posisie van die gemeente, langtermyn vooruitskouing en reëlings in dié verband.

(iv) ’n Uiteensetting oor kerkregtelike en juridiese implikasies van ’n ontbinding.

(v) ’n Verslag oor die pogings wat in oorleg met die ringskommissie en die Raad van Finansies aangewend is om ’n moontlike ontbinding te voorkom.

(vi) Die aanbevelings van die ringskommissie.

(vii) ’n Uiteensetting van die proses om die gemeente te ontbind.

2.9.3 Die gemeentevergadering besluit oor ontbinding van ’n gemeente

(i) in oorleg met die ringskommissie

(ii) met ’n tweederde meerderheid van stemme van die aanwesige belydende lidmate wat nie onder sensuur is nie op ’n buitengewone gemeentevergadering wat vir dié doel belê is.

2.9.4 Indien die gemeentevergadering besluit om die gemeente te ontbind, word besluite geneem wat onder meer die volgende insluit:

(i) Waar van toepassing, die losmaking van die predikant volgens die Kerkorde.

(ii) Reëlings oor werknemers van die gemeente.

(iii) Beskikking oor roerende en onroerende eiendom van die gemeente.

(iv) Die aanwys van persone wat die tersaaklike dokumente moet onderteken.

(v) Die handelinge wat gevolg moet word om die gemeente en die verskillende vergaderings te ontbind.

(vi) Die notule van die ontbindingsvergadering word aan die einde van die vergadering goedgekeur.

(vii) Die aanwys van lidmate om notuleboeke, registers, finansiële verslae en die inhoud van die gemeentelike argief aan die argief van die Kerk te oorhandig.

(viii) Die voorsitter en skriba van die gemeentevergadering wat besluit om te ontbind is verantwoordelik vir die ondertekening van die notules.

(ix) Die konsulent of die ringsvoorsitter is, na oorleg met die ringskommissie, verantwoordelik vir die teken van die dokumente met betrekking tot die vervreemding van bates van die ontbinde gemeente.

2.9.5 Waar ’n gemeente verdwyn sonder ’n gemeentevergadering wat tot ontbinding kan besluit, ontbind die ringskommissie die gemeente. Die ringskommissie het in hierdie geval dieselfde bevoegdheid as ’n gemeentevergadering.

2.9.6 Die ringskommissie gee so spoedig moontlik aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Raad van Finansies kennis van die voorneme en afhandeling van die ontbinding.

3. BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS

ORDEREËL 3

God gebruik mense as geroepe dienaars van Christus om onder leiding van die Heilige Gees deur Woord en sakrament diensbaar te wees.

Die dienswerk word verrig deur die volgende besondere ampte:

dienaars van die Woord,
ouderlinge en
diakens.

'n Ampsdraer word nie in meer as een amp bevestig nie.

3.1 PREDIKANTE

3.1.1 Geroepe dienaars van die Woord word deur die Kerk tot die evangeliebediening toegelaat en in die amp bevestig.

3.1.2 Die voorreg van Woordverkondiging en sakramentsbediening is aan hierdie amp verbonde met die oog op die bewaring en bevordering van die eenheid in Christus.

3.1.3 Predikante moet voldoen aan die vereistes wat die Algemene Kerkvergadering vir die amp stel.

3.2 PROPONENTE

Proponente is diegene wat toegelaat is tot die evangeliebediening, maar nog nie in die amp van dienaar van die Woord bevestig is nie.

3.3 BEVESTIGING IN DIE AMP

Bevestiging in die amp vind altyd in 'n erediens plaas met gebruikmaking van die toepaslike formulier.

3.4 PREDIKANTE IN GEMEENTES

Predikante bestudeer voortdurend die Woord van God en doen hulle dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by toelating, ooreenkomstig die beroepsbrief en soos bepaal in die Kerkorde.

3.5 PREDIKANTE MET BESONDERE OPDRAG

Predikante met besondere opdrag voer opdragte uit van die opdraggewende vergaderings.

3.6 VERSORGING VAN PREDIKANTE

Die verantwoordelikheid vir die versorging van predikante berus by die opdraggewende vergadering.

3.7 VERLIES VAN AMPSVOORREG

’n Predikant se ampsvoorreg kan beëindig word.

3.8 OUDERLINGE EN DIAKENS

Ouderlinge en diakens is lidmate wat deur die gemeente en daarom deur God sélf geroep is, en met gebruikmaking van die toepaslike formulier in die amp bevestig is.

3.8.1 OUDERLINGE

3.8.1.1 Handhaaf die goeie orde in die gemeente deur toe te sien dat die Woord reg en gereeld verkondig word, die sakramente nie ontheilig word nie en die riglyne in die Diensboek gebruik word.

3.8.1.2 Hou opsig oor die leer en lewe van die predikant.

3.8.1.3 Hou opsig oor die leer en lewe van ampsdraers en lidmate.

3.8.1.4 Doen huisbesoek en missionêre werk by almal wat onder hulle sorg gestel is.

3.8.2 DIAKENS

3.8.2.1 is in die besonder geroep om medegelowiges te versorg wat in siekte en nood verkeer

3.8.2.2 vertroos dié wat gehelp en versorg moet word met woorde van bemoediging uit die Woord van God

3.8.2.3 bewys barmhartigheid aan almal wat hulpbehoewend is

3.8.2.4 is verantwoordelik vir die insameling en besteding van fondse wat vir diakonale diens bestem is

3.8.2.5 doen diens by die Nagmaal.

3.8.3 BEËINDIGING VAN AMP

Ouderlinge en diakens

3.8.3.1 kan hulle amp neerlê na oorleg met die bevoegde vergaderings

3.8.3.2 se amp verval by oorgang na ’n ander gemeente of by die ontbinding van ’n gemeente

3.8.3.3 se ampsvoorreg kan beëindig word.

ORDINANSIE 3

3.1 BINDING AAN DIE BELYDENIS

Kandidate vir die amp van predikant onderteken by toelating die volgende formule:

> *Ek verklaar hiermee dat ek die leer wat uitgedruk is in die formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, van harte onderskryf en dat ek daarvan vas oortuig is en glo dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God. Ek beloof om in hierdie leer te volhard en my in my verkondiging hierdeur te laat lei. Ek beloof om my te hou aan die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. By oortreding daarvan sal ek my onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings.*

3.2 PREDIKANTE

3.2.1 OPLEIDING EN VORMING VAN PREDIKANTE

Voornemende predikante van die Kerk word in goedgekeurde kursusse aan ’n universiteit of ’n tersiêre instelling wat deur die Kuratorium goedgekeur word, opgelei, in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege.

3.2.1.1 **Kuratorium**

Die Kuratorium hou opsig oor die teologiese opleiding van die Kerk.

(i) ***Samestelling***

Die Kuratorium bestaan uit

(a) sewe lede waarvan ten minste vyf predikante moet wees

(b) die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, ’n dosent van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, en ’n dosent van die Hervormde Teologiese Kollege met spreekreg.

(c) so ver moontlik word drie lede van die Kuratorium herkies ter wille van kontinuïteit.

(ii) ***Werkopdrag***

Die Kuratorium

(a) benoem, in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dosente in die teologie soos bepaal deur die Kerkorde

(b) fasiliteer die aanstelling van teologiedosente aan die Hervormde Teologiese Kollege asook ander opleidingsinstansies, ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde en ooreenkomste van die betrokke instansies

(c) sien toe dat studente van die Kerk wat tot die opleiding toegelaat word, aan die vereistes voldoen

(d) hou opsig oor die onderrig deur teologiedosente en oor die vordering en gedrag van teologiestudente van die Kerk

(e) adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die vergoeding van teologiedosente van die Kerk

(f) adviseer die Raad van Finansies oor finansiële hulp aan studente van die Kerk

(g) lewer na afloop van die akademiese jaar verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(h) lewer verslag aan die gewone Algemene Kerkvergadering

(i) adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die benoeming van lede vir die Proponentseksamenkommissie

(j) dien ’n naamlys van kandidate wat aan die vereistes vir die proponentseksamen van die Kerk voldoen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in.

(iii) ***Werkwyse***

Die Kuratorium

(a) benoem by die eerste sitting ’n voorsitter en visevoorsitter uit die verkose lede

(b) benoem ’n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, visevoorsitter en twee lede

(c) bepaal die orde waarvolgens gewerk word en vergader minstens twee keer per jaar

(d) kan sonder die adviserende lede vergader indien omstandighede dit vereis.

3.2.2 AANSOEKE VAN PROPONENTE EN PREDIKANTE UIT ANDER KERKE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oorweeg aansoeke van predikante uit ander kerke alleenlik wanneer daar ’n tekort aan predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is of geen beroepafwagtende predikante in die Kerk is nie.

3.2.3 PREDIKANTE IN GEMEENTES

Predikante in gemeentes verrig hulle dienswerk binne ’n gemeentelike werkruimte.

3.2.3.1 **Voltydse en deeltydse dienswerk**

Alle beroepswerksaamhede vind in oorleg met die tersaaklike ringskommissie plaas.

(i) Predikante kan óf voltyds met volle versorging óf deeltyds met gedeeltelike versorging in gemeentes werksaam wees.

(ii) Predikante wat voltyds of deeltyds in ’n gemeente werksaam is, word beroep, en die toepaslike beroepsbrief waarin die opdrag duidelik omskryf word, word deur die kerkraad tydens ’n beroepsvergadering voltooi en volg die kerklike prosedures soos uiteengesit in die Kerkorde.

(iii) Predikante wat deeltyds in gemeentes werksaam is, mag ook ander werk verrig om hulle inkomste aan te vul.

3.2.3.2 **Afskaling en losmaking**

(i) Indien ’n kerkraad in oorleg met die gemeentevergadering oorweeg om ’n predikant se werkopdrag vanweë finansiële redes af te skaal of die predikant van die gemeente los te maak, word die saak onmiddellik onder die aandag van die ringskommissie gebring.

(ii) Die ringskommissie volg, in oorleg met die kerkraad, die volgende stappe kronologies:

(a) Die predikant en Moderamen word skriftelik ingelig dat die gemeente nie meer die dienswerk van die predikant finansieel in stand kan hou nie en dat die dienswerk afgeskaal behoort te word, of dat die predikant van die gemeente losgemaak behoort te word.

(b) Die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie en die predikant, poog om

* die opheffing van die werkruimte te voorkom

* alle redelike alternatiewe maatreëls te bespreek en alternatiewe oplossings te vind

* die tydsberekening wanneer die werkruimte opgehef moet word te bespreek

* stappe te bespreek sodat die opheffing van die werkruimte die predikant en die gemeente so min as moontlik ontwrig

* skeidingsversorging vir die predikant te bepaal.

(c) Indien dit nie suksesvol is nie, bepaal die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, die datum wanneer afskaling of losmaking plaasvind sodat dit die predikant en gemeente so min as moontlik ontwrig.

(iii) In die geval van afskaling, stel die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, ’n gewysigde beroepsbrief op en bied dit vir die bestaande predikant aan. Die predikant kan besluit om die gewysigde beroepsbrief te aanvaar of nie.

(iv) Indien die predikant nie die gewysigde beroepsbrief aanvaar nie, besluit die kerkraad, na oorleg met die ringskommissie, oor skeidingsversorging vir die predikant teen ’n koers van ten minste een week vergoeding per voltooide diensjaar in die betrokke werkruimte.

(v) Na drie maande word die predikant van sy of haar dienswerk in die gemeente losgemaak, en reik die kerkraad ’n akte van losmaking uit.

(vi) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan die betrokke predikant oproep vir gesprek om die predikant se kennis, kerklike betrokkenheid en vaardigheid te beoordeel.

(vii) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan die predikant na afloop van die gesprek vir verdere opleiding of begeleiding verwys voordat die predikant ’n volgende beroep mag aanvaar.

(viii) Indien die predikant gereed is om ’n volgende beroep te aanvaar, maak die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die Kerk bekend dat die predikant beroepafwagtend is.

3.2.4 BEROEP VAN PREDIKANT OF PROPONENT

(i) Beroepswerksaamhede neem ’n aanvang so gou doenlik na die gemeente bewus geword het dat die predikantswerkruimte vakant gaan raak.

(ii) Alle predikante en proponente is beroepbaar.

(iii) Die ringskommissie kan, na oorleg met die Moderamen, op versoek van die kerkraad besluit dat ’n gemeente nie ’n predikant hoef te beroep nie mits die gemeente se bedieningsplan voldoende voorsiening maak vir alle fasette van die gemeente se werk.

(iv) Die ringskommissie kan, na oorleg met die Moderamen en die betrokke kerkraad, besluit om strategiese beplanning vir die ringsgemeentes te doen wat as riglyn vir die gemeente kan dien wanneer die gemeente beroep. Die gemeente skort sy beroepsproses op totdat die strategiese beplanning voltooi is. Die strategiese beplanning moet so gou doenlik voltooi word.

(v) Die kerkraad besluit om een of meer van die volgende beroepsprosedures te volg:

(a) By die beroepsvergadering word kandidate deur die kerkraad genomineer vir die vakature. Die kerkraad stel ’n beroepslys saam waarna stemming plaasvind vir ’n kandidaat op die beroepslys. Die kandidaat wat met volstrekte meerderheid verkies word, word beroep.

(b) Die vakature kan in die amptelike kerklike publikasies bekend gemaak word met vermelding van die aard van die dienswerk in die gemeente. Die sluitingsdatum vir aansoeke moet duidelik vermeld en gehandhaaf word. Die kerkraad besluit vooraf of die kandidate wat aansoek doen vir die vakature die beroepslys uitmaak en of die beroepslys uitgebrei kan word. Indien die beroepslys uitgebrei kan word, moet dit duidelik in die bekendstelling van die vakature vermeld word. Nadat ’n kandidaat met volstrekte meerderheid uit die beroepslys beroep is, word die uitslag van die beroep aan alle aansoekers deurgegee.

(c) ’n Beroepskomitee word deur die kerkraad aangewys wat kandidate identifiseer volgens die profiel wat die kerkraad daarstel. Die beroepskomitee stel volgens die profiel ’n beroepslys saam. Die beroepskomitee kan ook die werkwyse van advertering volg en/of die amptelike lys van beroepafwagtende predikante gebruik en/of uit eie geledere nominasies kry. Die kerkraad besluit of by die beroepslys wat deur die beroepskomitee saamgestel is volstaan word, en of daar geleentheid is vir die uitbreiding daarvan tydens die beroepsvergadering. ’n Kandidaat word uit die beroepslys met volstrekte meerderheid beroep en, indien die beroep ook geadverteer is, word die uitslag aan die aansoekers deurgegee.

(d) Indien prosedure (b) of (c) gebruik word, kan die kerkraad of beroepskomitee met vooraf geïdentifiseerde kandidate gesprek voer. Die beroepende kerkraad neem die verantwoordelikheid om die gesprek by die predikant se gemeente of op ’n neutrale plek te voer en waar van toepassing, reiskoste te betaal.

(vi) ’n Beroepsvergadering word gelei deur die konsulent of ’n ander diensdoende predikant met skriftelike toestemming van die konsulent.

(vii) ’n Predikant of proponent wat ’n vakature laat ontstaan deur ’n beroep te aanvaar, of wat ’n vakature laat voortduur deur ’n beroep te bedank, is nie onmiddellik weer na dieselfde vakature beroepbaar nie.

3.2.4.1 **Beroepsvergadering**

(i) Die voorsitter open die vergadering met Skriflesing en gebed.

(ii) Die voorsitter verklaar die vergadering wettig saamgestel nadat vasgestel is dat daar

(a) volgens die Kerkorde vooraf kennis gegee is van die vergadering

(b) minstens die helfte van die kerkraadslede teenwoordig is.

(iii) Die voorsitter vra nominasies vir kandidate of gebruik die beroepslys wat deur die kerkraad en/of die beroepskomitee saamgestel is.

(iv) Die voorsitter kan besonderhede oor die kandidate op die beroepslys se diensjare, ouderdom en gemeentes waar bediening plaasgevind het, aan die vergadering meedeel. Die besonderhede raak nie die kandidaat se persoon, lewe of bediening nie.

(v) Die lede van die vergadering stem per geslote stembrief.

(vi) Nadat ’n kandidaat met volstrekte meerderheid beroep is, besluit die vergadering oor die versorgingsvoordele.

3.2.4.2 **Beroepsdokumente**

(i) Wanneer ’n proponent of predikant beroep word, word die dokumentasie soos volg hanteer:

(a) Die kerkraad voltooi ’n beroepsbrief en die toepaslike opgawe van versorgingsvoordele.

(b) Die aanwesige kerkraadslede onderteken die dokumente. Die voorsitter en skriba maak ’n elektroniese kopie van die getekende beroepsbrief en versorgingsvoordele en waarmerk dit.

(c) Die skriba stuur daarna die oorspronklike dokumente en die elektroniese kopie aan die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

(d) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bewaar by ontvangs die oorspronklike dokumente en stuur die elektroniese beroepsbrief

* aan die beroepe proponent of predikant

* aan die kerkraad waar die beroepe predikant tans dien

* aan die skriba van die ring waarin die beroepende gemeente val.

(ii) Waar van toepassing word ’n samewerkingsooreenkoms of gespesifiseerde werkopdrag saam met die beroepsbrief gestuur.

(iii) Die beroepsbrief bepaal die ampswerk van ’n predikant.

(iv) Die opgawe van versorgingsvoordele is ’n ooreenkoms tussen die predikant en die gemeente wat volgens die voorgeskrewe prosedure gewysig kan word.

(v) Die voorsitter van die vergadering gee binne sewe dae aan die skriba van die ring waarin die beroepende gemeente val, skriftelik kennis van die beroep.

3.2.4.3 **Prosedure by ontvangs van beroep**

(i) Na ontvangs van die beroepsbriewe, gee die beroepe proponent of predikant onmiddellik aan die beroepende kerkraad daarvan kennis op die voorgeskrewe dokument met vermelding van die datum waarop die beroepsbrief ontvang is.

(ii) ’n Beroepe predikant gee kennis van die beroep aan die gemeente waar die predikant sy of haar dienswerk verrig, bespreek die beroep met die plaaslike kerkraad en, indien nodig, ook met die beroepende kerkraad.

(iii) Binne twee weke na ontvangs van die beroepsdokumente, bevestig die beroepe predikant of proponent skriftelik aan die beroepende kerkraad of die beroep aangeneem word of nie.

(iv) Wanneer ’n proponent ’n beroep aanneem, word die volgende dokumente aan die ringskommissie van die beroepende kerkraad voorgelê:

(a) ’n Verklaring dat die beroep aanvaar is.

(b) ’n Gewaarmerkte afskrif van die akte van toelating tot die evangeliebediening.

(c) ’n Getuigskrif of gewaarmerkte afskrif van ’n getuigskrif van die kerkraad waar die proponent woon of die afgelope twee jaar ingeskakel het.

(v) Wanneer ’n predikant ’n beroep aanneem

(a) reik die kerkraad ’n akte van losmaking uit

(b) stuur die beroepene ’n verklaring dat die beroep aanvaar is en die akte van losmaking aan die ringskommissie van die beroepende kerkraad

(c) stel die beroepene die ringskommissie van die gemeente waar die predikant werksaam is, daarvan in kennis.

3.2.4.4 **Afkondiging van beroep en verklarings**

(i) Die ontvangs en die aanneming of bedanking van ’n beroep word telkens by die eersvolgende erediens van die gemeente waar die beroepene werksaam is, afgekondig.

(ii) Die afkondiging van die beroep geskied vir drie agtereenvolgende Sondae by al die eredienste van die beroepende gemeente.

(iii) Besware teen die leer en/of lewenswandel van die beroepene word nie later nie as die derde kalenderdag na die laaste afkondiging skriftelik ingedien by die kerkraad wat daarmee handel.

(iv) Na ontvangs van die skriftelike verklaring dat die beroep aangeneem is, stuur die kerkraad van die beroepende gemeente ’n verklaring aan die skriba van die ringskommissie dat die beroep afgekondig is en dat daar nie beswaar teen die beroepene was nie.

(v) Die ringskriba stuur binne sewe kalenderdae na ontvangs van bogenoemde dokumente, die akte van goedkeuring van die beroep aan die beroepende kerkraad, en gee daarmee toestemming dat die predikant bevestig of die proponent georden mag word.

(vi) Indien die voorsitter en skriba van die ringskommissie ’n beroep nie in orde vind nie, word die beroepene en die beroepende kerkraad binne sewe dae daarvan in kennis gestel met vermelding van redes.

3.2.5 ORDENING EN BEVESTIGING

(i) Ordening of bevestiging vind na oorleg met die betrokke ringskommissies so spoedig moontlik na aanneming van ’n beroep plaas.

(ii) Ordening of bevestiging met die oog op ’n benoeming vir ’n besondere opdrag word op versoek van die ringskommissie of Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, na gelang van die geval, in ’n gemeente gedoen.

(iii) Ordening of bevestiging word deur die konsulent of predikant van die gemeente waargeneem met gebruikmaking van die formulier.

(iv) Met toestemming van die kerkraad en konsulent kan die beroepene deur ’n ander predikant georden of bevestig word.

(v) Die predikant wat die ordening of bevestiging waarneem, maak vooraf seker dat goedkeuring deur die ringskommissie daartoe verleen is.

(vi) Die kerkraad berig aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat die ordening of bevestiging plaasgevind het.

(vii) Die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering reik, ná die ordening van ’n proponent, ’n akte van ordening uit.

3.2.5.1 **Voorregte van ’n proponent**

(a) ’n Proponent het die voorreg om

* die Woord te verkondig
* voorbidding vir alle mense te doen
* eredienste te lei
* beproefdes te vertroos
* huwelike te bevestig
* begrafnisdienste te lei.

(b) ’n Proponent het nie die voorreg om

* die sakramente te bedien
* ampsdraers te bevestig
* openbare belydenis van geloof af te neem
* vergaderings van die ampte te lei
* die seën uit te spreek nie.

3.2.6 DIENSWERK VAN PREDIKANTE IN GEMEENTES

Predikante in gemeentes

(i) verkondig die Woord en bedien die sakramente soos bepaal deur die Kerkorde

(ii) besoek die lidmate van die gemeente volgens die bedieningsplan wat deur die kerkraadsvergadering bepaal word

(iii) besoek nuwe intrekkers

(iv) vertroos beproefdes en sien om na siekes, verswaktes en almal in nood

(v) doen voorbidding vir alle mense

(vi) rus kategete toe vir hulle taak en gee self kategese

(vii) neem die openbare belydenis van geloof af

(viii) help ouderlinge met die geloofstoerusting van jongmense

(ix) oordink by elke geleentheid die Bybelse inhoud om lidmate toe te rus vir hulle dienswerk in die wêreld

(x) bevestig ampsdraers

(xi) sien toe dat in die gemeentelike bedieningsplan voorsiening gemaak word vir die bearbeiding van buitekerklikes en ongelowiges, en neem die leiding in hierdie verband

(xii) bevestig huwelike

(xiii) lei vergaderings

(xiv) lei begrafnisdienste

(xv) doen planmatige studie in die teologie

(xvi) is saam met die kerkraad verantwoordelik vir die stoflike en administratiewe belange van die gemeente

(xvii) is saam met die ouderlinge verantwoordelik vir opsig en tug oor lidmate

(xviii) is saam met die diakens verantwoordelik vir die versorging van hulpbehoewendes

(xix) doen verslag aan die kerkraadsvergadering oor die ampswerk.

3.2.7 PREDIKANTE MET AMPSVOORREG

(i) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan enige predikant met ampsvoorreg oproep tot ’n gesprek met betrekking tot die predikant se kerklike betrokkenheid, teologiese kennis, of toepaslike vaardighede.

(ii) Indien die predikant se kerklike betrokkenheid, kennis of vaardighede nie na wense is nie, word die predikant deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir pastorale hulp, verdere opleiding of begeleiding verwys.

3.2.8 VERHUISINGSKOSTE

(i) Die kerkraad wat ’n predikant of proponent beroep, dra die verhuisingskoste soos ooreengekom.

(ii) As ’n predikant wat nog nie twee jaar in ’n gemeente gedien het nie ’n beroep aanneem, vergoed die beroepende kerkraad die betrokke gemeente pro rata vir elke maand of gedeelte van ’n maand minder as twee jaar, vir die vorige verhuisingskoste.

3.2.9 VERSORGING

(i) By die versorging van ’n predikant word die riglyne van die Algemene Kerkvergadering in ag geneem ten opsigte van die volgende:

(a) Traktement

(b) Mediese en pensioenvoordele volgens voorskrif

(c) Behuising

(d) Vervoerkoste

(e) Verlof.

(ii) Versorgingsvoordele kan gewysig word soos in die Kerkorde bepaal.

3.2.10 VERSORGING VAN GESIN NA AFSTERWE VAN PREDIKANT

(i) ’n Predikant wat te sterwe kom se gesin word vir drie maande versorg ooreenkomstig die bestaande versorgingsvoordele

(a) deur die kerkraad van die gemeente waarin die predikant werksaam was

(b) deur die kerkraad van die gemeente waarheen ’n beroep aanvaar is, mits die predikant al reeds van die vorige gemeente losgemaak is.

(ii) Bogenoemde reëling geld ook vir predikante wat benoem is vir ’n besondere opdrag.

3.2.11 EMERITAAT

(i) Emeritaat word verleen aan die einde van die maand waarin die predikant die ouderdom van 65 jaar bereik.

(ii) Emeritaat kan op versoek van ’n predikant verleen word na bereiking van die ouderdom van 55 jaar.

(iii) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering reik die akte van emeritaat uit na oorleg met die betrokke kerkraad of opsighoudende vergadering.

(iv) Emeritaatvoorreg kan na ontheffing uit die amp nie weer herstel word nie, behalwe in gevalle waar die aftreeouderdom nog nie bereik is nie.

(v) ’n Predikant wat emeriteer, word nie weer beroepbaar gestel nie.

(vi) ’n Geëmeriteerde predikant kan met deeltydse versorging in gemeentes werksaam wees. Hy of sy word na sodanige gemeente beroep en verrig volledig ampswerk.

(vii) ’n Ring of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan ’n geëmeriteerde predikant per ooreenkoms aanwend.

3.2.12 MEDIESE ONGESKIKTHEID

(i) ’n Predikant doen self by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en by die Kerk se pensioenfonds aansoek om medies ongeskik verklaar te word, of daar word deur ’n naasbestaande of die kerkraad daarvoor aansoek gedoen.

(ii) Mediese ongeskiktheid van predikante word bestuur ooreenkomstig die bepalings van die Versekeraar se polis vir bestuurde gesondheidsorg en die reëls van die Kerk se pensioenfonds.

(iii) Die kerkraad, in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, maak die predikant van ampspligte los wanneer verklaar is dat die predikant medies ongeskik is om ampspligte te vervul.

(iv) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit, na oorleg met die predikant wat medies ongeskik verklaar is, of ampsvoorreg behou word, en reik ’n akte van losmaking of ’n akte van ontheffing uit.

3.2.13 HERTOELATING NA MEDIESE ONGESKIKTHEID

(i) ’n Persoon wat ná mediese ongeskiktheid sodanig herstel het dat die ampspligte van ’n predikant hervat kan word, doen daarvoor aansoek by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en gee kennis aan die Kerk se pensioenfonds en die Versekeraars.

(ii) Mediese ongeskiktheid van predikante word bestuur ooreenkomstig die bepalings van die Versekeraar en die Kerk se pensioenfonds.

(iii) Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarvan oortuig is dat die persoon in staat is om ampspligte te hervat, en die Versekeraar en die Kerk se pensioenfonds daartoe instem,

(a) stel die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die persoon beroepbaar indien die persoon steeds ampsvoorreg geniet

(b) verwys die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die persoon na die Proponentseksamenkommissie indien die persoon nie meer ampsvoorreg geniet nie.

(iv) Indien ’n beroep ná beroepbaarstelling nie aangeneem word nie, tree die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met die persoon in gesprek.

(v) Indien die motivering vir die bedanking van die beroep onaanvaarbaar is, aanvaar die Kommissie dat die persoon tot ’n ander lewenstaat oorgegaan het. Die persoon word onthef met verlies van ampsvoorreg.

3.2.14 LOSMAKING

By die aanneming van ’n beroep na ’n ander gemeente, die benoeming vir of

afhandeling van ’n besondere opdrag, die benoeming as dosent, die goedkeuring van voltydse studieverlof, die goedkeuring van ’n aansoek om losmaking van ’n gemeente of werkopdrag, reik die verantwoordelike liggaam ’n akte van losmaking aan die predikant uit.

3.2.14.1 **Losmaking van predikante wat die land verlaat**

(i) ’n Predikant wat die land verlaat nadat ’n beroep uit die buiteland ontvang is, of wat met bediening in die buiteland wil voortgaan, ontvang van die kerkraad, in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ’n akte van losmaking.

(ii) Ampsvoorreg word in dié gevalle deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op meriete verleen en word jaarliks oorweeg nadat ’n aansoek van die betrokke predikant ontvang is.

3.2.14.2 **Losmaking van ’n gemeente by ooreenkoms**

(i) ’n Predikant, die ringskommissie, die ringsvergadering of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan skriftelik ’n versoek aan die predikant se kerkraad rig dat die predikant van ’n gemeente losgemaak word.

(ii) Die versoek moet redes bevat wat nie verband hou met enige ander grond van losmaking of ontheffing uit die amp wat in die Kerkorde uiteengesit word nie.

(iii) Die kerkraad van ’n predikant se gemeente kan die predikant se losmaking van ’n gemeente ondersoek.

(iv) Die kerkraad, en daarna die ringskommissie, kan na oorweging van die versoek en na gesprekvoering met die predikant, skriftelik aanbeveel dat

(a) losmaking in belang van die gemeente of die predikant en die gemeente is of nie

(b) losmaking met of sonder die behoud van ampsvoorreg geskied

(c) losmaking met of sonder voorwaardes geskied, en indien voorwaardes voorgestel word, wat daardie voorwaardes is.

(v) Nadat die predikant skriftelik tot losmaking ingestem het, word die voorwaardes waarop losmaking sal plaasvind, deur die kerkraad in die vorm van ’n ooreenkoms tussen die gemeente en die predikant uiteengesit.

(vi) ’n Predikant wat versoek om losgemaak te word, onderteken terselfdertyd ’n onderneming om geen eise teen die gemeente of die Kerk in te stel nie. Indien die versoek om losmaking toegestaan word, word so ’n vrywaring ingesluit in enige ooreenkoms wat met die losmaking gepaard gaan.

(vii) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan, nadat die aanbevelings van die kerkraad en die ringskommissie asook die voorgestelde ooreenkoms, na gelang van die geval, en na aanhoor van die predikant en nadat alle feite oorweeg is, besluit of die predikant met of sonder behoud van ampsvoorreg losgemaak moet word. ’n Akte van losmaking word deur die kerkraad verleen en ’n akte van ontheffing word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen ooreenkomstig dié besluit.

(viii) ’n Predikant wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van sy of haar gemeente losgemaak word, is nie dadelik na dieselfde gemeente beroepbaar nie.

(ix) ’n Predikant wat van ’n gemeente losgemaak word, kan met instemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering weer beroep word.

(x) ’n Gemeente wat wil beroep nadat ’n predikant van die gemeente losgemaak is, kan met instemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering weer ’n predikant beroep.

3.2.14.3 **Bedanking**

(i) ’n Predikant kan nie bedank of van die amp onthef word op ’n ander wyse as wat die Kerkorde bepaal nie.

(ii) ’n Predikant wat bedank op ’n ander wyse as deur die Kerkorde bepaal, word geag onmiddellik uit die amp onthef te wees.

3.2.14.4 **Verandering van lewenstaat**

(i) ’n Predikant wat van voorneme is om van lewenstaat te verander, stel die plaaslike kerkraad onmiddellik daarvan in kennis.

(ii) Die kerkraad voer ’n gesprek met die predikant, en stel die ringskommissie daarvan in kennis.

(iii) Die ringskommissie voer ’n gesprek met die predikant oor die voorneme, en lê die besluit en verslag daaroor aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor vir bekragtiging.

(iv) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering behandel die verslag en voer, indien nodig, ook ’n gesprek met die predikant.

(v) Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarvan oortuig is dat die predikant by die voorneme bly, bepaal die Kommissie die datum waarop die predikant uit die amp onthef sal word, of die Kommissie onthef die predikant onmiddellik van ampsvoorreg. ’n Akte van losmaking word deur die kerkraad verleen en ’n akte van ontheffing word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen ooreenkomstig dié besluit.

(vi) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwittig die ringskommissie, kerkraad en die Kerk se pensioenfonds dadelik van die besluit, en maak dit in die Kerk bekend.

3.2.14.5 **Onbekwaamheid as predikant**

(i) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan ’n predikant sonder tughandeling onthef van ampsvoorreg indien dit tydens ’n ondersoek blyk dat die predikant vanweë mediese of ander redes onbekwaam is om die dienswerk, soos bepaal in die Kerkorde, te verrig.

(ii) Gedurende die ondersoek word die predikant, wat geregtig is op bystand deur ’n lidmaat van die Kerk, aangehoor.

(iii) ’n Beroep teen ’n beslissing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word gedoen by die Algemene Kerkvergadering.

(iv) Indien die predikant onbekwaam bevind word, reik die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ’n akte van ontheffing uit en stel die Kerk se pensioenfonds dadelik in kennis.

(v) Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of die Tugkomitee die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad ’n akte van losmaking uit omdat die predikant weens sy of haar ontheffing nie kan voortgaan as predikant nie.

(vi) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwittig die ringskommissie, kerkraad en die Kerk se pensioenfonds dadelik van die besluit, en maak dit in die Kerk bekend.

(vii) Die gemeente handel sy verpligting as werkgewer af.

3.2.14.6 **Wangedrag as predikant**

(i) ’n Bevoegde vergadering kan ’n predikant van ampsvoorreg onthef indien dit na ’n ondersoek, soos omskryf in die Kerkorde, blyk dat die predikant skuldig is aan wangedrag.

(ii) Die gemeente handel sy verpligting as werkgewer af.

(iii) Wangedrag sluit onder meer die volgende in:

(a) Volharding met ’n dwaalleer

(b) Ernstige versuim van ampspligte

(c) Misbruik van ampsvoorreg

(d) Volharding in verset teen die Kerkorde en besluite van die vergaderings van die ampte

(e) Optrede wat onmin en skeuring in die gemeente, ring en Kerk veroorsaak

(f) Optrede wat nie die amp van dienaar van die Woord waardig is nie.

3.2.15 HERTOELATING

(i) ’n Lidmaat wat vroeër uit die amp onthef is en weer predikant wil word, doen skriftelik aansoek om hertoelating tot die predikantsamp by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

(ii) Aansoek om hertoelating tot die predikantsamp kan eers twee jaar na ontheffing uit die amp geskied, tensy die lidmaat geldige en goeie gronde kan aanvoer waarom hierdie periode verkort behoort te word. Die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die periode te verkort al dan nie is egter finaal.

(iii) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan besluit om met opgaaf van redes nie ’n aansoek te hanteer nie.

(iv) Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om die aansoek te hanteer, word die aansoek volgens die reglement vir toelating en opleiding hanteer.

3.2.16 PROSEDURE VIR HANTERING VAN BEROEPAFWAGTENDES

3.2.16.1 **Beroepafwagtendes**

(i) Beroepafwagtendes is proponente en predikante wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beroepafwagtend verklaar is.

(ii) Beroepafwagtendes moet jaarliks voor 31 Oktober by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aansoek doen om behoud van ampsvoorreg of preekvergunning onderskeidelik. Beroepafwagtende predikante en proponente wat versuim om aansoek te doen om behoud van voorregte, verbeur dit outomaties op 1 Januarie die volgende jaar.

3.2.17 KONSULENTSWERK

(i) ’n Konsulent kom so ver moontlik die ampspligte van ’n predikant in ’n vakante gemeente na.

(ii) Indien die eerste en tweede konsulente nie in staat is om die verpligtinge na te kom nie, word die ringskommissie daarvan in kennis gestel.

(iii) Die konsulent tree as voorsitter van die kerkraad op

(a) om ’n predikant wat ’n beroep aangeneem het van die gemeente los te maak

(b) om ’n beroepsvergadering te lei

(c) wanneer ’n predikant emeriteer of uit die amp onthef word

(d) wanneer die predikant met verlof is

(e) in enige saak waarby die predikant na die oordeel van die kerkraad en/of ringskommissie betrokke is.

(iv) Die kerkraad van ’n gemeente sonder 'n predikant kan, as omstandighede dit vereis, ’n ouderling kies om ’n kerkraadsvergadering te lei, waarna die volgende prosedure gevolg word:

(a) Die besluite wat geneem is word vir goedkeuring aan die konsulent voorgelê

(b) Die konsulent weier slegs om die besluite goed te keur as dit in stryd is met die Bybel, die Kerkorde en besluite van die bykomende vergaderings

(v) Die konsulent tree as voorsitter van die kerkraadsvergadering op

(a) in tugstappe waarby familie van die voorsitter betrokke is

(b) waar die predikant die klaer is.

(vi) ’n Kerkraad betaal ’n konsulent se reiskoste en verskaf gratis huisvesting.

(vii) Konsulente kan aan ’n ander predikant toestemming gee om van hulle pligte na te kom.

(viii) Beroepafwagtende predikante en proponente wat tydelik met toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in ’n gemeente werksaam is, tree nie as konsulent in ’n ringsgemeente op nie.

3.2.18 PREDIKANTE MET BESONDERE OPDRAG

3.2.18.1 **Predikante wat teologie doseer**

(i) Teologiedosente word aan die Universiteit van Pretoria aangestel volgens die bepalings van die kontrak wat tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Universiteit van Pretoria bestaan.

(ii) Wanneer ’n vakature ontstaan, voer die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek oor moontlike kandidate.

(iii) Waar verteenwoordigers van die Kerk op ’n aanstellingskomitee sitting neem, neem hulle die belange van die Kerk in ag.

(iv) Teologiedosente is verantwoordelik vir die opleiding van teologiestudente, die bevordering van teologie in die Kerk en advies aan amptelike vergaderings van die Kerk.

(v) Teologiedosente hou hulle besig met wetenskaplike navorsing op die terrein van die teologie, in belang van die Kerk en Universiteit.

(vi) Teologiedosente word in ’n gemeente bevestig.

(vii) Teologiedosente neem aktief deel aan rings- en gemeentelike werksaamhede met volle sittingsreg.

3.2.18.2 **Predikante met opdrag van die Algemene Kerkvergadering, ’n ringsvergadering of kerkraadsvergadering**

(i) ’n Gemeente beroep ’n predikant vir ’n besondere opdrag.

(ii) Die Algemene Kerkvergadering, ’n ringsvergadering of kerkraadsvergadering gee sodanige besondere opdrag aan ’n predikant in oorleg met die kerkraad.

3.2.18.3 **Geëmeriteerde predikant in deeltydse bediening**

(i) ’n Geëmeriteerde predikant kan deeltyds op versoek van ’n kerkraad, met toestemming van die ringskommissie of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ampswerk verrig in ’n gemeente of in ’n ander werkruimte.

(ii) Emeriti se werkopdrag word deur die kerkraad in oorleg met die ringskommissie goedgekeur.

(iii) In alle gevalle word sodanige predikant beroep na ’n gemeente. Die opsighoudende vergadering sien, in oorleg met die kerkraad, toe dat die opdrag en vergoeding ooreenstem.

3.3 OUDERLINGE EN DIAKENS

3.3.1 VERKIESING

(i) Ouderlinge en diakens word by ’n gemeentevergadering verkies deur lidmate wat nie onder sensuur is nie.

(ii) Die gemeentevergadering kan, naas die kerkraad, nog nominasies byvoeg.

(iii) Een van die voorgestelde persone word verkies met ’n meerderheid van stem.

(iv) Lidmate wat verkies is, word deur die skriba in kennis gestel.

3.3.2 BEKENDMAKING

Die name van lidmate wat verkies is, word op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens aan die gemeente bekend gemaak.`

3.3.3 BESWARE

(i) Besware teen die leer of lewe van verkose lidmate word binne drie dae na die laaste afkondiging skriftelik by die kerkraad ingedien.

(ii) Lidmate teen wie besware geopper word, word opgeroep vir gesprek om oor die besware te handel.

3.3.4 BEVESTIGING

Lidmate teen wie geen geldige besware bestaan nie, word, na kerkraadskategese, tydens ’n erediens in die amp bevestig met gebruikmaking van die toepaslike formulier.

3.4 OUDERLINGE

Ouderlinge

3.4.1 doen hulle dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by bevestiging en die gemeentelike bedieningsplan

3.4.2 bestudeer gereeld die Bybel en dink na oor die aard en inhoud van die geloof aan die hand van die belydenisskrifte en die kerklike literatuur om hulle taak behoorlik te kan verrig

3.4.3 dra saam met die predikante medeverantwoordelikheid vir die bediening van die Woord en sakramente

3.4.4 rus die gemeente toe vir pastorale en missionale bediening

3.4.5 besoek die gesinne, lidmate en ampsdraers in die wyke in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan, waartydens die Bybel gelees, gebid en ’n kerklike gesprek gevoer word

3.4.6 besoek saam met die predikant die gesinne en lidmate in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan

3.4.7 besoek en ondersteun die gesinne en lidmate wat in beproewing verkeer of probleme ondervind, indien nodig, saam met die diaken of predikant

3.4.8 besoek nuwe intrekkers

3.4.9 spoor die kinders van hulle wyke aan en sorg dat hulle die eredienste en die gemeentelike aktiwiteite bywoon

3.4.10 gee self ook kategese waar nodig

3.4.11 bevorder die opvoeding van die kinders van die Kerk

3.4.12 sorg vir die voortgesette toerusting van lidmate, en moedig hulle aan om by die dienswerk van die gemeente betrokke te raak

3.4.13 evangeliseer kerkvervreemdes en kerkloses

3.4.14 lei lees- en begrafnisdienste indien nodig

3.4.15 is medeverantwoordelik vir die ordelike bestaan van die gemeente

3.4.16 is saam met die diakens verantwoordelik vir die insameling van offergawes

3.4.17 doen konsistoriegebede en neem deel aan die liturgie soos in die Diensboek uiteengesit

3.4.18 stel ’n voorbeeld aan die gemeente deur self

(i) eredienste getrou by te woon en deel te neem aan die sakramente

(ii) huisgodsdiens te hou, die Woord van God ywerig te bestudeer en daarvolgens te lewe

(iii) kerkraads- en gemeentevergaderings, en gemeentelike byeenkomste by te woon.

3.5 **DIAKENS**

Diakens

3.5.1 doen hulle dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by bevestiging en die gemeentelike bedieningsplan

3.5.2 bestudeer gereeld die Bybel en dink na oor die aard en inhoud van die geloof aan die hand van die belydenisskrifte en die kerklike literatuur om hulle taak behoorlik te kan verrig

3.5.3 lig die predikant in oor die nood in die gemeente en gemeenskap met die oog op voorbidding

3.5.4 besoek, soos deur die kerkraad bepaal, gesinne en lidmate in die wyke, en samel offergawes in

3.5.5 bewys barmhartigheid aan lidmate in die gemeente en aan die gemeenskap

3.5.6 gee leiding en verleen hulp aan gelowiges om barmhartigheid te bewys

3.5.7 rus lidmate toe om self ook barmhartigheid te bewys

3.5.8 doen diens by die nagmaaltafel en erediens

3.5.9 sorg vir ordelikheid by die erediens

3.5.9.1 stel ’n voorbeeld aan die gemeente deur self

(i) eredienste getrou by te woon en deel te neem aan die sakramente

(ii) huisgodsdiens te hou, die Woord van God ywerig te bestudeer en daarvolgens te lewe

(iii) kerkraads- en gemeentevergaderings, en gemeentelike byeenkomste by te woon.

4. VERGADERINGS VAN AMPTE

ORDEREËL 4

Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk. Ampsdraers is dienaars van Jesus Christus wat in vergaderings van die ampte byeenkom. Hulle opdrag behels verkondiging, toerusting, opbouing, versorging, beskerming, regering en leiding in die Kerk.

Die een vergadering heers nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander nie.

4.1 Vergaderings neem besluite op grond van die Bybel

(i) in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk en die Kerkorde

(ii) met inagneming van die gebruike van die Kerk.

4.2 Elke vergadering behandel die sake wat deur die Kerkorde aan die vergadering opgedra is.

4.3 ’n Ampsdraer wat behulpsaam is in ’n ander amp, neem sitting met spreekreg op ’n vergadering van die ander amp.

4.4 Die kerkraad is die vergadering van die ampte in die gemeente.

4.5 Bykomende vergaderings wat deur afgevaardigdes van die ampte gevorm word, is die

(i) Ringsvergadering

(ii) Algemene Kerkvergadering.

ORDINANSIE 4

4.1 KERKRAADSVERGADERING

4.1.1 SAMESTELLING

(i) Die kerkraadsvergadering word uit die diensdoende predikante, ouderlinge en diakens van die gemeente saamgestel.

(ii) Predikante met ’n besondere opdrag, beroepafwagtende predikante en teologiedosente wat lidmate van die gemeente is, neem met spreekreg sitting indien hulle nie na daardie gemeente beroep is nie.

(iii) Emerituspredikante en emeritusteologiedosente wat lidmate van die gemeente is, neem op uitnodiging met spreekreg sitting.

(iv) Verteenwoordigers van organisasies sonder winsbejag betrokke by die NHKA en verteenwoordigers van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging op gemeentevlak, neem op uitnodiging sitting met spreekreg.

(v) Die kerkraad wys ’n skriba, kassier en skriba vir registrasie aan.

(vi) Waar daar meer as een predikant in ’n gemeente is, tree die predikante beurtelings op as voorsitter.

(vii) In ’n vakante gemeente tree die konsulent of ’n verkose ouderling met toestemming van die konsulent op as voorsitter.

(viii) Een derde van die diensdoende ampsdraers vorm ’n kworum.

(ix) By ’n tugondersoek is die predikant of konsulent die voorsitter.

(x) By ’n tugondersoek waar die predikant die klaar is, is die konsulent die voorsitter.

(xi) Die kerkraadsvergadering kan in komitees vergader om aangeleenthede rondom die werkopdrag van ouderlinge en diakens afsonderlik te hanteer.

4.1.2 WERKOPDRAG

Die kerkraad

(i) versorg, beskerm, regeer en lei die gemeente op kerklike wyse

(ii) rus ampsdraers toe en sorg dat hulle hulle dienswerk verrig

(iii) bepaal die aantal, tyd en plek van eredienste

(iv) sorg dat by elke erediens ouderlinge teenwoordig sal wees om opsig te hou oor die verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente

(v) sorg dat die erediens so ingerig word dat die etos van die Kerk weerspieël word

(vi) stel, met inagneming van die gemeente se behoeftes, in oorleg met die predikant(e), ’n bedieningsplan vir die gemeente op

(vii) voer gereeld gesprek met die predikant(e) oor hulle geloofslewe, leer, dienswerk en algemene behoeftes

(viii) sorg dat ’n ouderling die pastoriegesin(ne) voor Nagmaal besoek

(ix) moedig ouderlinge aan om mede-ouderlinge en hulle gesinne voor Nagmaal te besoek

(x) sien toe dat die kerklike opsig en tug toegepas word

(xi) sien toe dat toepaslike formuliere gebruik word

(xii) bepaal die tyd en plek van kategese, wys kategete aan en hou opsig oor alle gestaltes van geestelike vorming en kerklike onderrig

(xiii) behandel alle aangeleenthede rondom lidmaatskap van die Kerk in die gemeente

(xiv) sien toe dat lidmate toegerus word sodat die gemeente ’n missionêre gerigtheid kan uitleef

(xv) bevorder voortdurend die verdere toerusting van lidmate deur die verspreiding van kerklike en gemeentelike publikasies en Bybelstudie

(xvi) gee leiding aan en hou opsig en toesig oor lidmate, ampsdraers en alle werksaamhede in die gemeente

(xvii) doen aanbevelings met die oog op nominasie van ouderlinge en diakens vir verkiesing deur die gemeentevergadering

(xviii) behandel die verslae oor die werk van die predikant(e), ouderlinge en diakens

(xix) hanteer die uittrede van ampsdraers

(xx) hou toesig oor die argiefstukke, kontroleer jaarliks die inhoud daarvan, sien toe dat die argiefstukke gereeld in die sentrale argief geplaas word en lewer verslag

(xxi) sien toe dat ’n komitee vir diakonaat saamgestel word om saam met die kerkraad aandag te gee aan barmhartigheidsdiens, diakonale toerusting, diakonale diensgroepe, diakonale fondse en goedere waaruit hulpbehoewendes versorg word, en enige ander aangeleentheid wat deur die kerkraad aan die diakens opgedra word

(xxii) is verantwoordelik vir die beroep, bevestiging, versorging en losmaking van predikante

(xxiii) sien toe dat die middele gevind word vir die versorging van die predikant(e) soos ooreengekom

(xxiv) sorg dat die versorgingsvoordele nie sonder wedersydse goedkeuring verander word nie

(xxv) neem besluite oor en is verantwoordelik vir die gemeentelike administrasie

(xxvi) sien toe dat daar van die verwisseling van skriba en/of kassier of adresverandering van die gemeente kennis gegee word aan die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die skriba van die ringsvergadering en die Raad van Finansies

(xxvii) neem besluite oor en waak oor die stoflike belange van die gemeente deur

(a) toe te sien dat die offergawes gereeld ingesamel en inbetaal word

(b) offergawes, vrywillige bydraes, skenkings, erflatings en alle ander fondse in die gemeente te beheer en te administreer

(c) ’n bankrekening vir die gemeente te open en te beheer, en daaruit lopende uitgawes en verpligtinge te betaal

(d) te sorg dat die sinodale offergawes, pensioenbydraes en trustgelde op die bepaalde tye aan die Raad van Finansies, die Kerk se pensioenfonds of ander begunstigdes oorbetaal word soos deur die Algemene Kerkvergadering bepaal

(e) boek te hou soos deur die Algemene Kerkvergadering bepaal

(f) surplusfondse verkieslik by die Raad van Finansies te belê

(g) vaste bates van die gemeente te administreer, te registreer en te verseker

(h) toesig te hou oor die beamptes van die gemeente

(i) na goeddunke ’n finansiële- en advieskommissie te benoem om die kerkraad by te staan om die stoflike belange van die gemeente in ooreenstemming met die opdragte van die kerkraadsvergadering te behartig

(xxviii) sien toe dat notule van alle vergaderings van die ampte, die gemeentevergadering en alle kommissies, gehou en volgens prosedure gelees en goedgekeur word, en alle korrespondensie en dokumentasie van die gemeente afgehandel en bewaar word

(xxix) sorg dat sensus, soos deur die Algemene Kerkvergadering bepaal, gedoen word en daarvan aan die ringsvergadering verslag gelewer word

(xxx) sien toe dat die jaarverslae, soos deur die ringsvergaderings vereis, voltooi en betyds aan die ringskriba besorg word

(xxxi) vaardig ampsdraers, as verteenwoordigers van hulle ampte, af na die bykomende vergaderings van die ampte, en maak voorsiening vir die nodige reis- en verblyfkoste

(xxxii) behandel die verslae van afgevaardigdes na die bykomende vergaderings

(xxxiii) lê die volgende stukke aan die betrokke bykomende vergaderings voor:

(a) geloofsbriewe van afgevaardigdes

(b) registers, notuleboeke wat vereis word, die konsistorieboek en die inventaris van die argief

(xxxiv) dien memoranda, studiestukke, voorstelle, versoekskrifte en beskrywingspunte by die ringsvergadering in

(xxxv) win skriftelike advies vanaf die ringsvergadering en Raad van Finansies in, en lê dit aan die gemeentevergadering voor in verband met ’n voorneme om enige eiendom, insluitende geboue van historiese betekenis, te koop, te vervreem of ’n gebou op te rig of te sloop voordat die gemeentevergadering daartoe magtiging gegee het en die besluit uitgevoer word

(xxxvi) roep na goeddunke kommissies in die lewe om voorgeskrewe opdragte uit te voer, mits dit nie in stryd is met die Kerkorde nie

(xxxvii) bevorder die diens van barmhartigheid in die gemeente

(xxxviii) sien toe dat jaarliks verslag gedoen word aan die ringsvergadering oor diakonale werksaamhede en werksaamhede van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging

(xxxix) tref reëlings waar moontlik vir hulp in noodsituasies wat so deur die Kerk, die ring of die gemeente as sodanig geïdentifiseer is

(xl) sien toe dat die diakonale fonds sover as moontlik aangevul word deur

(a) offergawes by die Nagmaaltafel

(b) offergawes by die erediens

(c) oorbetalings van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en bydraes, skenkings en erflatings

4.1.3 **WERKWYSE**

Die kerkraad

(i) vergader minstens vier keer per jaar en verder so dikwels nodig, en word met Skriflesing, gebed en sang geopen

(ii) bepaal jaarliks vooruit die datum, tyd en plek van vergaderings

(iii) kom in ’n buitengewone vergadering byeen, soos bepaal deur die voorsitter en skriba, en waarvan minstens vyf dae voor die vergadering deur die skriba kennis gegee word met vermelding van die doel van die vergadering

(iv) kan oor dringende sake vóór of ná ’n erediens besluite neem, mits ’n kworum teenwoordig is, ’n besluit eenparig geneem word en die besluite in die konsistorieboek aangeteken word

(v) sien toe dat konsistoriebesluite by die eersvolgende geskeduleerde vergadering bekragtig word

(vi) kerkrade sien toe dat herderlike briewe en kanselboodskappe al die lidmate in die gemeente bereik

(vii) sien toe dat die gemeentelike verpligtinge nakom word

(viii) wys ’n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die gemeente met sake handel wat op nakoming betrekking het

(ix) is bevoeg om riglyne vir hulle eie vergaderings op te stel, mits dit nie strydig is met die Kerkorde nie.

4.2 RINGSVERGADERING

4.2.1 SAMESTELLING

’n Ringsvergadering is ’n bykomende vergadering van die ampte, gevorm deur ampsdraers wat deur kerkraadsvergaderings van die gemeentes binne die ring afgevaardig is as verteenwoordigers van hulle ampte.

(i) Die ringsvergadering word saamgestel uit

(a) predikante wat met ’n beroepsbrief aan ’n gemeente van die ring verbind is

(b) twee kerkraadslede uit elke kerkraadsvergadering

(c) beroepafwagtende predikante en proponente wat binne die ring woon met spreekreg

(d) ’n aangewese lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg

(e) ’n verteenwoordiger van die Komitee vir Diakonaat met spreekreg

(f) emerituspredikante, emeritusteologiedosente wat binne die ring woon, predikante met besondere opdrag en teologiedosente wat in ’n ander ring woon, op uitnodiging met spreekreg

(g) ’n verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging met spreekreg

(h) ander predikante wat uitgenooi word na die vergadering met spreekreg.

(ii) Ouderlinge en diakens word nie na meer as drie agtereenvolgende vergaderings afgevaardig nie, tensy daar goeie gronde aan die ringskommissie gegee word waarom dit nie anders kan plaasvind nie.

4.2.2 WERKOPDRAG

Die ringsvergadering

(i) bevorder kerklike dienswerk in die gemeentes en die ring

(ii) hou opsig oor en gee leiding aan gemeentes, die dienswerk van die ampsdraers en die vergaderings van die ampte

(iii) oefen opsig en tug uit oor ouderlinge en diakens en vergaderings van die ampte

(iv) oefen opsig uit oor alle predikante in die ring

(v) handel alles af in verband met die stigting, grense, samesmelting en ontbinding van gemeentes

(vi) hanteer die losmaking, bepaling en wysiging van predikante se dienswerk in oorleg met die kerkraad

(vii) sien toe dat die ringskommissie visitasiekommissies bestaande uit minstens een predikant, een ouderlinge en een diaken benoem wat

(a) leiding, toerusting en motivering aan ampsdraers vir hulle dienswerk gee

(b) die eenheid tussen gemeentes handhaaf deur saam met die ampsdraers vanuit die Bybels-reformatoriese teologie oor die opbou van die gemeente en hervorming van die gemeentelike praktyk te besin

(c) herderlike besoeke by die predikante, emerituspredikante en emeritus teologiedosente en hulle gesinne aflê

(d) die Bybels-reformatoriese teologie by predikante bevorder

(e) die boeke van kerklik-administratiewe aard nasien

(f) die situasie evalueer in gemeentes waar predikante slegs gedeeltelik versorg word, en aanbevelings maak

(viii) sien toe dat visitasie soos volg plaasvind:

(a) gemeentes word elke jaar besoek

(b) die visitasiekommissie stel die agenda vir visitasie saam, in oorleg met die ringskommissie, met die gesamentlike jaarverslag as raamwerk

(c) die visitasiekommissie bepaal of nakoming binne die werkruimte van die gemeente aktief en op ’n verantwoordelike wyse geskied

(d) die visitasiekommissie doen, direk na die visitasie, verslag aan die ringskommissie wat die verslag beoordeel en verder handel

(e) die ringskommissie doen, wanneer nodig, self visitasie

(f) die ringskommissie doen jaarliks aan die ringsvergadering verslag oor visitasies wat gedoen is

(ix) beoordeel memoranda, studiestukke, voorstelle, versoekskrifte en beskrywingspunte wat kerkrade, ampsdraers en lidmate na die Algemene Kerkvergadering wil deurstuur

(x) beoordeel studiemateriaal, ander stukke en beskrywingspunte wat ontvang is van ander ringsvergaderings of van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wat voorgelê word vir opname in die agenda van die Algemene Kerkvergadering

(xi) sien toe dat ’n ringskomitee vir diakonaat saamgestel word, roep, indien nodig, ander komitees in die lewe, en stel toepaslike reglemente op

(xii) benoem voorsitters vir ringskomitees en sien toe dat hulle funksioneer

(xiii) behandel die notule van die vorige Algemene Kerkvergadering en sien toe dat ter sake besluite uitgevoer word

(xiv) gee aandag aan verslae wat in die agenda opgeneem is, naamlik van die

(a) ringskommissie

(b) ringskomitees

(c) komitees wat stukke, genoem in die ordinansies, nagegaan het

(xv) sien toe dat alle finansiële state van die gemeentes jaarliks geouditeer word. Gemeentelike state word deur die kerkraad en gemeentevergadering goedgekeur

(xvi) gee, wanneer daartoe versoek, skriftelik verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die stoflike en administratiewe aangeleenthede van die gemeentes in die ring

(xvii) adviseer, wanneer daartoe versoek, die Raad van Finansies oor die stoflike belange binne gemeentes, die ring en in sinodale verband

(xviii) gee aandag aan die geïdentifiseerde knelpunte en probleme van die kerklike lewe op gemeentelike en ringsvlak, en tref maatreëls om dit op te los

(xix) sorg by die stigting, samesmelting en ontbinding van gemeentes dat

(a) alle dokumentasie bewaar word

(b) die prosedure soos voorgeskryf in die ordinansies gevolg word

(c) die stoflike en administratiewe handelinge in oorleg met die Raad van Finansies hanteer word

(xx) reël die konsulentskappe vir elke gemeente

(xxi) sien toe dat ’n ringsfonds bestaan

(a) wat deur die ringskommissie beheer en deur die ringskriba geadministreer word

(b) waartoe elke gemeente van die ring ’n vasgestelde heffing bydra

(c) waaruit die reis- en verblyfkoste van lede van die ringskommissie, koste van vergaderings, of enige ander uitgawe soos deur die ringsvergadering besluit, verhaal word

(xxii) kan ook ander fondse stig en sien toe dat alle fondse reglementeel aangewend word in oorleg met die Raad van Finansies

(xxiii) besit regspersoonlikheid tot die mate wat dit nodig is om die funksies van die ringsvergadering en ringskommissie uit te voer

(xxiv) tree op as bykomende vergadering wanneer ’n beroep gedoen word teen die bevinding van ’n ringskommissie

(xxv) sien toe dat aandag gegee word in die ring aan die beplanning, bevordering en koördinering van barmhartigheidsdiens, diakonale toerusting, diakonale diensgroepe, diakonale fondse en goedere waaruit hulpbehoewendes versorg word, en enige ander aangeleentheid wat aan die diakens opgedra is

(xxvi) identifiseer knelpunte en probleme in die uitvoering van die barmhartigheidswerk op gemeentelike en ringsvlak, en tref maatreëls vir oplossings

(xxvii) gee aandag aan die verslae van die kerkraadsvergadering wat ontvang is

(xxviii) behandel die mededelings van die Komitee vir Diakonaat

(xxix) behandel die verslae van die onderskeie organisasies sonder winsoogmerk betrokke by die NHKA

(xxx) handel oor die behoeftes van die organisasies sonder winsoogmerk betrokke by die NHKA, en gee aandag aan die insameling van die heffings wat bepaal is om die barmhartigheidswerk te laat voortgaan

(xxxi) vaardig persone af na toerustingsgeleenthede wat deur die Komitee vir Diakonaat gereël word

(xxxii) doen verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor barmhartigheidsdiens in die ring

(xxxiii) skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk, in oorleg met die Komitee vir Diakonaat

(xxxiv) sien toe dat alle verantwoordelikhede van die ring nagekom word.

4.2.3 **WERKWYSE**

Die ringsvergadering

(i) kom minstens een maal per jaar byeen

(ii) bepaal die datum, tyd en plek van die vergadering, en gee daarvan kennis aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(iii) word deur die skriba van die ringsvergadering deur middel van elektroniese media van die Kerk opgeroep, en deur beskikbaarstelling van die agenda aan elke kerkraad minstens een maand voor die vergadering

(iv) kom in ’n buitengewone sitting byeen, met veertien dae skriftelike kennisgewing, met vermelding van die doel van die vergadering, en sien toe dat dieselfde afgevaardigdes sitting neem, of plaasvervangers met geloofsbriewe wat in orde is en vergesel is van ’n skrywe van die betrokke kerkraad(e) wat die verandering van die afvaardiging motiveer

(v) word onder leiding van ’n predikant van die ring, aangewys deur die ringsvergadering, met Skriflesing, prediking, gebed en sang geopen

(vi) bespreek die implikasies van die teologiese inhoud van die opening

(vii) behandel die verslag oor die geloofsbriewe

(viii) word deur die voorsitter as ’n wettig saamgestelde vergadering verklaar wat bestaan uit afgevaardigdes teen wie se geloofsbriewe geen geldige besware ingebring is nie

(ix) behandel die besware teen geloofsbriewe

(x) kies uit die aanwesige ampsdraers van die ring ’n voorsitter en skriba, met inagneming van die beginsel dat ’n ampsdraer nie vir meer as drie jaar na mekaar as voorsitter of as skriba gekies sal word nie. Die nuutverkose kommissie se werksaamhede neem ’n aanvang na die vergadering

(xi) begin met die werksaamhede soos uiteengesit in die agenda

(xii) kies tydens die sitting nog vier ampsdraers uit die lede van die vergadering om saam met die voorsitter en skriba die ringskommissie te vorm, met inagneming van die beginsel dat ’n ouderling of diaken nie vir meer as drie jaar na mekaar gekies sal word nie

(xiii) kies tydens die sitting sekundi vir die lede van die ringskommissie wat sitting neem wanneer ’n verkose lid ’n vergadering nie kan bywoon nie of wanneer ’n vakature ontstaan

(xiv) vul vakatures wat onder sekundi ontstaan aan uit lede wat die ringsvergadering bygewoon het, of, as dit nie moontlik is nie, uit die ander ampsdraers van die ring

(xv) verkies nie lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as lede van die ringskommissie nie

(xvi) nooi lede van die ringskommissie, wat nie weer na die ringsvergadering afgevaardig is nie, uit om sitting te neem met spreekreg totdat die verslag van die ringskommissie behandel is

(xvii) sien toe dat onreëlmatighede wat uit die verslae aan die ringsvergadering blyk, reggestel word

(xviii) wys ’n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die ring met sake handel wat op nakoming betrekking het

(xix) reël watter afgevaardigde uit die ring ’n memorandum, studiestuk, voorstel, versoekskrif of beskrywingspunt wat vir deursending aanvaar is, tydens die Algemene Kerkvergadering sal toelig en motiveer

(xx) gee opdrag aan die skriba van die ringsvergadering om

(a) binne drie weke na afloop van die ringsvergadering die notule af te handel en na kerkrade deur te stuur vir behandeling en kommentaar oor die korrektheid daarvan

(b) binne een maand na afloop van die ringsvergadering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verslag te lewer oor die werksaamhede en besluite van die ringsvergadering.

4.3 RINGSKOMMISSIE

4.3.1 Die ringskommissie voer opdragte van die ringsvergadering uit.

4.3.2 Die ringskommissie tree namens die ring op wanneer die ringsvergadering nie in sitting is nie.

4.4 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Algemene Kerkvergadering is ’n bykomende vergadering van die ampte gevorm deur ampsdraers wat deur kerkraadsvergaderings afgevaardig is as verteenwoordigers van hulle ampte, en verteenwoordig die Kerk.

4.4.1 SAMESTELLING

Die Algemene Kerkvergadering word saamgestel uit

(i) predikante wat per beroepsbrief werksaam is in ’n gemeentelike werkruimte

(ii) een kerkraadslid afgevaardig deur elke kerkraad.

4.4.2 BYWONING

Emeriti, beroepafwagtende predikante en proponente, en lede van die Raad vir Kerkregtelike Advies, almal met spreekreg.

4.4.3 WERKOPDRAG

Die Algemene Kerkvergadering

(i) neem bindende besluite namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate

(ii) neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie, vasstelling en uitvoering van die Kerkorde

(iii) tree op as bykomende vergadering wanneer ’n beroep gedoen word teen ’n bevinding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

4.4.4 WERKWYSE

Die Algemene Kerkvergadering

(i) vergader minstens een keer in drie jaar

(ii) word drie maande voor die sitting skriftelik deur die skriba opgeroep deur kennisgewing aan elke kerkraad en publikasie in elektroniese media

(iii) behandel beskrywingspunte wat ondersteun word deur memoranda, studiestukke, voorstelle of versoekskrifte wat ingedien is deur

(a) die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(b) ringsvergaderings

(c) rade van die Kerk

(d) dienaars van die Woord, kerkrade en kerkraadslede deur die ringsvergadering in wie se werkkring hulle val

(iv) word deur die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in ’n erediens met Skriflesing, prediking, gebed en sang geopen

(v) bespreek die implikasies van die teologiese inhoud van die openingsrede na afloop van die opening

(vi) begin met die werksaamhede onder leiding van die dienende voorsitter

(vii) kies tydens die vergadering, met inagneming van die beginsel dat geen ampsdraer vir langer as drie opeenvolgende termyne op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies word nie, en nie meer as twee termyne dieselfde opdrag uitvoer nie,

(a) uit die aanwesige predikante

* ’n voorsitter en skriba

* ’n visevoorsitter, viseskriba, twee verdere lede en ’n sekunduslid vir elke predikantslid

(b) uit die aanwesige kerkraadslede

* nege lede, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees

* nege sekundi, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees, wat om die beurt gebruik kan word

(viii) sien toe dat van die ses predikantslede op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens twee gemeentepredikante is

(ix) sien toe dat ’n sekundus dieselfde amp beklee as die lid in wie se plek sitting geneem word

(x) se nuutverkose Kommissie begin hulle werksaamhede na afhandeling van die agenda, voor die formele afsluiting van die vergadering

(xi) nooi lede van die uittredende Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat nie weer na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig is nie, uit om die volle vergadering sitting te neem met spreekreg

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(a) sewe persone, van wie minstens vyf predikante is, om te dien op die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding

(b) vyf lede en twee sekundi wat gesamentlik oor voldoende finansiële vaardighede en kennis beskik om aan oudit- en risikobestuur, beleggingsbestuur en algemene finansiële bestuur uitvoering te gee. Skriftelike gemotiveerde nominasies moet voor of tydens die verloop van die vergadering by die Algemene Kerkvergadering ingehandig word

(c) vyf persone om op die Raad vir Kerkregtelike Advies te dien waarvan minstens drie predikante is. Hierdie raad het reg tot koöptering

(d) sewe persone vir die Tugkomitee van wie minstens drie predikante en twee regsgeleerdes is, asook twee sekunduslede, uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie

persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ’n plaasvervanger

(xiii) sien toe dat lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie op die genoemde rade verkies word nie

(xiv) se notule word binne ses maande na afloop van die sitting deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gefinaliseer

(xv) laat toe dat skriftelik gemotiveerde besware teen genotuleerde besluite by die vergadering, of na afloop van die vergadering, by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien word

(xvi) aanvaar gemotiveerde beskrywingspunte, voorstelle en versoekskrifte. Indien ’n beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif finansiële implikasies het wat nie in die begroting van die Raad van Finansies verreken is nie, moet dit aan die vergadering uitgespel word.

(xvii) vervang of wysig, na gelang van die geval, ’n vorige besluit of besluite met die nuutste besluit sonder dat dit nodig is om na vorige besluite wat oor dieselfde of grootliks oor dieselfde onderwerp of onderwerpe as die nuutste besluit handel, te verwys. In die geval van twyfel of ’n besluit ’n ander besluit vervang of wysig, is die uitleg van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in hierdie verband finaal. Die besluit dien by die eersvolgende Algemene Kerkvergadering en kan, soos enige ander besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, bevestig, geskrap of gewysig word, maar is tot dan bindend.

(xviii) se besluite is bindend vanaf die oomblik waarop dit geneem is, tensy die vergadering anders besluit.

4.5 BUITENGEWONE SITTING VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

’n Buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering is ’n voortsetting van die vorige vergadering en

(i) kom byeen wanneer, na die oordeel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, omstandighede, of ’n beroep op die Algemene Kerkvergadering, dit nodig maak

(ii) sien toe dat dieselfde afgevaardigdes van die vorige vergadering sitting neem of plaasvervangers met geloofsbriewe wat in orde is en vergesel is van ’n skrywe van die betrokke kerkraad(e) wat die verandering van die afvaardiging motiveer

(iii) staan onder leiding van die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en word in ’n erediens met Skriflesing, prediking, gebed en sang geopen

(iv) word deur die voorsitter as wettig saamgestel verklaar, en behandel die agenda.

4.6 KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

4.6.1 SAMESTELLING

(i) Die lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word vir drie jaar tydens die gewone sitting van die Algemene Kerkvergadering verkies.

(ii) Met die oog op rotasie dien geen ampsdraer vir langer as drie termyne aaneen op die Kommissie nie, en nie langer as twee termyne in dieselfde werkopdrag nie.

(iii) Die Kommissie bestaan uit

(a) ’n voorsitter

(b) ’n visevoorsitter

(c) ’n skriba

(d) ’n viseskriba

(e) twee predikantslede

(f) nege kerkraadslede

(iv) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg.

(v) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg

(vi) Die sekretaris vir diakonaat met spreekreg

(vii) Die Kommissie kan enige amptenaar, ampsdraer of lidmaat nooi om ’n vergadering(s) by te woon met spreekreg.

(viii) ’n Lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat ophou om die amp te beklee, hou ook op om lid van die Kommissie te wees.

(ix) Wanneer vakatures vir die voorsitter of skriba ontstaan, word die vakatures onderskeidelik deur die visevoorsitter en viseskriba gevul.

(x) Wanneer ’n vakature ten opsigte van kerkraadslede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontstaan, benoem die Kommissie uit die verkose sekundi enige lid om die vakature te vul.

4.6.2 WERKOPDRAG

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(i) bepaal die datum, tyd en plek van die Algemene Kerkvergadering

(ii) gee vergunning aan lidmate om versoekskrifte by die Algemene Kerkvergadering in te dien

(iii) sien toe dat die agenda van ’n gewone sitting van die Algemene Kerkvergadering minstens een maand voor die vergadering aan kerkrade en afgevaardigdes beskikbaar gestel word

(iv) stuur binne ses maande ná die Algemene Kerkvergadering ’n elektroniese besluitebundel aan elke lid van die vergadering

(v) roep ’n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering byeen met ses weke skriftelike kennisgewing met vermelding van die doel van die vergadering

(vi) sien toe dat die agenda vir ’n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering minstens een maand voor die vergadering aan kerkrade en afgevaardigdes beskikbaar gestel word

(vii) keur die notule van ’n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering goed

(viii) gee leiding aan en hou opsig en toesig oor ringsvergaderings, rade en werkgroepe

(ix) lê die Kerkorde uit wat bindend is op ampsdraers en lidmate

(x) voer opdragte van die Algemene Kerkvergadering uit

(xi) handel volgens die bevoegdhede aan die Kommissie opgedra

(xii) tree op as ’n bykomende vergadering wanneer ’n beroep gedoen word teen ’n bevinding van die Tugkomitee, ’n ringsvergadering of die Kuratorium

(xiii) laat kandidate toe tot die evangeliebediening

(xiv) oorweeg aansoeke van voormalige predikante en proponente van die Kerk, asook predikante en proponente van ander kerke wat tot die evangeliebediening wil toetree, en besluit oor toelating

(xv) benoem ná die sitting van die Algemene Kerkvergadering komitees om spesifieke take te verrig

(xvi) benoem ’n Proponentseksamenkommissie in oorleg met die Kuratorium, een lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die Raad van Finansies, en benoem ’n Komitee vir Diakonaat

(xvii) bepaal, koördineer en kontroleer opdragte vir die onderskeie rade en komitees

(xviii) roep, indien nodig, ringskommissies saam in ’n Inligting- en Besprekingsvergadering

(xix) versoek die Moderamen om, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd nodig mag wees, sekere take te verrig om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by te staan. So ’n versoek kan insluit om sekere take af te handel en daaroor aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering terugvoer te gee

(xx) kan vakatures vul wat ontstaan by enige komitee, raad of werkgroep

(xxi) kan by geleentheid amptelik in herderlike skrywes standpunt inneem oor ernstige vraagstukke wat die kerk, gemeenskap of staat raak

(xxii) benoem persone wat in persoonlike hoedanigheid as lede van die maatskappye sonder winsoogmerk, dien

(xxiii) praat, getuig en tree namens die Kerk op wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

4.6.3 WERKWYSE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(i) vergader minstens een keer per kwartaal, en vergaderings word belê deur die skriba in oorleg met die voorsitter

(ii) hou ’n buitengewone vergadering indien ’n skriftelike en gemotiveerde versoek van vyf lede van die Kommissie ontvang is of wanneer die voorsitter en skriba dit nodig ag

(iii) oorweeg en bespreek memoranda, studiestukke, voorstelle, versoekskrifte en beskrywingspunte gerig aan die Algemene Kerkvergadering voordat dit in die agenda opgeneem word

(iv) doen volledig verslag aan die Algemene Kerkvergadering met die geleentheid vir lede om ook minderheidsverslae in te dien.

4.6.4 **MODERAMEN**

4.6.4.1 **Samestelling**

(i) Die Moderamen bestaan uit

(a) ’n voorsitter

(b) ’n visevoorsitter

(c) ’n skriba

(d) ’n viseskriba

(e) enige vier kerkraadslede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en

(f) die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg

(g) die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg

(h) enige lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg.

4.6.4.2 **Werkwyse**

(i) Die Moderamen vergader op datums soos deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vasgestel. Buitengewone vergaderings kom byeen nadat die voorsitter en skriba met mekaar oorleg gepleeg het.

(ii) Die Moderamen voer gesprekke en handel aangeleenthede rakende gemeentes en predikante wat na die Moderamen verwys word af, met terugvoer aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(a) ter voorbereiding van die agenda van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(b) om opdragte wat van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang is, uit te voer

(c) om probleemsituasies wat ontstaan het, te bespreek.

(iii) Die Moderamen kan enige amptenaar, ampsdraer of lidmaat nooi om ’n vergadering(s) by te woon met spreekreg.

4.7 KOMITEE VIR DIAKONAAT

Die Komitee vir Diakonaat is ’n komitee van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat in opdrag van die Kommissie die kollektiewe barmhartigheidswerk van die Kerk koördineer.

4.7.1 SAMESTELLING

Die Komitee vir Diakonaat word saamgestel uit

(i) twee diakens wat op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien

(ii) een predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(iii) die sekretaris vir diakonaat

(iv) hoogstens drie ander lede benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(v) Die Komitee kan verteenwoordigers van die organisasies sonder winsoogmerk betrokke by die NHKA en ander lede koöpteer met adviserende stem

4.7.2 WERKOPDRAG

Die Komitee vir Diakonaat

(i) onderneem studiewerk en besin oor barmhartigheidsdiens

(ii) beplan, bevorder en koördineer die barmhartigheidswerk in en deur die Kerk

(iii) adviseer die Algemene Kerkvergadering, ringsvergaderings en enige ander vergadering van die ampte of liggame oor barmhartigheidswerk, gee riglyne vir die bevordering van barmhartigheidswerk en rus ringe, gemeentes en gelowiges daarvoor toe

(iv) benoem werkgroepe en subkomitees om spesifieke take te verrig

(v) skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk

(vi) behandel die verslae van die onderskeie organisasies sonder winsoogmerk betrokke by die NHKA

(vii) neem kennis van die behoeftes van die organisasies sonder winsoogmerk wat hulp van die Kerk versoek en maak voorstelle aan kerklike liggame oor bydraes vir die diens van barmhartigheid of oor ander maniere waarop die Kerk bystand kan verleen

(viii) neem in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluite oor Algemene Diakonale Fondse

(ix) doen deurlopend verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

4.8 **NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING**

Die Nederduitsch Hervormde Sustersverening is ’n organisasie sonder winsoogmerk van die vrouelidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat in gemeentes tot stand kom om op grond van die algemene priesterskap van die gelowiges, gesamentlik, afsonderlik en georganiseerd uiting te gee aan hulle roeping.

(i) Die vrouelidmate bewys barmhartigheid saam met die diakens en alle ander gelowiges aan lidmate en ander mense in nood.

(ii) Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging lewer ’n bydrae om vroue in die Kerk toe te rus vir hulle dienswerk in die Kerk en die gemeenskap.

(iii) Daar word in elke gemeente daadwerklik gepoog om alle vrouelidmate te betrek wat hulle tot die verwesenliking van hulle gestelde doelwit beywer.

(iv) Fondse word ingesamel en beheer onder leiding van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging ooreenkomstig ’n begroting wat deur die kerkraad goedgekeur is.

(v) Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging formuleer eie doelstellings wat, nadat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit goedgekeur en bekragtig het, ’n riglyn is vir alle vrouelidmate.

(vi) Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging funksioneer onder opsig van die kerkraad.

5. DIE EREDIENS

ORDEREËL 5

Die lidmate, gemeentes en ringe van die Kerk kom gereeld in eredienste byeen.

Die erediens is die middelpunt van die gemeentelike lewe.

Tydens die erediens vind ’n ontmoeting plaas met die drie-enige God.

Die erediens is die fees van die Christelike vryheid waar gelowiges hulle vryheid van sonde, boosheid en die dood vier.

In die erediens word gelowiges onderrig, vertroos en bemoedig.

Die samekoms in ’n erediens versterk die band tussen lidmate en bied die geleentheid vir gesamentlike gebed, sang, belydenis en besinning oor die evangelie.

Eredienste is ook missionaal gerig en dien volgens die Bybel die eer van God, die versterking van die geloof, die geestelike welwese van die gemeente, die beoefening van die gemeenskap van die heiliges, die verspreiding van die evangelie, die diens van barmhartigheid en toerusting van gelowiges.

5.1 PREDIKING

5.1.1 Prediking van die evangelie is die hartklop van die erediens.

5.1.2 Prediking vind plaas uit die Bybel, onder leiding van die Heilige Gees.

5.1.3 Prediking word behartig deur ampsdraers wat daarvoor opgelei is en deur die Kerk toegelaat word.

5.2 SAKRAMENTE

5.2.1 Die sakramente dien om die geloof op te bou, in stand te hou en te versterk.

5.2.2 Die Kerk het twee sakramente, naamlik die Doop en die Nagmaal.

5.2.3 Sakramente is sigbare tekens van God se liefde en beloftes oor sondevergewing en die ewige lewe.

5.2.4 Sakramente word in ’n erediens deur ’n predikant bedien, met gebruikmaking van die toepaslike formulier.

5.2.1 HEILIGE DOOP

(i) Mense word deur die Doop in die kerk van Christus opgeneem.

(ii) Die Doop word eenmalig bedien op grond van die genadeverbond, en is ’n teken en waarborg dat ons sondes deur die offerbloed van die gekruisigde Heer vergewe is.

(iii) Die Doop verkondig die belofte van ’n nuwe lewe in Christus.

(iv) Die Doop verseker ons van die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat ons troos en vernuwe om beelddraers van Christus te wees.

5.2.2 HEILIGE NAGMAAL

(i) Deur die Nagmaal herdenk die gemeente die dood van Christus totdat Hy weer kom.

(ii) Die Nagmaal dien tot versterking van die geloof.

(iii) Die nagmaalsgemeenskap deel met vreugde in die teenwoordigheid van die opgestane Heer.

(iv) Deelname aan die Nagmaal gee uitdrukking aan kerklike eenheid.

(v) Die Nagmaal is ’n heenwysing na die ewige feesmaal wat vir gelowiges voorberei word.

5.3 LITURGIE

5.3.1 Die liturgie dien die eenheid van die Kerk en bevorder die identiteit en etos van die Kerk.

5.3.2 Die volgende liturgiese elemente maak deel uit van ’n erediens: Votum en seëngroet, sang, aanhoor van die wet, geloofs- en skuldbelydenis, genadeverkondiging, gebede, Skriflesing, prediking en die seënbede.

5.4 KERKMUSIEK

5.4.1 Kerkmusiek is ’n gawe van die Here en instrument van die Heilige Gees.

5.4.2 Kerkmusiek gee uitdrukking aan die veelvormigheid van die Christelike geloof en die ekumeniese aard van kerkwees.

5.4.3 Kerkmusiek het saambindende, vertroostende en bemoedigende waarde.

ORDINANSIE 5

5.1 PREDIKING

5.1.1 Die prediking word ingerig binne die riglyne van die liturgiese kalender.

5.1.2 Die prediking geskied binne die raamwerk van die kerklike belydenis.

5.1.3 Daar word gereeld aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek.

5.1.4 Die prediking word waargeneem deur predikante en proponente van die Kerk.

5.1.5 Predikante van ’n ander reformatoriese kerk wat op dieselfde belydenisgrondslag staan as ons, kan ook eredienste lei op uitnodiging van die kerkraadsvergadering, in oorleg met die predikant of konsulent van die gemeente.

5.1.6 Ouderlinge lei eredienste waartydens ’n geskrewe preek van ’n predikant van die Kerk of van ’n predikant van ’n ander kerk wat op dieselfde belydenisgrondslag as ons staan, gebruik word.

5.2 SAKRAMENTE

5.2.1 HEILIGE DOOP

(i) Die Doop word eenmalig in ’n erediens, met gebruikmaking van die toepaslike formulier, in die naam van die drie-enige God deur ’n geordende predikant met water bedien.

(ii) Die Doop word op gepaste Sondae bedien.

(iii) Die Doop word bedien aan kinders van lidmate of persone aan wie die kerkraadsvergadering toestemming verleen het.

(iv) Kinders word nie van die Doop as genadeteken van Christus weerhou nie.

(v) Die gemeente, as doopgetuie, neem saam met die ouers en voogde medeverantwoordelikheid vir die geestelike opvoeding van die dopeling.

(vi) Volwassenes word gedoop nadat hulle oor die doel en betekenis van die Doop onderrig is.

(vii) Missionale werk het ook doopbediening in die oog.

(viii) Lidmaatskap van die gemeente is nie ’n voorwaarde vir die Doop nie.

(ix) Die kerkraad sien toe dat ’n doopregister gehou word.

5.2.2 HEILIGE NAGMAAL

(i) Nagmaal word in ’n erediens, aan tafel, met gebruikmaking van brood en wyn, deur ’n predikant bedien op so ’n manier dat niemand uitgesluit word nie.

(ii) Nagmaal kan ook na goedkeuring van die kerkraadsvergadering buite die erediens bedien word met gebruikmaking van brood en wyn, Woordverkondiging en die formulier vir die Nagmaal.

(iii) Die kerkraadsvergadering bepaal die datums vir die bediening van die Nagmaal, met inagneming van die liturgiese kalender.

(iv) Lidmate word uitgenooi en voorberei op deelname aan die Nagmaal.

(v) Die nagmaalsviering gaan gepaard met danksegging.

(vi) Lidmate van kerke wat die Kerk se belydenis onderskryf, word, as ’n teken van gasvryheid en kerklike eenheid, genooi om saam met die gemeente Nagmaal te vier.

(vii) Gedoopte kinders van die gemeente neem deel aan die erediens waartydens Nagmaal bedien word ter voorbereiding van hulle toekomstige deelname aan die Nagmaal.

5.3 LITURGIE

5.3.1 Eredienste hou rekening met die liturgiese kalender, naamlik, naas elke Sondag, ook die vier Adventsondae, Kersfees, die Epifanietyd, die Lydenstyd, die Heilige Week, die Paastyd, Hemelvaart, Pinkster, Drie-eenheidsondag, die drie Sondae van die eskatologie, Hervormingsondag, herdenkingsgeleenthede van die martelare, dankdag en biddag vir die vrug op die mens se arbeid en Geloftedag.

5.3.2 Eredienste vind plaas aan die hand van riglyne in die Diensboek.

5.3.3 Verkieslik neem ’n ouderling deel aan die gestaltegewing van die liturgie.

5.4 KERKMUSIEK

5.4.1 Die sing en stylvolle instrumentale begeleiding van goedgekeurde liedere is ’n belangrike element van die erediens.

5.4.2 Die Kerk bevorder kerkmusiek deur betrokkenheid by instansies wat hieraan aandag gee.

5.4.3 Lidmate word aangemoedig om deel te neem aan die bevordering van kerkmusiek ook buite die erediens.

6. GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG

ORDEREËL 6

Die kerk van Jesus Christus is ’n blywende leergemeenskap.

Die Kerk onderrig lidmate op verskillende maniere oor die wet en die evangelie.

Lidmate en ampsdraers word voortdurend geestelik gevorm om as dissipels van Jesus Christus te volhard.

Die geestelike vorming van lidmate geskied deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk.

Die huisgesin is ’n eenheid wat saamgebind is deur gemeenskaplike geloof, liefde en trou, en is ’n gemeente in die kleine.

Gemeentes en huisgesinne is saam daarvoor verantwoordelik om kinders met eerbied en liefde vir God op te voed, te vorm en te onderrig.

6.1 KERKLIKE ONDERRIG

6.1.1 Kerklike onderrig vorm ’n belangrike deel van geestelike vorming.

6.1.2 Kerklike onderrig het ook ten doel om diegene wat lid van die Kerk wil word, te begelei.

6.2 GEESTELIKE VORMING

Geestelike vorming is gerig op die hele gemeente.

ORDINANSIE 6

6.1 GEESTELIKE VORMING

6.1.1 Geestelike vorming het ten doel om

6.1.1.1 lidmate toe te rus om as dissipels van Jesus Christus die evangelie met woord en daad na alle mense te bring

6.1.1.2 lidmate, sowel as diegene wat deel wil word van die Kerk, te onderrig in die Woord van God en die leer van die kerk.

6.1.2 Geestelike vorming geskied deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk.

6.2 KERKLIKE ONDERRIG

Met die oog op die vervulling van die priesterskap van die gelowige, rus die Kerk lidmate en ampsdraers toe deur die volgende:

6.2.1 Doopkategese aan huisgesinne, doopgetuies en die gemeente ter voorbereiding vir die Doop

6.2.2 Kategese aan gedoopte lidmate oor die betekenis van hulle Doop

6.2.3 Kategese ter voorbereiding vir die aflegging van geloofsbelydenis en deelname aan die Nagmaal

6.2.4 Kerkraadskategese ter voorbereiding van ouderlinge en diakens op hulle dienswerk

6.2.5 Huwelikskategese aan voornemende egpare ter voorbereiding op die Christelike huwelik

6.2.6 Deurlopende volwasse kategese om alle lidmate en voornemende lidmate te onderrig oor die verskillende aspekte van die Christelike leer en lewe

6.2.7 Lidmate word geestelik gevorm deur die lees van die Kerk se publikasies

6.2.8 Gemeentes en kerkrade stel die kerklike publikasies aan die lidmate bekend en beskikbaar.

6.3 GEESTELIKE VORMING VAN DIE JEUG

6.3.1 Kinders is ’n integrale deel van die gemeente.

6.3.2 Die geestelike vorming van die jeug geskied deur jeugbediening waarvan kerklike onderrig ’n wesenlike deel vorm.

6.3.3 Jeugbediening betrek die jeug by die bediening van die gemeente.

6.3.4 Kerklike onderrig

6.3.4.1 begelei die jeug in die Woord van God en die leer van die kerk

6.3.4.2 leer die jeug oor die betekenis van hulle Doop

6.3.4.3 berei die jeug voor vir die aflegging van geloofsbelydenis en deelname aan die Nagmaal

6.3.4.4 begelei die jeug op die weg van dissipelskap, en rus die jeug toe vir hulle dienswerk in die Kerk en hulle getuienistaak in die wêreld.

6.4 GEESTELIKE VORMING VAN HUISGESINNE

6.4.1 Die geestelike vorming van huisgesinne geskied deur gesinsbediening.

6.4.2 Gesinsbediening het ten doel om huisgesinne

6.4.2.1 bewus te maak dat hulle die primêre verantwoordelikheid dra vir die geestelike vorming van hulle kinders

6.4.2.2 toe te rus om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig volgens die doopbelofte wat hulle afgelê het

6.4.2.3 aan te moedig om hulle kinders te onderrig in die Woord van God en die leer van die kerk, om saam te bid en huisgodsdiens te hou

6.4.2.4 te betrek by die werksaamhede van die gemeente.

7. MISSIONALE BEDIENING

ORDEREËL 7

Op grond van die opdrag aan die kerk, is lidmate en gemeentes van die Kerk gerig op diegene wat van die evangelie vervreemd is, dit nog nie heelhartig aanvaar het nie asook diegene wat dit nie wil of kan glo nie.

Openbare Woordverkondiging vind plaas aanvullend tot die gemeentelike erediens.

Ampsdraers en lidmate wat tydens hierdie geleenthede optree, bly getrou aan die Kerk se teologiese en liturgiese tradisie.

Aanvullend tot die openbare Woordverkondiging kan daar dienste gelewer word aan persone wat nie lidmate van die Kerk is nie.

Hierdie dienslewering het lidmaatskap van die Kerk, gemeentevorming, ekumeniese samewerking of algemene diensbaarheid in die oog.

As verskyningsvorm van die een, heilige, algemene, apostoliese kerk, is die Kerk geroep om eenheid en gemeenskap met ander kerke na te streef en samewerking te bevorder.

7.1 MISSIONALE BEDIENING

7.1.1 Gehoorsaam aan die opdrag van Christus, leef gemeentes missionaal, getuig met woord en daad van God se liefde en leer mense hoe om Jesus Christus te volg.

7.1.2 Lidmate en ampsdraers tree apologeties in vir die waarheid van die evangelie teenoor alle wêreld- en waarheidsbeskouings wat daarmee strydig is.

7.2 MISSIONALE BEDIENING EN EKUMENE

Taal, kultuur en demografiese werklikhede bied besondere uitdagings aan missionale bediening, en daarom werk die Kerk ook saam met ekumeniese vennote.

7.3 KERK EN GEMEENSKAP

Die lidmate en ampsdraers van die Kerk getuig op grond van die wet en die evangelie teenoor die gemeenskap. Die Kerk waarsku en vermaan oor gedrag, lewenswyses en denkpatrone wat die welwese van die gemeenskap skaad.

7.4 KERK EN OWERHEDE

Lidmate en ampsdraers getuig teenoor die owerhede oor wat die Bybel van hulle verwag. Hulle word herinner aan die evangelie wat liefde, reg, geregtigheid, oordeel en vrede verkondig.

7.5 VERBAND MET ANDER KERKE

7.5.1 Die Kerk neem deel aan ekumeniese arbeid in Suid-Afrika en die wêreld.

7.5.2 Die Kerk streef voortdurend daarna om ekumeniese bande met ander kerke uit te bou.

7.5.3 Die Kerk handhaaf die eenheid met kerke waaraan ons met bande van belydenis of van geskiedenis verbonde is, deur betrekkinge met hierdie kerke in stand te hou en uit te bou, en samewerking te bevorder.

ORDINANSIE 7

7.1 MISSIONALE BEDIENING

7.1.1 Aangesien lidmate ook oor die wet en evangelie kan twyfel, begin die Kerk se missionêre werk by die lidmate.

7.1.2 Elke lidmaat en gemeente is geroepe om die evangelie met woord en daad uit te dra na diegene wat nie met die kerk meelewe nie.

7.1.3 Mense wat deur die werking van die Heilige Gees tot bekering in Jesus Christus kom, word gedoop, in gemeentes opgeneem en pastoraal versorg.

7.1.4 Lidmate en ampsdraers is geroepe om onwaarhede oor die evangelie te weerlê, oor die waarheid van die evangelie te getuig en om ’n verduideliking te gee oor die hoop wat binne die kerk lewe.

7.1.5 Pastorale sorg het ’n missionale dimensie wat nie sonder pastorale bewoënheid gedoen word nie.

7.2 MISSIONALE BEDIENING EN EKUMENE

7.2.1 Aangesien die Kerk nie alleen met deurlopende sukses in bepaalde gebiede onder spesifieke taalgroepe missionêr kan werk nie, word hierdie werk in samewerking met ekumeniese vennote gedoen.

7.2.2 Die Kerk neem saam met ekumeniese vennote medeverantwoordelikheid vir die opleiding van evangeliste, sendelinge en predikante aan ’n instelling wat vir dié doel daargestel is.

7.2.3 Daardie instelling neem ook medeverantwoordelikheid vir voortgesette teologiese toerusting en publikasies wat die werk van die vennote mag versterk.

7.2.4 Kerke en gemeentes wat uit die Kerk se missionale bediening ontwikkel, word ondersteun.

7.3 KERK EN GEMEENSKAP

7.3.1 In die lig van die toenemende verwêreldliking van ons samelewing, werk Christene saam om die belange van die kerk te beskerm en te bevorder.

7.3.2 In ’n gees van ekumeniese welmenendheid, versterk die lidmate en die kerke die hande van diegene wat vir die Christelike kultuurbelange intree.

7.4 KERK EN OWERHEDE

7.4.1 Die owerhede word voortdurend verseker van die Kerk se voorbidding.

7.4.2 Lidmate, ampsdraers en vergaderings van die ampte vermaan die owerhede om in verantwoordelikheid teenoor God te regeer.

7.5 BYBELVERTALING EN BYBELVERSPREIDING

7.5.1 Die Kerk neem deel aan die Bybelvertalingsprojekte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

7.5.2 Lidmate en gemeentes koop Bybels aan en versprei dit onder diegene wat nie Bybels het nie.

7.5.3 Belangstellendes word ingelig oor Bybels wat elektronies gratis beskikbaar is.

7.6 OPENBARE WOORDVERKONDIGING EN DIENSLEWERING

7.6.1 Openbare Woordverkondiging vind plaas by geleenthede soos huweliksbevestigings, begrafnisse, Geloftefeeste, en godsdiensoefeninge by werkplekke en opleidingsinstansies.

7.6.2 Die Kerk leef die evangelie uit deur saam met ander kerke, welsynsorganisasies en gemeenskapsprojekte diens te lewer aan verdienstelike instansies en gebiede wat hulp benodig.

7.6.3 Dienslewering dien as ondersteuning van die Kerk se roeping.

7.7 VERBAND MET ANDER KERKE

7.7.1 Die lewe en werk van die Kerk staan in die teken van die kerk se roeping tot eenheid, getuienis en diens.

7.7.2 Die Kerk gee uitvoering aan die eenheid met kerke waaraan ons verbonde is deur:

(i) kerklike betrekkinge te handhaaf

(ii) gesprekke te voer oor geloof, leer en lewe

(iii) onderlinge hulp te verleen

(iv) saam te werk in ekumeniese liggame

(v) gesamentlike eredienste te hou en Nagmaal te vier

(vi) samewerkingsooreenkomste aan te gaan en uit te voer.

7.7.3 Die Kerk getuig teenoor kerke en geloofsgroepe uit ander tradisies en mense met ander godsdienstige oortuigings, deur deel te neem aan gesprekke, die geloof te verduidelik en te verdedig, en tot beter onderlinge begrip en hulpverlening te kom.

8. KERKLIKE DISSIPLINE

ORDEREËL 8

Die Woord van God skep orde en dissipline in die Kerk. Daaruit vloei die verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken. So word die eenheid en eendrag bewaar en bevorder.

8.1 DISSIPLINE IN DIE KERK

8.1.1 Kerklike dissipline is by uitstek ’n kerklike aangeleentheid, en word bevorder deur opsig en tug.

8.1.2 Die kern van kerklike dissipline is onderlinge gesprek.

8.2 ONDERWERPING AAN DISSIPLINE

Lidmate en ampsdraers is aan dissipline onderworpe.

8.3 OPSIG

8.3.1 Opsig spruit voort uit die barmhartigheid van die Here met die bedoeling om die ware diens aan God te onderhou, en die suiwer leer en goeie orde te handhaaf.

8.3.2 Opsig is die verantwoordelikheid van lidmate, ampsdraers en vergaderings om vir mekaar sorg te dra, deur mekaar in liefde by te staan, te bemoedig en tereg te wys.

8.3.3 Lidmate en ampsdraers beroep hulle nie op ’n wêreldlike hof met verbygaan van die opsig nie.

8.4 TUG

8.4.1 Tug is ’n formele handeling van vergaderings met tugbevoegdheid.

8.4.2 Die doel van die tug is om

(i) die eer van God te dien

(ii) die Christelike geloof te beskerm

(iii) dié wat in ongeloof en ongehoorsaamheid aan die Woord van God volhard, tot bekering te roep.

8.5 ONDERWERPING AAN TUGMAATREËLS

8.5.1 Lidmate en ampsdraers is aan tugmaatreëls onderworpe.

8.5.2 ’n Lidmaat of ampsdraer kan teen die bevinding van ’n vergadering ’n beroep doen op ’n bykomende vergadering.

8.5.3 ’n Lidmaat of ampsdraer wat getug word, mag nie met verbygaan van kerklike vergaderings op ’n wêreldlike hof ’n beroep doen nie.

8.6 OPHEFFING EN WYSIGING VAN TUGMAATREËLS

Tugmaatreëls kan opgehef of gewysig word deur die vergadering waarop 'n beroep gedoen is om dit op te hef of te wysig.

ORDINANSIE 8

8.1 OPSIG

(i) Opsig begin met gesprekke wat in liefde tussen lidmaat en lidmaat, lidmaat en ampsdraer, ampsdraer en ampsdraer, ampsdraer en vergadering of tussen vergaderings gevoer word.

(ii) Gesprekke met die oog op die behoud van die regte geloof en lewenswandel vind tussen gelowiges plaas.

8.1.1 BEVOEGDE OPSIGHOUDENDE VERGADERING

8.1.1.1 Die kerkraadsvergadering hou opsig oor lidmate en ampsdraers.

8.1.1.2 Die ringskommissie hou opsig oor ampsdraers wat in die ringsgebied val.

8.1.1.3 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou opsig oor predikante, die lede van vergaderings van ampte op ringsvlak, en lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering.

8.1.2 BESWAARSKRIF

8.1.2.1 Indien gesprekke die saak nie besleg nie, word ’n beswaar skriftelik aan die bevoegde opsighoudende vergadering voorgelê.

8.1.2.2 Die beswaarskrif moet aandui

(i) waar en wanneer die gesprekke gevoer is

(ii) volledige besonderhede van die onderwerp van elke gesprek

(iii) waarom die gesprekke misluk het

(iv) alle inligting wat ter sake mag wees, insluitende enige bewysstuk wat daar mag wees, asook die name en besonderhede van persone wat persoonlik kennis dra van die aangeleentheid waaroor die beswaar gaan en ’n opsomming van wat daardie persone sal kan sê.

8.1.3 HANTERING VAN ’N BESWAARSKRIF

8.1.3.1 ’n Beswaarskrif teen ’n lidmaat of ampsdraer, anders as ’n predikant, word by die kerkraadsvergadering ingedien.

8.1.3.2 ’n Beswaarskrif teen ’n lidmaat word deur die kerkraadsvergadering afgehandel.

8.1.3.3 ’n Beswaarskrif teen ’n ouderling of diaken word deur die ringskommissie afgehandel indien dit nie deur die kerkraadsvergadering afgehandel kan word nie.

8.1.3.4 ’n Beswaarskrif teen ’n predikant word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien en afgehandel.

8.1.3.5 ’n Beswaarskrif teen lede van die vergaderings van ampte op ringsvlak word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering afgehandel indien dit nie deur die ringskommissie afgehandel kan word nie.

8.1.3.6 ’n Beswaarskrif teen lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien en afgehandel.

8.1.4 UITOEFENING VAN OPSIG

8.1.4.1 Indien die verkeerde leer, houding of gedrag van ’n lidmaat, ampsdraer, lid van ’n vergadering, raad of komitee, gemeente of ring nie na bevrediging deur middel van gesprek besleg kan word nie, moet die klaer binne een maand nadat die gesprek misluk het, ’n beswaarskrif soos in Ordinansie 8.1.2 bedoel, aan die bevoegde opsighoudende vergadering voorlê.

8.1.4.2 ’n Opsighoudende vergadering skenk so spoedig moontlik na ontvangs van die beswaarskrif daaraan aandag, voer in liefde gesprekke met die betrokke partye en doen alles moontlik om die saak af te handel.

8.1.4.3 ’n Bykomende vergadering wat oortuig is dat die opsigtaak nie na behore deur ’n bevoegde vergadering uitgevoer word nie, kan self ingryp en die saak besleg.

8.1.4.4 Met ’n lidmaat, ampsdraer, vergadering, komitee of raad wat sonder grondige rede versuim om aan ’n opsiggesprek deel te neem, word verder onder die tug gehandel.

8.1.5 BEROEP OP ’N WÊRELDLIKE INSTANSIE

Indien ’n lidmaat of ampsdraer ’n beroep op ’n wêreldlike instansie doen of aandui dat so ’n beroep op ’n instansie gedoen gaan word om onderlinge geskille uit die weg te ruim sonder om die kerklike weg volledig te volg, word met so ’n persoon onder die opsig en tug gehandel, en sal die lidmaat of ampsdraer aanspreeklik gehou word vir die Kerk se regskoste op ’n prokureur-kliënt-skaal.

8.2 **TUG**

8.2.1 Tug word toegepas deur ’n bevoegde vergadering nadat optrede onder die opsig nie geslaag het nie, indien opsig nie moontlik is nie of waar die optrede van so ’n aard is dat daar summier met verbygaan van die opsig ’n klag gelê word, indien ’n klagskrif ontvang, ondersoek en gegrond bevind is deur die bevoegde vergadering, of indien ’n persoon uit eie beweging te enige tyd skuld sou bely oor ’n oortreding.

8.2.2 ’n Belydende lidmaat of lidmate wat nie onder sensuur is nie, ampsdraer of ampsdraers of opsighoudende vergadering, het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om ’n lidmaat of ampsdraer wat klaarblyklik volhard in ’n verkeerde leer, houding of gedrag, skriftelik by die bevoegde vergadering aan te kla, nadat onder die opsig gehandel is of opsig nie moontlik was nie of indien die optrede van so ’n aard is dat daar summier met verbygaan van die opsig ’n klag gelê behoort te word.

8.3 **VERGADERINGS MET TUGBEVOEGDHEID**

Die bevoegde vergaderings om ’n ondersoek te doen en tug uit te oefen is

(i) die kerkraadsvergadering oor lidmate

(ii) die ringskommissie oor ouderlinge en diakens

(iii) die Tugkomitee oor predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

8.4 **DIE KLAGSKRIF**

8.4.1 ’n Klagskrif moet aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Dit moet skriftelik, duidelik leesbaar wees en binne ’n redelike tyd ingedien word.

(ii) Dit vermeld

(a) die verkeerde leer, houding of gedrag van ’n lidmaat of ampsdraer

(b) enige datum, tydperk, plek en geleentheid van elke oortreding

(c) in watter opsig in ongehoorsaamheid aan die Woord en belydenis opgetree is of die Kerkorde of kerklike besluit oortree is.

(iii) Daar moet duidelik vermeld word hoe daar onder die opsig gehandel is, of waarom daar met verbygaan van die opsig ’n klag gelê word.

8.4.2 Die klagskrif moet deur die klaer en twee getuies wat slegs die klaer se handtekening bevestig, onderteken wees. In die geval waar ’n vergadering die klaer is, moet die klagskrif deur die voorsitter en skriba van die vergadering onderteken wees, en moet die notule waarin die besluit om die lidmaat of ampsdraer aan te kla vervat is, aan die klagskrif geheg word.

8.4.3 Die klagskrif bevat die name en adresse van getuies. Bykomende getuies kan by die klagskrif gevoeg word voor die aanvang van die ondersoek van die klag.

8.5 **OPSKORTING VAN KERKLIKE VOORREGTE EN AMPSPLIGTE**

8.5.1 Indien daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat ’n ampsdraer ’n aanstootlike sonde pleeg of gepleeg het, kan die vergadering met tugbevoegdheid, nadat daardie ampsdraer aangehoor is, die ampsvoorregte van so ’n ampsdraer opskort.

8.5.2 Opskorting van bogenoemde voorregte is slegs voorlopig, en daarom moet die betrokke vergadering toesien dat ’n klagskrif binne sewe dae (Saterdae, Sondae en verklaarde openbare vakansiedae uitgesluit) na sodanige opskorting ingedien word. Indien ’n klagskrif nie binne bedoelde sewe dae ingedien word nie, verval die opskorting van voorregte.

8.6 **TUGPROSEDURE**

8.6.1 Die prosedures by ontvangs van ’n klagskrif, ondersoek na ’n klag en beroep op ’n bykomende vergadering, word benewens soos in die Kerkorde bepaal, aangevul in die reglement vir die prosedure by die ondersoek van ’n klag, soos deur die Algemene Kerkvergadering vasgestel.

8.6.2 Indien daar enige verskil tussen die Kerkorde en die reglement is, sal die bepalings van die Kerkorde voorrang geniet.

8.7 **RIGLYNE VIR DIE ONDERSOEK VAN ’N KLAG**

Vergaderings laat hulle by die ondersoek na ’n klag, die bevinding en, waar van toepassing, die vorm van tug lei deur die

(i) Bybel

(ii) belydenisse, belydenisskrifte en diensformuliere

(iii) Kerkorde

(iv) besluite van vergaderings van die ampte

(v) gebruike van die Kerk (reg van usansie)

(vi) beroepsdokumente en dienskontrakte.

8.8 **TUGHANDELING**

8.8.1 ’n Bevoegde vergadering kan die tug toepas indien ’n aangeklaagde te enige tyd in die loop van ’n ondersoek skuld op sommige of al die klagtes in ’n klagskrif bely,

(i) daar na ’n ondersoek bevind word dat die aangeklaagde hom of haar óf skuldig gemaak het aan ’n handeling wat tugwaardig is, óf

(ii) die aangeklaagde te enige tyd in die loop van ’n ondersoek skuld op sommige of al die klagtes in die klagskrif bely.

8.8.2 Die kerkraadsvergadering kan, nadat bevind is dat ’n lidmaat of lede van ’n komitee of kommissie van die gemeente hulle skuldig gemaak het aan ’n handeling wat tugwaardig is, sulke persone

(i) vermaan en waarsku

(ii) die gebruik van die sakramente ontsê (sensuur)

(iii) van lidmaatskap van die Kerk onthef

(iv) uit die gemeenskap van die gelowiges uitsluit

(v) sodanige stappe neem as wat in Ordinansie 8.8.12 bedoel word.

8.8.3 Die taak van vermaning word aan die voorsitter van die kerkraadsvergadering of ’n kommissie uit die kerkraadsvergadering saamgestel, opgedra.

8.8.4 Die kerkraadsvergadering kan ’n lidmaat wat onder sensuur is en wat ten spyte van getroue en volgehoue bearbeiding geen berou toon nie, maar eerder verset, volgens die prosedure soos omskryf in die formulier vir die ban, uit die gemeenskap van die gelowiges uitsluit.

8.8.5 ’n Lidmaat word van lidmaatskap van die Kerk onthef indien die formulier van die ban nie toepaslik is nie, en sensuur nie doelmatig is nie.

8.8.6 Wanneer ’n lidmaat se lidmaatskap opgehef word, word dit aan die gemeente bekend gemaak, maar wanneer die lidmaat onder sensuur geplaas word, sal die kerkraadsvergadering na goeddunke handel.

8.8.7 Die formulier van die ban word in ’n erediens gelees.

8.8.8 Die ringskommissie kan, nadat ’n ampsdraer skuldig bevind is aan ’n handeling wat tugwaardig is, so ’n ampsdraer

(i) vermaan en waarsku

(ii) vir ’n bepaalde tydperk van ampspligte onthef

(iii) van ampsvoorreg ontneem

(iv) sodanige stappe neem as wat deur Ordinansie 8.8.12 bedoel word.

8.8.9 Bevindings van die ringskommissie word aan die kerkraadsvergadering meegedeel met, indien nodig, die versoek om die ampsdraer die gebruik van die sakramente te ontsê (sensuur).

8.8.10 Die Tugkomitee kan, nadat ’n persoon skuldig bevind is aan ’n handeling wat tugwaardig is, sodanige persoon

(i) vermaan en waarsku

(ii) vir ’n tydperk van ampspligte onthef met gedeeltelike verlies van versorgingsvoordele

(iii) wanneer dit in belang van die gemeente geag word, in oorleg met die kerkraad en ringskommissie van die gemeente losmaak met behoud van ampsvoorreg

(iv) van die amp onthef

(v) sodanige stappe neem as wat deur Ordinansie 8.8.12 bedoel word.

8.8.11 Die bevinding en tughandeling van die Tugkomitee word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, kerkraadsvergadering en ringskommissie meegedeel en, indien nodig, kan die kerkraadsvergadering versoek word om die lidmaat die gebruik van die sakramente te ontsê.

8.8.12 Indien ’n kerkraadsvergadering, ringskommissie of die Tugkomitee na ’n ondersoek die klag gegrond bevind, kan daardie vergadering gepaste tug oplê, deurdat die persoon

(i) aan opleiding en berading onderwerp word

(ii) aan toesig of beheer onderwerp word

(iii) aan verpligte bywoning of inwoning by een of ander bepaalde sentrum, inrigting of instansie onderwerp word

(iv) goeie gedrag moet openbaar

(v) aan enige ander gepaste aangeleentheid onderwerp word.

8.8.13 Die tughandeling kan vir ’n tydperk van hoogstens drie jaar uitgestel of opgeskort word.

8.8.14 Die bevoegde vergadering kan te enige tyd voor verstryking van die tydperk van uitstel of opskorting indien daar goeie redes daarvoor bestaan, die aangeklaagde oproep sodat opnuut oor die tug besin kan word.

8.8.15 Voordat op ’n gepaste tughandeling besluit word, kan die bevoegde vergadering weer na goeddunke sodanige getuienis aanhoor ten einde ’n gepaste tughandeling te neem.

8.9 BEROEP OP ’N BYKOMENDE VERGADERING

8.9.1 ’n Lidmaat wat skuldig bevind is, kan ’n beroep op die ringskommissie doen om die bevinding van ’n kerkraadsvergadering te heroorweeg.

8.9.2 Ouderlinge en diakens wat skuldig bevind is, kan ’n beroep op die Tugkomitee doen om ’n bevinding van ’n ringskommissie te heroorweeg.

8.9.3 ’n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van ’n ring, lede van vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan ’n beroep op vyf sekunduslede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

8.9.4 Ongeag die voorafgaande kan ’n lidmaat, predikant, ouderling of diaken wat aan ’n klag wat oor ’n leeraangeleentheid handel skuldig bevind is, ’n finale beroep op die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding te heroorweeg, mits die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oortuig is dat die klag inderdaad oor ’n leeraangeleentheid handel.

8.9.5 Indien ’n klaer ontevrede is dat die prosedure vir ’n ondersoek, soos in die Kerkorde uiteengesit, nie nagekom is nie, kan skriftelik vertoë oor die aangeleentheid binne 14 dae nadat die uitslag van die ondersoek bekend is, aan die Raad vir Kerkregtelike Advies gerig word. Indien die Raad vir Kerkregtelike Advies oortuig is dat die prosedure vir ’n ondersoek nie nagekom is nie, word die klag terugverwys na die bevoegde vergadering met ’n aanwysing van watter stappe gevolg moet word.

8.10 DISSIPLINEVERSUIM DEUR VERGADERINGS

(i) ’n Bykomende vergadering met opsigbevoegdheid wat verneem of vermoed dat ’n vergadering van die ampte, raad, komitee of kommissie oor wie se werksaamhede die bykomende vergadering opsig hou, nie hulle opdragte uitvoer, of ’n saak wat by hulle aanhangig gemaak is nie ondersoek of behoorlik afhandel nie, versoek die betrokke vergadering van die ampte, raad, komitee of kommissie om volledige besonderhede oor die saak aan die bykomende vergadering te verskaf.

(ii) Bovermelde bykomende vergadering kan, indien nodig, aan die vergadering van die ampte, raad, komitee of kommissie oor wie se werksaamhede opsig gehou word, ook opdragte in verband met die dienswerk gee.

(iii) Die bykomende vergadering kan, indien die vergadering van die ampte oor wie se werksaamhede opsig gehou word, versuim om bevredigende inligting te verskaf, of hulle opdragte uit te voer, sommige of al die lede van die betrokke vergadering van die ampte vir ’n tydperk as lede van die vergadering uit die amp onthef en self die saak afhandel.

8.11 OPHEFFING VAN TUG

(i) Die opheffing van tug kan alleen geskied deur die vergadering wat dit oplê indien die vergadering daarvan oortuig is dat die doel van die tug bereik is.

(ii) ’n Betrokkene wat van lidmaatskap onthef is sonder gebruik van die formulier vir die ban, doen, na geslaagde heraansoek by die kerkraadsvergadering, in die openbaar belydenis van geloof.

(iii) ’n Betrokkene wat deur die formulier vir die ban uitgesluit is, word by hertoetrede met gebruikmaking van die formulier vir die heropname in die gemeente opgeneem.

(iv) ’n Betrokkene wat vir ’n tydperk van ampspligte onthef is, hervat ampspligte nadat die bepaalde tydperk verloop het en gesprek met die opsighoudende liggaam gevoer is.

8.12 LIDMATE WAT BEDANK

(i) Lidmate teen wie ’n klag ingedien is of teen wie tugstappe ingestel is en dan bedank, of lidmate wat bedank, se saak word bespreek en genotuleer.

(ii) Lidmate wat versuim om aan die ondersoek van ’n klag deel te neem, word geag te bedank het as lidmaat van die Kerk.

(iii) Lidmate wat bedank se name word in die gemeente afgekondig en in die lidmaatregister aangeteken.

9. KERKLIKE GOEDERE

ORDEREËL 9

Deur die goedheid van God ontvang die Kerk stoflike middele om sy roeping uit te voer.

Die Kerk moet op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor sy hulpbronne en bates uitoefen.

9.1 Toesig oor die finansies, hulpbronne, bates en ander kerklike goedere van gemeentes, ringe en die Kerk behels die ordelike beheer daarvan en die nakoming van bepalings, voorskrifte en besluite oor besittings en verpligtinge. Hierdie toesig vind plaas in ooreenstemming met die Kerkorde.

9.2 Toesig berus by die

(i) gemeentevergadering

(ii) kerkraadsvergadering

(iii) ringsvergadering

(iv) Algemene Kerkvergadering

(v) Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

ORDINANSIE 9

9.1 TOESIG EN BEHEER

9.1.1 Die volgende vergaderings is verantwoordelik vir die finansies, hulpbronne, bates en kerklike goedere onder hulle toesig en beheer:

9.1.1.1 Die gemeente- en kerkraadsvergaderings ten opsigte van die gemeente.

9.1.1.2 Die ringsvergadering ten opsigte van die ring.

9.1.1.3 Die Raad van Finansies ten opsigte van sy verpligtinge kragtens hierdie Kerkorde.

9.1.1.4 Die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van sinodale belange.

9.1.1.5 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van sinodale belange indien die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

9.1.1.6 Die Hoofbestuur van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging oor belange wat hulle bekom het of wat aan hulle toegewys is. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou toesig oor hierdie verantwoordelikheid van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging.

9.2 SINODALE FINANSIES, HULPBRONNE EN BATES

9.2.1 KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

9.2.1.1 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(i) keur die finansiële beleid vir die Kerk goed indien dit nie deur die Algemene Kerkvergadering gedoen is nie.

(ii) keur jaarliks tussen Algemene Kerkvergaderings die sinodale begroting goed.

(iii) sien saam met ander toesighoudende liggame toe dat alles ten opsigte van die stoflike belange op alle terreine in die Kerk die belang van die Kerk as geheel dien.

(iv) delegeer verantwoordelikhede vir die bestuur van die sinodale finansies, bates en hulpbronne aan bevoegde personeel of vergaderings.

(v) adviseer, indien nodig, kerkraadsvergaderings, ringsvergaderings, die Komitee vir Diakonaat, die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en die Algemene Kerkvergadering oor finansiële aangeleenthede.

(vi) gee nie-afdwingbare riglyne aan gemeentes oor die versorgingsvoordele van predikante.

9.2.2 DIE RAAD VAN FINANSIES

9.2.2.1 **Samestelling**

(i) Die Raad word saamgestel uit

(a) vyf lede wat deur die Algemene Kerkvergadering gekies word en gesamentlik oor voldoende finansiële vaardighede en kennis beskik om aan oudit- en risikobestuur, beleggingsbestuur en algemene finansiële bestuur uitvoering te

gee. Skriftelike gemotiveerde nominasies moet by die Algemene Kerkvergadering ingehandig word.

(b) een lid benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uit sy geledere

(c) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met adviserende stem.

(d) twee sekundi vir die lede van die Raad van Finansies, verkies tydens die AKV, wat sitting neem wanneer ’n verkose lid ’n vergadering nie kan bywoon nie of wanneer ’n vakature ontstaan

(ii) Indien ’n vakature ontstaan, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, na advies van die Raad, ’n lidmaat om die vakature te vul.

9.2.2.2 **Werkopdrag**

(i) Die Raad van Finansies is bevoeg om namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

(a) eiendom te verkry, te vervreem of te beswaar

(b) skulde aan te gaan, lenings te verkry en sekuriteit daarvoor te verskaf

(c) lenings toe te staan en fondse te belê.

(ii) Gemeentes nader die tersaaklike ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir advies insake die belegging van fondse, asook die koop, vervreemding, oprigting, beswaring of sloping van enige vaste eiendom van die gemeente alvorens daarmee gehandel word.

(iii) Ringe nader die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir advies insake die belegging van fondse, asook die koop, vervreemding, oprigting, beswaring of sloping van enige vaste eiendom van die ring alvorens daarmee gehandel word.

(iv) Die Raad van Finansies adviseer en staan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by ten opsigte van

(a) interne beheer in die Kerk, ringe en gemeentes

(b) interne oudit

(c) eksterne oudit

(d) geïntegreerde verslagdoening

(e) korporatiewe beheer

(f) risikobestuur

(g) inligtingstegnologie

(h) belasting

(i) volhoubaarheid

(j) nakoming van wetgewing.

(v) Die Raad van Finansies tree onafhanklik op en doen verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Kerkvergadering.

9.2.2.3 **Werkwyse**

Die Raad

(i) kies op sy eerste vergadering na afloop van ’n Algemene Kerkvergadering ’n voorsitter en visevoorsitter

(ii) vergader vier keer per jaar en verder so dikwels as nodig

(iii) raadpleeg die betrokke ringsvergaderings oor alle besluite rakende die stoflike belange binne die bepaalde ring

(iv) raadpleeg alle ringsvergaderings oor belangrike besluite rakende die stoflike belange op sinodale vlak

(v) kies ’n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, die algemene sekretaris en minstens twee ander lede om spoedeisende sake te hanteer en/of die agenda vir die algemene vergadering te finaliseer

(vi) keur die handelinge van die dagbestuur goed

(vii) lê jaarliks, so gou moontlik ná die sluiting van die finansiële jaar, geouditeerde finansiële state en ’n verslag oor sy werksaamhede van die afgelope jaar aan die ringskommissies voor vir verspreiding na gemeentes, behalwe in die jare waarin die Algemene Kerkvergadering sitting neem wanneer die dokumentasie aan dié vergadering voorgelê word

(viii) stel ’n begroting op vir die uitvoering van die opdragte, beleid en besluite van die Algemene Kerkvergadering, en lê dit aan die Algemene Kerkvergadering voor

(ix) stel vir die jare tussen gewone Algemene Kerkvergaderings ’n begroting op vir die Algemene Kerkvergaderings vir die vasgestelde begrotingsposte, en lê dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor vir goedkeuring

(x) bestuur die goedgekeurde begroting

(xi) wend die begroting, indien nodig, op wisselende basis aan

(xii) rapporteer aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, indien hy daarvan oortuig is dat ’n onreëlmatige saak nie die nodige aandag ontvang nie, of die betrokke vergadering of liggaam weier om op te tree

(xiii) betrek die voorsitters van ringskomitees vir kerklike goedere by die insameling van heffings in die ringe.

10. **KERKORDE**

ORDEREËL 10

Die Algemene Kerkvergadering formuleer en aanvaar ordereëls en ordinansies ter wille van die doeltreffende vervulling van die roeping van die Kerk.

10.1 Ordereëls kom tot stand, of word op die volgende manier gewysig:

(i) ’n Skriftelike en gemotiveerde voorstel van ’n ringsvergadering, wat sy oorsprong by lidmate, ampsdraers, kerkraadsvergaderings kan hê, óf die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, word minstens een jaar (12 maande) voor die Algemene Kerkvergadering by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien. Die Kommissie lê dit vir kommentaar aan al die betrokke rade, kerkraads- en ringsvergaderings voor. Kommentaar moet voor die sluitingsdatum van die agenda vir die Algemene Kerkvergadering terug ontvang word.

(ii) Die voorstel met kommentaar van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, rings- en kerkraadsvergaderings, word in die agenda van die Algemene Kerkvergadering opgeneem of elektronies beskikbaar gestel.

(iii) Indien die voorstel met of sonder wysiging met ’n twee derde meerderheid stem aanvaar word, word dit in die Kerkorde opgeneem.

10.2 ’n Ordinansie kom tot stand of word gewysig wanneer ’n vergadering van die ampte of ’n bykomende vergadering ’n skriftelike voorstel as beskrywingspunt indien, die beskrywingspunt in die agenda van die Algemene Kerkvergadering opgeneem word en met of sonder wysiging deur die Algemene Kerkvergadering met ’n meerderheid van stemme aanvaar word.

10.3 Reglemente en aktes word ooreenkomstig besluite van die Algemene Kerkvergadering gewysig.

10.4 Reglemente wat die vergaderings van ampte opstel, mag nie in stryd met die Kerkorde wees nie.

10.5 In noodsituasies waarvoor die Kerkorde nie voorsiening maak nie, neem die vergaderings van ampte, ampsdraers en lidmate besluite op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die Kerk (reg van usansie).

10.6 Die Kerkorde reël die verhouding tussen lidmate, gemeentes, ringe en die Kerk.

ORDINANSIE 10

10.1 Alle handelinge of besluite van enige vergadering of persoon wat kragtens ’n besluit van sodanige vergadering optree, is geldig en afdwingbaar, indien ooreenkomstig die Kerkorde

10.1.1 kennis gegee is van die vergadering

10.1.2 die vereiste kworum van lede van die vergadering teenwoordig was met die neem van die tersaaklike besluit, en

10.1.3 die besluit of handeling deur ’n vergadering wat daartoe gemagtig is, geneem of verrig is.

10.2 Enige besluit of handeling wat ooreenkomstig die kerkwet, die Kerkorde of enige wysiging daarvan, geneem of verrig is, bly van krag totdat dit in ooreenstemming met die Kerkorde gewysig, vervang of ongedaan gemaak word.

10.3 Hierdie Kerkorde moet te alle tye uitgelê word aan die hand van die Skrif, die belydenis van die Kerk soos vervat in Ordereël 1 en met inagneming van die besluite en gebruike van die Kerk.

10.4 Alle vergaderings van die Kerk kan elektronies gehou word en besluite kan elektronies geneem word, onderhewig aan die bepalings van Ordinansies 10.1 tot 10.3.

REGLEMENT VIR TOELATING EN OPLEIDING AS PREDIKANT VAN DIE KERK

1. PROSEDURE BY DIE TOELATING TOT DIE KERKLIKE OPLEIDING

1.1 Persone wat ’n predikant van die Kerk wil word, moet minstens ’n vierjarige graad in teologie aan ’n universiteit of tersiêre instelling wat deur die Kuratorium erken word, verwerf, met Hebreeus en Grieks op minstens tweedejaarsvlak. Hierbenewens moet teologiestudente ook die Kerkeie opleiding onder leiding van die Hervormde Teologiese Kollege voltooi.

1.2 ’n Voornemende student doen self aansoek om by ’n universiteit of tersiêre instelling wat deur die Kuratorium erken word, in te skryf.

1.3 Die voornemende student doen terselfdertyd aansoek om ’n teologiestudent van die Kerk te word deur ’n aansoekvorm by die Hervormde Teologiese Kollege aan te vra, dit te voltooi en terug te stuur.

1.4 Die Hervormde Teologiese Kollege dien die aansoeke by die Kuratorium in vir hantering.

1.5 Inligting oor toelatingsvereistes en aansoekprosedures word jaarliks in die elektroniese media van die Kerk gepubliseer.

1.6 Die volgende stukke word saam met die aansoek by die Hervormde Teologiese Kollege ingedien:

* Bewys van lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (of ’n ander kerk).

* ’n Getuigskrif oor kerklike meelewing van die kerkraad onder wie se sorg die aansoeker die voorafgaande twee jaar gestaan het.

* Bewys dat die voornemende student aan die toelatingsvereistes van ’n erkende hoëronderwysinstelling voldoen het.

* ’n Aansoek om keuring deur die Kuratorium.

1.7 Voornemende studente van die Kerk stem in tot keuring deur die begeleidingskomitee van die Kuratorium. Keuring sluit onder andere in die aflê van mediese en psigometriese toetse deur die Kerk voorgeskryf en gefinansier, en ’n onderhoud.

2. PROSEDURE VIR DIE TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING VAN STUDENTE WAT DIE VOORGESKREWE TEOLOGIESTUDIE AAN ’N ERKENDE HOËRONDERWYSINSTELLING VOLTOOI HET

2.1 KERKEIE OPLEIDING AAN DIE HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE

2.1.1 Alle teologiestudente moet die Kerkeie opleiding van minstens twee jaar onder leiding van die Hervormde Teologiese Kollege deurloop en voltooi voordat hulle tot die proponentseksamen toegelaat word.

2.1.2 Hierdie Kerkeie opleiding sluit ’n akademiese program in sowel as praktiese werk by ’n gemeente onder die toesig van aangewese mentors.

2.2 PROPONENTSEKSAMEN

2.2.1 Elke persoon wat toegelaat wil word as dienaar van die Woord, moet die proponentseksamen aflê.

2.2.2 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering maak hiervoor gebruik van die Proponentseksamenkommissie.

2.2.3 Die proponentseksamen bestaan uit ’n proefeerediens, skriftelike eksaminering en ’n gesprek.

2.2.4 PROEFEREDIENS

(i) Die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege gee die name van die kandidate wat proefeerdienste moet hou aan die Proponentseksamenkommissie, die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering deur.

(ii) Die voorsitter en sekretaris van die Proponentseksamenkommissie bepaal die datum, tyd en plek van proefeerdienste en stel die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens ’n maand voor die tyd daarvan in kennis.

(iii) ’n Kandidaat stuur 30 dae voor die datum waarop die proefeerediens gehou word, ’n elektroniese kopie van die proefeerediens aan die sekretaris van die Proponentseksamenkommissie en bevestig dat die sekretaris die kopie ontvang het. Die sekretaris van die Proponentseksamenkommissie stuur so gou moontlik ’n kopie van die proefeerediens aan die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

(iv) Die Proponentseksamenkommissie koöpteer ’n predikant van die gemeente waar die proefeerediens gehou gaan word en ’n predikant afkomstig uit die bepaalde ring om die evaluering van proefeerdienste op afgeleë plekke waar te neem.

(v) ’n Proefeerediens word soos ’n gewone erediens in ’n gemeente gehou en na afloop van die erediens word die proefeerediens met die kandidaat bespreek. ’n Evaluasievorm wat deur die Proponentseksamenkommissie voorsien word, word as riglyn gebruik om die gesprek te lei.

2.2.5 SKRIFTELIKE EKSAMINERING EN GESPREKVOERING

(i) Voor die eksaminering dien die sekretaris van die Proponentseksamenkommissie die volgende stukke ten opsigte van elke kandidaat wat aansoek gedoen het om ’n predikant in die NHKA te word by die skriba van die Kuratorium in:

* Bewys van lidmaatskap van die Kerk.

* Bewys dat aan al die vereistes van ’n goedgekeurde vierjarige graad in teologie voldoen is, met Hebreeus en Grieks op minstens tweedejaarsvlak.

* Bewys dat aan al die vereistes van die Kerkeie opleiding by die Hervormde Teologiese Kollege voldoen is.

* ’n Getuigskrif van die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege.

* ’n Getuigskrif van die opsighoudende kerkraad van die kandidaat oor kerklike betrokkenheid.

* Bevestiging van die begeleidingskomitee van die Kuratorium dat die kandidaat fisies en psigies geskik is vir die eise wat die bediening aan ’n predikant stel.

(ii) Die Kuratorium gaan hierdie stukke na en lê ’n verslag wat die volgende bevat aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor:

* Die name van die kandidate vir eksaminering.

* ’n Verklaring dat die vereiste stukke in orde is en dat die kandidate bevoeg is om ondervra te word.

(iii) Die datum van die skriftelike eksamen en gesprek word bepaal deur die voorsitter en sekretaris van die Proponentseksamenkommissie in oorleg met die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

(iv) Na die skriftelike eksamen voer die Proponentseksamenkommissie ’n afsonderlike gesprek met elke kandidaat. In die eksamen en gesprek word onder meer

* bepaal of die kandidaat voldoende kennis van die Bybel, die belydenisskrifte, Kerkorde, Skrifgebruik en Skrifbeskouing, asook die interpretasie daarvan het om predikant te kan word in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

* vasgestel of die kandidaat se gesindheid en lewenswandel gedurende die opleiding só gevorm is dat die kandidaat vir die predikantsamp geskik is.

2.3 TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING

2.3.1 Die name van die kandidate wat die proponentseksamen geslaag het, word deur die Proponentseksamenkommissie aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering deurgegee saam met ’n verslag oor die proponentseksamen.

2.3.2 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering roep die suksesvolle kandidate op na ’n vergadering waartydens die verslag behandel en gesprek gevoer word.

2.3.3 Na afloop van die gesprek besluit die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die toelating van die kandidate tot die evangeliebediening.

2.3.4 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bepaal die datum en geleentheid waartydens suksesvolle kandidate tot die evangeliebediening toegelaat en beroepbaar gestel word.

3. BEROEPAFWAGTENDES

3.1 Beroepafwagtendes is proponente en predikante wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beroepafwagtend verklaar is.

3.2 Aansoek om behoud van ampsvoorreg word jaarliks gedoen op ’n voorgeskrewe vorm waarin die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vasstel of die beroepwagtende

* die evangelie gereeld verkondig

* met toewyding by die werksaamhede van die plaaslike gemeente betrokke is

* die begeerte het om steeds dienaar van die Woord te wees.

3.3 Kerkrade en ringskommissies lewer jaarliks voor 31 Oktober verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die posisie van beroepafwagtendes wat binne die gemeente of ringsgebied woon.

3.4 ’n Beroepafwagtende kan op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met die Moderamen gesprek voer.

3.5 Indien ’n verslag van ’n kerkraad of ringskommissie oor ’n beroepafwagtende na die mening van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ’n negatiewe beeld toon, kan die Moderamen met die kerkraad, ringskommissie of die beroepafwagtende gesprek voer en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan besluit om nie die aansoek goed te keur nie.

3.6 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan met ringskommissies reël dat

* beroepafwagtendes tussentyds werkopdragte kry met gedeeltelike versorging

* beroepafwagtendes die geleentheid gegun word om deur die verkondiging van die Woord ’n gemeente byeen te bring.

3.7 Indien dit blyk dat ’n beroepafwagtende

* nie die evangelie gereeld verkondig nie

* nie met toewyding betrokke is by die werksaamhede van die plaaslike gemeente nie

* nie geskik is vir die amp nie, en

* indien dit blyk dat reëlings wat deur die ringskommissie getref is onsuksesvol was,

kan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ná gesprek met die beroepafwagtende, sonder ’n formele klag of tughandeling, die beroepafwagtende predikant onthef uit die amp, en die beroepafwagtende proponent se preekvergunning teruggetrek.

3.8 Beroepafwagtendes wat na drie aaneenlopende jare geen beroep ontvang het nie, mag deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na die Hervormde Teologiese Kollege verwys word om hulle teologiese kennis te bepaal voordat hulle aansoek om behoud van ampsvoorreg of preekvergunning goedgekeur word. Indien die kennis van die beroepafwagtende kandidate nie na wense is nie, word die kandidate se ampsvoorreg voorlopig deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgeskort en vir hospitering verwys. Na ’n positiewe verslag deur die Hervormde Teologiese Kollege oorweeg die Kommissie om weer ampsvoorreg aan die beroepafwagtende te gee.

3.9 Indien ’n predikant van die NHKA, sonder om beroep te word, na die buiteland vertrek, word die predikant vir ’n periode van twaalf maande as ’n

beroepafwagtende predikant van die NHKA beskou, met al die regte en voorregte daaraan verbonde. Twaalf maande ná vertrek na die buiteland kan die predikant aansoek doen om ampsvoorreg vir ’n verdere twaalf maande te behou, mits die predikant daar by kerklike dienswerk betrokke bly en daaroor verslag lewer. Die predikant se ampsvoorreg verval na die verstryking van ’n periode van vier en twintig maande in die buiteland.

3.10 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan die ampsvoorreg van ’n predikant handhaaf indien die predikant betrokke is by die bediening van ’n kerk waarmee die NHKA in ekumeniese verband staan of ’n bilaterale ooreenkoms aangegaan het. Bediening wat hiervoor in aanmerking kom, is onder andere sendingwerk, samewerkende bediening en pioniersbediening volgens die diskresie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die predikant en die plaaslike opsighoudende vergadering lewer in so ’n geval jaarliks verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor sy of haar dienswerk.

3.11 ’n Beroepafwagtende predikant met ampsvoorreg word slegs as ’n diensdoende predikant van die Kerk geag indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die predikant as diensdoende predikant aanvaar het. Slegs diensdoende predikante van die Kerk kan lid van die Kerk se pensioenfonds wees.

4. PROSEDURE VIR AANSOEKE TOT HERTOELATING IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

4.1 HERTOELATING NA MEDIESE ONGESKIKTHEID

4.1.1 ’n Predikant wat van mediese ongeskiktheid herstel het, kan skriftelik by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aansoek doen om beroepbaar gestel te word. Hierdie aansoek moet vergesel word van ’n toepaslike mediese verslag wat bevestig dat die predikant fisies en psigies geskik is vir die eise van die bediening.

4.1.2 Indien die Kommissie daarvan oortuig is dat die persoon in staat is om ampspligte te hervat, en die Versekeraar en die Pensioenfonds daartoe instem,

* word die predikant beroepbaar gestel indien hy of sy steeds aan al die vereistes vir hertoelating voldoen, of

* word die aansoeker na die Hervormde Teologiese Kollege verwys indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit nodig ag.

4.2 HERTOELATING NA ONTHEFFING

4.2.1 ’n Lidmaat wat vroeër uit die amp onthef is en weer predikant wil word, doen skriftelik by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aansoek om hertoelating tot die predikantsamp.

4.2.2 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan besluit om sonder opgaaf van redes nie ’n aansoek te hanteer nie.

4.2.3 Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om die aansoek verder te oorweeg, word

* navraag oor die geskiktheid van die aansoeker om tot die bediening terug te keer, by kerkrade en ringskommissies onder wie se opsig die aansoeker die afgelope vyf jaar was, gedoen

* die kerkrade by wie navraag gedoen is, versoek om vir ten minste twee Sondae by wyse van ’n gemeentelike afkondiging lidmate te vra om kommentaar te lewer op die moontlike hertoelating van die aansoeker, met terugvoering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

* aan die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opdrag gegee om alle inligting wat betrekking het op die aansoeker se ontheffing uit die amp, asook enige ander inligting wat nodig geag mag word, in te win

* een van sy lede sowel as ’n lid van die Begeleidingskomitee van die Kuratorium versoek om met die aansoeker gesprek te voer, en skriftelik verslag te doen daaroor.

* die aansoeker na die Hervormde Teologiese Kollege verwys om te bepaal wat die stand van sy of haar teologiese kennis is.

4.2.4 Daarna, op grond van die gegewens tot sy beskikking, besluit die Algemene Kommissie om

* die aansoek goed te keur, of

* die aansoek af te keur, of

* ’n tydperk te laat verloop voordat die aansoek verder oorweeg word.

4.2.5 Die aansoeker word skriftelik in kennis gestel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit.

4.2.6 Indien die aansoek goedgekeur word, kan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering een of meer van die volgende vereistes stel voordat die kandidaat tot die evangeliebediening toegelaat word:

* Die kandidaat voltooi een jaar van hospitering aan die Hervormde Teologiese Kollege, gelyklopend met een jaar mentorskap onder leiding van ’n aangewese predikant.

* Die kandidaat voltooi ’n leesprogram wat deur die Hervormde Teologiese Kollege voorsien is, en die Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege lewer verslag dat die program suksesvol voltooi is.

* Die aansoeker word verwys na die Proponentseksamenkommissie vir skriftelike eksaminering en gesprek om die stand van die aansoeker se kennis van die Kerkorde en jongste kerklike besluite te bepaal.

4.2.7 Die aansoeker word toegelaat tot die evangeliebediening wanneer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering tevrede is dat die kandidaat aan al die nodige vereistes vir toelating voldoen.

4.2.8 By die oorweging van ’n aansoek neem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die breë kerklike belang in ag.

4.2.9 ’n Aansoeker het toegang tot inligting wat ’n rol speel by die oorweging van die aansoek.

5. PROSEDURE VIR PROPONENTE, PREDIKANTE EN VOORMALIGE PREDIKANTE UIT ANDER KERKE

5.1 ’n Proponent, predikant of voormalige predikant uit ’n ander kerk rig ’n skriftelike aansoek om tot die evangeliebediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika toegelaat te word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

5.2 Die volgende stukke word by die aansoek ingesluit:

* Bewys dat aan al die vereistes van ’n goedgekeurde vierjarige graad in teologie voldoen is, met Grieks en Hebreeus op minstens tweedejaarsvlak.

* Bewys van toelating tot evangeliebediening in die betrokke kerk.

* Bewys van lidmaatskap van die betrokke kerk.

* ’n Getuigskrif van die betrokke kerkgenootskap, en van die opsighoudende kerkraad oor die kandidaat se kerklike betrokkenheid.

* ’n Mediese sertifikaat wat bevestig dat die kandidaat fisies en psigies geskik is vir die eise wat die bediening aan ’n predikant stel.

* ’n Motivering wat verduidelik waarom die aansoeker sy of haar kerk verlaat (het), en waarom die aansoeker predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil word. Die motivering moet volledige inligting verskaf oor enige gebeure wat moontlik tot vertroebelde verhoudings in die aansoeker se huidige/vorige kerk aanleiding gegee het.

5.3 Daarna, op grond van die gegewens tot sy beskikking, besluit die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om

* die aansoek af te keur, of

* ringskommissies te versoek om kommentaar te lewer wat lig op die aansoek kan werp.

5.4 Na terugvoering van die ringskommissies ontvang is, voer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek met die aansoeker, oorweeg die saak en besluit om

* die aansoek van die hand te wys, of

* die aansoeker na die Hervormde Teologiese Kollege te verwys om die stand van die kandidaat se teologiese kennis en begrip van die Hervormde Kerk se etos en Skrifbeskouing te evalueer, of

* die aansoeker na die Proponentseksamenkommissie te verwys vir afhandeling van die proponentseksamen, of

* aan die aansoeker onder sekere voorwaardes vir ’n tydperk preekvergunning te verleen, en ná die verstryking daarvan die aansoek af te handel, of

* na indiening van ’n bewys van lidmaatskap van die Kerk en ondertekening van die Ondertekeningsformule, die aansoek goed te keur en die aansoeker beroepbaar te stel.

5.5 Die aansoeker word skriftelik in kennis gestel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit.

5.6 Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om die aansoek te oorweeg, kan een of meer van die volgende vereistes gestel word voordat die aansoek goedgekeur of afgekeur word:

* Die kandidaat word na die Hervormde Teologiese Kollege verwys vir hospitering.

* Die kandidaat volg ’n leesprogram wat deur die Hervormde Teologiese Kollege voorsien word, met verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wanneer die program suksesvol voltooi is.

* Die kandidaat deurloop die Kerkeie opleiding onder leiding van die Hervormde Teologiese Kollege in ’n gemeente van die Kerk en onder mentorskap van ’n aangewese predikant vir ’n tydperk van een tot twee jaar na gelang van die situasie.

5.7 Na ontvangs van die verslae van die hospitering, leesprogram en ’n mentor besluit die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of die kandidaat toegelaat mag word tot die Proponentseksamen.

5.8 Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die aansoek goedkeur en na die Proponentseksamenkommissie verwys, stel die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die aansoeker en die Proponentseksamenkommissie skriftelik daarvan in kennis.

5.9 Die Proponentseksamenkommissie reël dat ’n skriftelike eksamen afgelê word, ’n proefediens gehou en ’n gesprek as deel van die proponentseksamen gevoer word.

5.10 Indien die Proponentseksamenkommissie met die skriftelike eksamen, proefediens en uitkoms van die gesprek tevrede is, word ’n bewys aan die kandidaat uitgereik dat die proponentseksamen suksesvol is en ’n skriftelike verslag hieroor aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gestuur.

5.11 Die kandidaat dien na voldoening aan die vereistes ’n bewys van lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in.

5.12 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering roep die suksesvolle kandidaat op na ’n vergadering waartydens die verslag van die Proponentseksamenkommissie behandel en gesprek gevoer word.

5.13 Na afloop van die gesprek besluit die Kommissie oor die toelating van die kandidaat tot die evangeliebediening.

5.14 Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na gesprek besluit om die kandidaat tot die evangeliebediening toe te laat, onderteken die kandidaat die Ondertekeningsformule, en stel die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die aansoeker in die Kerk beroepbaar.

VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE

1. GEWONE VERLOF

1.1 Die predikant mag, met toestemming van die kerkraad of opsighoudende liggaam en waar van toepassing in oorleg met die konsulent, jaarliks 42 kalenderdae verlof neem.

1.2 Die 42 kalenderdae mag hoogstens ses Sondae insluit en alle openbare vakansiedae wat daarbinne val, word ingetel.

1.3 Die volledige verlof moet behoudens 1.5 jaarliks geneem word.

1.4 Verlof is nie van een gemeente na ’n volgende gemeente oordraagbaar nie.

1.5 Slegs met toestemming van die betrokke kerkraad of opsighoudende liggaam en waar van toepassing in oorleg met die konsulent, mag sewe dae per jaar opgehoop word tot ’n maksimum van 21 dae.

1.6 Verlof en/of opgehoopte verlof moet sover moontlik aaneenlopend geneem word.

1.7 Enige verlof wat ’n predikant neem, sal eers die statutêre voorgeskrewe verlof van 21 dae per 12 maande wees wat die predikant moet neem, en daarna die verlof wat kragtens hierdie reglement toegestaan word en wat meer is as die statutêre voorgeskrewe verlof. Behalwe waar wetgewing anders bepaal, kan ’n predikant slegs verlof afkoop by die aanvaarding van ’n beroep, aanvaarding van emeritaat, verandering van lewenstaat, losmaking van ’n gemeente en mediese ongeskiktheid. Verlofkrediete word uitbetaal teen pakketwaarde. Verlof kan in alle gevalle alleen afgekoop word met toestemming van die kerkraad of opsighoudende liggaam, en in oorleg met die ringskommissie of opsighoudende liggaam.

1.8 ’n Predikant in ’n deeltydse werkruimte se verlof word aangepas dienooreenkomstig die werkopdrag.

2. STUDIEVERLOF

2.1 Verlof vir verdere formele studie in die teologie of ander rigting soos deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur, mag toegestaan word by aansoek vir tydperke van

(i) altesaam 45 dae of minder in ’n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam, met behoud van volle versorgingsvoordele

(ii) altesame 90 dae of minder, maar meer as 45 dae, in ’n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam, met behoud van gedeeltelike versorgingsvoordele ten opsigte van die traktementskomponent

(iii) langer as 90 dae in ’n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die ringskommissie of opsighoudende liggaam, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, met losmaking van die gemeente en verlies van versorgingsvoordele.

2.2 Studieresultate word soos volg voorgelê:

(i) Driemaandeliks in die geval van 2.1 (i) en (ii) aan die kerkraad vir beoordeling en verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

(ii) Sesmaandeliks in die geval van 2.1 (iii) aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir beoordeling.

2.3 Indien bevredigende studieresultate nie voorgelê word nie, kan die kerkraad in die geval van 2.1 (i) en (ii), op advies van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en in die geval van 2.1 (iii), die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering self, die studieverlof kanselleer.

2.4 ’n Predikant wat langer as 90 dae met studieverlof is en van sy of haar gemeente losgemaak is, is nie beroepbaar nie. Beroepe wat op sodanige kandidate uitgebring word is nietig en van geen krag nie. Hy of sy doen aansoek by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om beroepbaar gestel te word sodra hy of sy, sy of haar studie voltooi of gestaak het.

3. KRAAMVERLOF

’n Swanger predikant is geregtig op vier opeenvolgende maande kraamverlof per bevalling. Die kraamverlof neem ’n aanvang vier weke voor die verwagte datum van geboorte van die baba, of soos anders tussen die predikant, die kerkraad en die ringskommissie of opsighoudende liggaam ooreengekom word. ’n Predikant wat geboorte geskenk het, mag nie begin werk binne ses weke vanaf die datum van geboorte van die baba nie. Die predikant moet ten minste vier weke voordat sy kraamverlof wil neem die kerkraad, die ringskommissie of opsighoudende liggaam skriftelik daarvan in kennis stel. Die versorging van die predikant gedurende die vier maande kraamverlof word deur die kerkraad gereël in oorleg met die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. ’n Predikant kwalifiseer vir kraamverlof vanaf die datum wat die predikant beroep is. Kraamverlof kan met vakansieverlof verleng word indien die kerkraad of opsighoudende liggaam daartoe instem.

4. SIEKTEVERLOF

4.1 Predikante is geregtig op 42 kalenderdae siekteverlof met volle versorging gedurende elke tydperk van 36 agtereenvolgende maande vanaf die eerste keer wat die predikant toegelaat is tot die evangeliebediening of die datum van hertoelating vir welke rede ook al, watter datum die laaste is, en so ’n predikant in ’n gemeente bevestig is. Waar moontlik moet die predikant die siekteverlof reël in oorleg met die kerkraad of opsighoudende liggaam en die konsulent.

4.2 Indien die predikant as gevolg van siekte meer as 42 kalenderdae, soos bedoel in reglement 4.1, siekteverlof benodig, kan ’n langer periode en die voorwaardes waaronder so ’n langer periode toegestaan word, gereël word met die kerkraad of opsighoudende liggaam wat die ringskommissie en die konsulent moet raadpleeg.

4.3 Indien ’n predikant langer as sewe kalenderdae aaneenlopend siekteverlof neem, moet die predikante so gou as wat redelik moontlik is, ’n mediese sertifikaat aan die kerkraad of opsighoudende liggaam voorlê. Indien die predikant versuim om binne drie kalenderdae ’n mediese sertifikaat voor te lê nadat so ’n versoek deur die kerkraad of opsighoudende liggaam gerig is, is die kerkraad of opsighoudende liggaam, na oorlegpleging met die ringskommissie, nie verplig om die predikant te versorg vir daardie periode wat verlof geneem is sonder die voorlegging van ’n mediese sertifikaat nie.

4.4 Indien ’n predikant langer as sewe dae siekteverlof neem, moet die Raad van Finansies daarvan in kennis gestel word met die oog op die deurgee van die inligting aan die Versekeraar indien daar moontlik later ’n ongeskiktheidseis mag ontstaan.

5. LANGVERLOF

5.1 Benewens gewone verlof, is ’n predikant geregtig op langverlof met volle versorgingsvoordele van 21 aaneenlopende dae aan die einde van elke termyn van drie jaar diens in dieselfde gemeente.

5.2 Langverlof word gereël met die toestemming van die kerkraad of opsighoudende liggaam, en in oorleg met die konsulent en die ringskommissie.

5.3 Langverlof is nie uitkoopbaar, oploopbaar of oordraagbaar na ’n volgende gemeente nie, en moet binne een jaar na kwalifisering daarvoor geneem word.

5.4 Langverlof mag aaneenlopend met gewone verlof geneem word, mits die totale tydperk van die verlof nie 60 dae oorskry nie.

5.5 By die verandering van ’n werkopdrag, verandering van lewenstaat, losmaking van ’n werkruimte, ontheffing uit die amp, mediese ongeskiktheid en emeritaataanvaarding, verval die voorreg van langverlof.

6. SPESIALE VERLOF

6.1 Menslikheidsverlof kan in buitengewone omstandighede, soos by ernstige siekte of die dood van ’n gesinslid of ouer, broer of suster, of in die geval van ernstige gesinsprobleme, deur die kerkraad of opsighoudende liggaam aan ’n predikant toegestaan word tot ’n maksimum van sewe dae, met behoud van versorgingsvoordele.

6.2 Menslikheidsverlof van langer as sewe dae kan in buitengewone omstandighede deur die kerkraad na oorleg met Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of opsighoudende liggaam aan ’n predikant toegestaan word tot ’n maksimum van 30 dae, met behoud van versorgingsvoordele.

6.3 Verpligte verlof kan in buitengewone omstandighede deur die kerkraad of opsighoudende liggaam, soos en deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek, aan ’n predikant toegestaan word vir ’n minimum tydperk van drie maande en ’n maksimum tydperk van ses maande, met sodanige voordele wat die kerkraad of opsighoudende liggaam billik mag ag.

7. VERLOFREGISTER

7.1 Alle verlof wat geneem word, word in ’n verlofregister aangeteken wat sesmaandeliks deur die kerkraad en jaarliks deur die ringsvergadering of opsighoudende liggaam gekontroleer word.

7.2 Toestemming aan ’n predikant om verlof op te hoop word in die notule van die kerkraadsvergadering en in die verlofregister aangeteken.

7.3 In die laaste jaar voor emeritaataanvaarding word geen langverlof of studieverlof geneem nie.

8. ALGEMEEN

Hierdie verlofreglement moet saamgelees word met die kerkordelik voorgeskrewe brief wat die versorgingsvoordele uiteensit. Indien daar ’n botsing is tussen die brief en hierdie reglement, sal die bepalings van die reglement geld.

REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK VAN ’N KLAG

1. KLAGSKRIF

1.1 ’n Klagskrif wat aan die vereistes van Ordinansie 8.4 voldoen, moet per hand, aangetekende pos of e-pos by die voorsitter of skriba van die vergadering wat die klag hanteer, ingedien word.

1.2 Die voorsitter en skriba van die betrokke vergadering, of die ondervoorsitter en/of viseskriba of sekundi waar van toepassing, indien die voorsitter of skriba self die klaer of aangeklaagde is of indien een of albei nie beskikbaar is nie, bepaal met of sonder oorleg van kundige persone of die klagskrif voldoen aan die vereistes van Ordinansie 8.4.

1.3 Die voorsitter of skriba gee of stuur ’n klagskrif wat nie aan die vereistes voldoen nie, so spoedig moontlik per hand, aangetekende pos of e-pos aan ’n klaer terug, met vermelding van die redes waarom dit nie in orde of volledig genoeg is nie.

1.4 ’n Gewysigde of aangevulde klagskrif moet binne 14 dae nadat die foutiewe klagskrif teruggestuur is, per hand, aangetekende pos of e-pos aan die voorsitter of skriba van die betrokke vergadering teruggegee of -gestuur word.

1.5 Nadat ’n klagskrif wat aan die vereistes voldoen ontvang is deur die voorsitter en skriba van die bevoegde vergadering, moet hulle binne vyf dae na ontvangs van die klagskrif aan die aangeklaagde(s) ’n afskrif van die klagskrif per hand, aangetekende pos of e-pos voorsien.

2. OPROEP NA ’N TUGVERGADERING

2.1 Die vergadering moet so spoedig moontlik, maar nie later nie as 30 dae vanaf die datum waarop die klagskrif aan die aangeklaagde(s) gegee of gestuur is, gehou word, tensy die voorsitter, skriba, klaer(s) en aangeklaagde(s) instem tot ’n ander datum.

2.2 Die vergadering kan die datum van die vergadering soveel keer as wat redelik noodsaaklik is, uitstel.

2.3 Die voorsitter en skriba van die bevoegde vergadering moet die klaer(s) en die aangeklaagde(s) skriftelik oproep na ’n vergadering waar die klagte ondersoek word en ’n besluit daaroor geneem moet word ooreenkomstig die Kerkorde en hierdie reglement.

2.4 In die oproepkennisgewing word die volgende vermeld:

(i) Die datum, tyd en plek van die vergadering.

(ii) Dat dit die plig is van lidmate en ampsdraers wat opgeroep word om voor die vergadering te verskyn, en indien enigeen van hulle sonder ’n geldige rede afwesig is of weier om te verskyn en getuienis te lewer of nie behoorlik getuienis lewer nie, dit opsigself tugwaardig is.

(iii) Dat die klaer(s) en die aangeklaagde(s) hom of haar in die vergadering kan laat bystaan deur ’n lidmaat van die Kerk, mits daardie lidmaat nie enigsins praktiseer as prokureur of advokaat nie.

(iv) Dat die voorsitter van die vergadering geen diskresie het om regsgeleerdes toe te laat anders as waarvoor hierin voorsiening gemaak is nie.

(v) Dat die klaer(s) en aangeklaagde(s) verantwoordelik is om op eie koste die vergadering by te woon.

(vi) Dat klaer(s) en aangeklaagde(s) self verantwoordelik is om hulle getuies op te roep vir die bywoon van die vergadering.

2.5 Die skriba van die vergadering moet hom- of haarself tevrede stel dat al die tersaaklike partye die oproepkennisgewing ontvang het.

3. KWORUM VIR DIE TUGVERGADERING

3.1 ’n Kworum vir die ouderlingevergadering is vyftig persent plus een van die diensdoende ouderlinge.

3.2 ’n Kworum vir die ringkommissie is die voorsitter, skriba en twee ouderlinge.

3.3 ’n Kworum vir die Tugkomitee by die hantering van ’n klag bestaan uit minstens vyf lede.

4. PROSEDURE BY DIE VERGADERING

4.1 Die voorsitter open die vergadering met Skriflesing en gebed.

4.2 Die voorsitter

(i) sorg dat die volgende persone nie lede van die vergadering is wat die saak ondersoek nie:

(a) die eggenoot of eggenote, vader of moeder, grootvader of grootmoeder, skoonvader of skoonmoeder, broer of suster, seun of dogter, skoonseun of skoondogter, swaer of skoonsuster, oom of tante, neef of niggie van óf die klaer(s) óf die aangeklaagde(s)

(b) ’n lid wat ’n persoonlike belang het by die saak wat met die klag in verband staan

(c) persone wat nie lidmate van die Kerk is nie of verteenwoordigers van die media

(d) kan, indien die omstandighede dit verg, reël dat ’n persoon wat nie teenwoordig is in die lokaal waar die tugverrigtinge plaasvind, deur middel van elektroniese toerusting, wat die persoon se beeld vertoon, kan getuig of kan deelneem aan die tugverrigtinge.

(ii) kan met toestemming van die vergadering reël dat die getuienis van persone wat nie lidmate van die Kerk is nie, tydens die ondersoek aangehoor word

(iii) stel vas dat die oproep tot die vergadering volgens die Kerkorde geskied het en ’n kworum teenwoordig is

(iv) verklaar dat die vergadering wettig saamgestel is.

4.3 Die voorsitter wys almal wat aan die ondersoek deelneem of getuienis aflê daarop dat

(i) die vergadering die reg voorbehou om op enige tydstip gedurende die ondersoek sy werksaamhede agter geslote deure voort te sit en enigiemand te vra om die vergadering te verlaat

(ii) alle getuienis so volledig moontlik, verkieslik woordeliks, aangeteken sal word

(iii) die klaer(s) en aangeklaagde(s) die reg het om te enige tyd ’n afskrif van die goedgekeurde notule op eie koste aan te vra

(iv) die vergadering self te enige tyd die notule ter insae beskikbaar kan stel aan die klaer(s), aangeklaagde(s) en die persoon(e) wat hulle bystaan

(v) indien die klaer(s) of aangeklaagde(s) te enige tyd ’n beswaar sou hê teen die prosedure wat gevolg word of beslissings wat gemaak word, die vergadering die ondersoek sal opskort en die beswaar agter geslote deure sal oorweeg na voorleggings deur die klaer(s) en die aangeklaagde(s)

(vi) hulle die waarheid moet praat en geen getuienis of inligting mag weerhou wat die vergadering kan help in sy taak om ’n regverdige besluit te neem nie

(vii) die besluit van die vergadering bekend gemaak sal word.

4.4 Die voorsitter kan versoek dat ’n ander kundige lidmaat van die Kerk die vergadering in ’n adviserende hoedanigheid bywoon.

4.5 Die voorsitter lees net die klagskrif volledig voor in die teenwoordigheid van die klaer(s), die aangeklaagde(s) indien ’n party daarop aandring.

4.6 Alle getuies, behalwe die klaer(s) en aangeklaagde(s), verlaat die vergadering totdat hulle geroep word om te getuig.

4.7 Die voorsitter wys die aangeklaagde(s) daarop dat te enige tyd in die loop van die ondersoek, skuld op sommige of al die aanklagtes in die klagskrif bely kan word, en vra daarna of die aangeklaagde(s) die aanklagte ontken en of die aangeklaagde(s) enige belydenis wil maak.

4.8 In die geval van so ’n belydenis volg die vergadering die volgende prosedure:

(i) Die lede van die vergadering besluit agter geslote deure of die belydenis aanvaar en die ondersoek derhalwe gestaak word, en of die belydenis van die hand gewys en met die ondersoek voortgegaan word.

(ii) Die voorsitter maak die beslissing van die vergadering aan die klaer(s), aangeklaagde(s) en persone wat hulle bystaan, bekend.

(iii) Indien die belydenis aanvaar en die ondersoek gestaak word, besluit die lede van die vergadering agter geslote deure oor die tugstappe wat geneem moet word nadat die aangeklaagde(s) die geleentheid gegee is om sodanige mededelings en inligting aan die vergadering oor te dra as wat deur die vergadering in ag geneem behoort te word voordat oor tugstappe besluit word.

4.9 Indien die aangeklaagde(s) nie skuld bely nie, versoek die voorsitter die klaer(s) om die aanklag met mondelinge bewyse en ander getuienis te staaf.

4.10 Die aangeklaagde(s) of die lidmaat wat bystand verleen, kan vrae stel aan die persone wat teen die aangeklaagde(s) getuig ten einde al die feite voor die vergadering te plaas en/of die korrektheid van die getuienis te toets.

4.11 Daarna kry die lede van die vergadering die geleentheid om vrae ter opheldering aan die getuies te vra.

4.12 Die voorsitter sorg dat alle vrae op die saak betrekking het. Die voorsitter se besluit of ’n vraag ter sake is, is finaal.

4.13 Geen persoon wat getuig het, woon die vergadering verder as waarnemer by nie, tensy die voorsitter anders besluit.

4.14 Nadat al die getuies namens die klaer(s) getuig het, kry die aangeklaagde(s) geleentheid om self te getuig en deur getuienis en bewyse te antwoord op die klag.

4.15 Die klaer(s) of die lidmaat wat bystand verleen, kan vrae stel aan die persone wat namens die aangeklaagde(s) getuig (wat die aangeklaagde(s) insluit) ten einde al die feite voor die vergadering te plaas en/of om die korrektheid van die getuienis te toets.

4.16 Die lede van die vergadering kry die geleentheid om vrae ter opheldering aan die getuies te vra.

4.17 Die voorsitter sorg dat alle vrae op die saak betrekking het. Die voorsitter se besluit of ’n vraag ter sake is, is finaal.

4.18 Die vergadering het die reg om enige getuie te roep wat die vergadering nodig mag ag om tot ’n billike besluit te kom.

4.19 Die aangeklaagde(s), die klaer(s) of die lidmaat wat hulle bystaan en lede van die vergadering kan ook vrae aan hierdie getuies stel soos hierbo in die reglement bedoel.

4.20 Nadat al die getuienis afgehandel is, kry die klaer(s) die geleentheid om die vergadering toe te spreek. Die aangeklaagde(s) kry die geleentheid om daarop te antwoord en om die vergadering andersins toe te spreek.

4.21 Die lede van die vergadering kom agter geslote deure byeen, oorweeg die saak en kom met meerderheid van stemme tot ’n bevinding.

4.22 Indien daar ’n staking van stemme is, word aanvaar dat die klag nie genoegsaam gestaaf is nie.

4.23 Die skriba sorg dat die volgende geformuleer en nagekom word:

(i) Die besluit van die vergadering.

(ii) Die oortreding(s) waaraan die aangeklaagde(s) skuldig is, word duidelik genotuleer, asook die getuienis waarop staatgemaak is om tot daardie besluit te kom.

(iii) Die teenwoordige lede onderteken die besluit as deel van die notule.

4.24 Die besluit van die vergadering word aan die klaer(s) en aangeklaagde(s) meegedeel.

4.25 Nadat die besluit van die vergadering aan die aangeklaagde(s) meegedeel is, word die aangeklaagde(s) die geleentheid gegee om sodanige mededelings en inligting aan die vergadering oor te dra wat in ag geneem behoort te word voordat oor tugstappe besluit word.

4.26 Die vergadering besluit agter geslote deure oor tugstappe en deel die besluit daarna aan die klaer(s) en aangeklaagde(s) mee.

4.27 In gevalle waar ’n vergadering nie dadelik tot ’n besluit kan kom nie, mag die besluit nie langer as 14 dae uitgestel word nie.

4.28 Binne sewe dae nadat ’n besluit geneem is, stel die skriba die klaer(s) en die aangeklaagde(s) per aangetekende pos of per hand teen handtekening, van die besluit oor die tugstappe, indien enige, in kennis.

4.29 Die vergadering oorweeg of dit nodig is om sy besluit met of sonder motivering aan gemeentes en ander vergaderings mee te deel.

5. ’N BEROEP OP ’N BYKOMENDE VERGADERING

5.1 ’n Beroep kan op ’n bykomende vergadering gemaak word soos uiteengesit in Ordinansie 8.9 van die Kerkorde.

5.2 ’n Persoon, vergaderings van die ampte van ’n ring, en vergaderings van rade, kommissies en komitees van die Algemene Kerkvergadering wat op ’n bykomende vergadering ’n beroep doen, rig binne 21 dae nadat ’n bevinding bekend gemaak is, ’n skriftelike versoek aan die voorsitter of skriba van die bykomende vergadering, op wie die beroep gedoen word, waarin uitdruklik gemeld word

(i) dat ’n beroep op die bykomende vergadering gedoen word

(ii) of ’n gewone of buitengewone vergadering die saak moet aanhoor

(iii) wat die redes vir die beroep is.

5.3 Die voorsitter en skriba van die bykomende vergadering bepaal of ’n dokument waarin ’n betrokkene(s) ’n beroep doen aan die vereistes van die Kerkorde voldoen.

5.4 ’n Dokument wat nie aan die vereistes voldoen nie, word per aangetekende pos teruggestuur of per hand teen handtekening terugbesorg met aanduiding van wat verkeerd is.

5.5 Indien die dokument in orde is word die saak op die agenda van die betrokke vergadering geplaas en binne 90 dae hanteer.

5.6 Die oorspronklike klaer(s) en aangeklaagde(s) word ten minste 14 dae voor die vergadering skriftelik deur die skriba in kennis gestel van die tyd en plek wanneer en waar die vergadering plaasvind, en die skriba vergewis hom- of haarself daarvan dat die persone wel die skriftelike kennisgewing ontvang het.

5.7 Die persoon wat ’n beroep op die Algemene Kerkvergadering wil doen, soos bedoel in Ordinansie 8.9.3, moet binne 21 dae nadat hy of sy in kennis gestel is

van die bevinding van ’n ondersoek, die aangeleentheid skriftelik na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys met ’n volledige motivering waarom die aangeleentheid as ’n leeraangeleentheid hanteer moet word, asook met ’n volledige uiteensetting van die gronde waarop ’n beroep na die Algemene Kerkvergadering gedoen word.

5.8 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is geregtig om verdere inligting van die aansoeker te vra.

5.9 Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sal by sy eerste vergadering nadat ’n vertoë of gevraagde inligting ontvang is, besluit of dit ’n aangeleentheid is wat na die Algemene Kerkvergadering verwys behoort te word en die besluit so gou doenlik na die vergadering, skriftelik aan die persoon of persone wat die aangeleentheid verwys het, bekend maak.

5.10 Die aangeleentheid sal by die volgende Algemene Kerkvergadering hanteer word soos ’n beroep na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, tensy die aansoeker vra dat ’n buitengewone vergadering van die Algemene Kerkvergadering gehou word onderhewig aan reglement 6.17 hieronder.

6. PROSEDURE BY EN HANTERING VAN ’N BEROEP DEUR ’N BYKOMENDE VERGADERING

6.1 ’n Bykomende vergadering wat ’n beroep aanhoor, konstitueer op die wyse waarop daardie vergadering gewoonlik konstitueer, en handel die beroep op die voorgeskrewe wyse af.

6.2 Die kworum van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die hantering van ’n beroep is die lede wat teenwoordig is.

6.3 In alle gevalle word die vergadering op die gewone wyse deur die voorsitter geopen.

6.4 Die skriba sien toe dat alle dokumente wat op die saak betrekking het ter tafel is, en dat alle lede van die vergadering afskrifte daarvan het.

6.5 ’n Bykomende vergadering kan deur een of meer adviseurs, wat ’n lidmaat van die Kerk is, bygestaan word op die vergadering wat die beroep deur die appellant(e) oorweeg.

6.6 Die voorsitter wys die appellant(e) en die verdediger(s) daarop dat

(i) dit elkeen wat by die ondersoek betrokke is, se plig is om die vergadering wat die beroep aanhoor, te help in sy taak om ’n regverdige beslissing te maak

(ii) die beroep gerig is teen die prosedure of die bevinding of beide die prosedure en bevinding van die voorafgaande vergadering

(iii) geen nuwe getuienis as bewysvoering vir ’n standpunt na vore gebring mag word nie, maar dat slegs die notule van die ondersoek wat in geding is, gebruik mag word om die bevinding van die voorafgaande vergadering te betwis of te staaf.

6.7 Die voorsitter gee die appellant(e) geleentheid om met verwysing na die betrokke stukke die appellant(e) se saak te stel.

6.8 Die verdediger(s) kry daarna die geleentheid om met verwysing na die betrokke stukke die verdediger(s) se kant van die saak te stel.

6.9 Lede van die vergadering kan te enige tyd vrae ter opheldering vra.

6.10 Nadat albei partye hulle saak gestel het, bied die voorsitter aan beide partye die geleentheid vir repliek, waarna die ondersoek afgesluit word.

6.11 Die vergadering kom nou agter geslote deure byeen en oorweeg al die dokumente, en kan die beroep in geheel of gedeeltelik van die hand wys of handhaaf, en kan ook op ’n ander tughandeling, soos voorsiening gemaak word in die Kerkorde, besluit.

6.12 ’n Besluit word met ’n meerderheid van stemme geneem.

6.13 Indien daar ’n staking van stemme is word die beroep gehandhaaf.

6.14 Die skriba sorg dat die bevinding van die vergadering, soos deur die vergadering met ’n gewone meerderheid van stemme vasgestel, genotuleer en deur die voorsitter en skriba geteken word.

6.15 Die skriba stel die appellant(e) en die verdediger(s) binne sewe dae na die vergadering skriftelik in kennis van die vergadering se bevinding.

6.16 Die beslissing van ’n vergadering bly van krag totdat ’n bykomende vergadering dit ter syde stel.

6.17 Enige buitengewone vergadering word slegs belê nadat die betrokkene vooraf ’n aanvaarbare verbintenis aangegaan het om die helfte van die koste wat die beroep meebring, te betaal indien die beroep nie slaag nie.

---oOo---

ETIESE KODE VIR PREDIKANTE

1. INLEIDING

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar die etiese kode vir dienaars van die Woord wat as reglement in die Kerkorde vervat is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar tegelyk dat predikante in hul ampsbediening die handhawing van hoë standaarde van professionele bevoegdheid en aanvaarde morele en etiese optrede sal navolg.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar dat predikante sal strewe na die uitleef van die Christelike liefde wat ook beginsels soos integriteit, betroubaarheid, getrouheid, eerlikheid, opregtheid, verantwoordbaarheid, billikheid en regverdigheid insluit:

* Integriteit verwys na eerlike bedoeling in terme van die predikant se karakter en omgaan met mense.

* Betroubaarheid verwys na die nakoming van verpligtinge ten opsigte van die self, die gesin, die gemeente en die breër samelewing.

* Getrouheid verwys na getrouheid aan die Skrif, die belydenisskrifte, die Kerkorde, besluite en die beginsels, oortuigings en integriteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

* Eerlikheid en opregtheid verwys na die suiwere intensie van die predikante in handelinge, en dat hul gedrag in diens van die koninkryk van God sal staan en sal vergestalt in hul omgaan met andere.

* Verantwoordbaarheid dui daarop dat predikante aanvaar dat hulle verantwoording sal doen aan God, hul medemens en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, vir hul roeping en werk as predikante en die bestuur van ’n gemeente.

* Billikheid dui daarop dat die predikant te alle tye billik sal optree teenoor gemeentelede, vorige gemeentelede, personeel van die gemeente en lede van die gemeenskap, al is hulle nie deel van die betrokke gemeente nie.

* Regverdigheid verwys na die predikant se strewe tot regverdige optrede teenoor alle mense.

Die predikant aanvaar dus dat bogenoemde beginsels ingebed is in die beginsels onderliggend aan alle etiese en professionele kodes, naamlik:

* *Individue se reg tot outonomie*: Outonomie verwys na die aanvaarding van individue se keuse tot besluitneming. Dit impliseer dus dat die predikant deur begeleiding gemeentelede sal onderrig in die wil van God, maar dat die individu te alle tye die reg tot eie besluitnemingsprosesse behou.

* *Optrede moet tot voordeel of beste belang van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika plaasvind*: Predikante aanvaar dat hul optrede tot voordeel van die koninkryk van God en die gemeente in die breë sal strek, maar ook tot voordeel van die individu sal plaasvind. Dit impliseer dus dat die predikant se gedrag te alle tye die spirituele en geestelike welsyn van die individu en die gemeente sal bevorder.

* *Skadeberokkening*: Predikante sal poog om te alle tye skadeberokkening te voorkom ten opsigte van die self, eie gesin, gemeentelede, of gemeente, vorige gemeentelede of vorige gemeentes en die gemeenskap in die breë.

* *Geregtigheid:* Predikante aanvaar die beginsel van geregtigheid en billikheid en sal hul gedrag baseer op Bybelse beginsels oor die waarheid.

* *Getrouheid*: Getrouheid verwys na die nakoming van verpligtinge, ondernemings en beloftes wat deur predikante aan die amp, gemeentes en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in breë gemaak word, soos vervat is in die proponentsformule, beroepsbrief, bevestigingsformulier en die werkopgawe van die spesifieke gemeente.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar dat die Kerk gebind is aan die Grondwet en landswette van die Republiek van Suid-Afrika[1] en dat predikante dus in die uitlewing en bediening van hul roeping en professie, die Grondwet en landswette van die Republiek van Suid-Afrika sal verreken.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar dat die funksie van ’n etiese kode is om professionele gedrag te rig, parameters vir die roeping en professie van die predikant daar te stel, beroepsgrense te definieer, die predikant se persoonlike welsyn as dienaar van God te beskerm en te bevorder, en om gemeentelede te lei tot diens aan God en om die Kerk en gemeentelede te beskerm teen ongemagtigde, onvanpaste en onprofessionele optrede van die predikant. Predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar dat hul gedrag te alle tye onderworpe is aan die Skrif, die belydenisskrifte, die Kerkorde, besluite en die beginsels, oortuigings en integriteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Bogenoemde oorkoepelende beginsels soos in die inleiding verwoord, word dus vervat as die spesifieke etiese beginsels van die predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

2. ETIESE BEGINSELS SOOS AANVAAR DEUR DIE PREDIKANT VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die volgende spesifieke beginsels en kodes word aanvaar:

2.1 BEVOEGDHEID

Predikante aanvaar dat die beginsel van bevoegdheid te alle tye deur predikante gehandhaaf sal word. Hierdie bevoegdheid sal vergestalt word in die verkondiging van die Woord van God, onderrig en bestuur van die gemeente en pastorale begeleiding.

2.1.1 Die predikant aanvaar dat daar onderliggende wetenskaplike beginsels bestaan vir die hermeneutiese verstaan van die Woord, en dat verkondiging van die Woord onderhewig sal wees aan hierdie beginsels ten einde misleiding of wanvoorstelling van God en God se Woord te voorkom.

2.1.2 Predikante moet te alle tye bevoeg wees om hul taak uit te voer. Dit beteken dat die predikant voortdurend op hoogte sal bly met die nuutste navorsing ten opsigte

[1] Hierdie bepaling word verreken ten opsigte van enige land waar predikante hul professie beoefen.

van ampswerk deur selfstudie, konsultasie met ander professionele persone en voortgesette bedieningsopleiding.

2.1.3 Voortgesette opleiding word as belangrike onderbou van persoonlike en akademiese bevoegdheid gesien, en die predikant onderneem om sodanige opleiding op ’n gereelde basis by te woon. Voortgesette opleiding is ’n noodsaaklikheid vir die verkondiging van die Woord, die onderrig en versorging van die gemeente, persoonlike groei en selfsorg.

2.1.4 Predikante sal voortdurend bewus wees van eie persoonlike problematiek, gebrek aan kennis, vooroordele of ’n ingesteldheid wat hulle bevoegdheid mag belemmer om in diens van God en God se koninkryk te staan of wat interaksie met andere mag belemmer.

2.1.5 Predikante sal indien hulle bewus raak van eie persoonlike problematiek of vooroordele wat hul bevoegdheid as predikant of persoonlike welsyn belemmer, hulp of ondersteuning aanvra van ’n bevoegde persoon of instansie.

2.1.6 Predikante aanvaar dat selfsorg en die sorg van hul eie gesin as model dien vir gemeentelede, en sal daarom toesien dat hul eie persoonlike welsyn, asook die welsyn van hul gesin, in stand gehou word.

2.1.7 Predikante aanvaar dat daar ’n medeverantwoordelikheid teenoor ander predikante bestaan en onderneem om, indien hul bewus word van enige aspekte wat die bevoegdheid van ’n medepredikant belemmer, daar met die medepredikant in gesprek getree sal word ten einde ondersteuning of hulp te verleen.

2.1.8 Predikante moet bewus wees van die omvang van die bediening (*scope of practice*) soos vervat in die Kerkorde, en onderneem om nie buite die omvang (spektrum) van hul opleiding of van hul dienswerk op te tree nie.

2.1.9 Die taak van die predikant is beperk tot pastorale ondersteuning en begeleiding eerder as terapeutiese intervensies, tensy die predikant geregistreer is by ’n statutêre liggaam waar terapeutiese hulpverlening binne ’n bepaalde registrasie-kategorie as spektrum van praktyk aanvaar word.

2.1.10 Predikante sal bewus wees van die rol en taak van ander professionele persone, en poog om te alle tye ’n goeie verhouding met persone van ander dissiplines te handhaaf. Predikante aanvaar dus die omvang of beperkinge (*scope of practice*) van hul bediening deur gemeentelede na ander professionele persone te verwys vir hul fisiese, persoonlike, sosiale of wetlike problematiek.

2.1.11 ’n Verwysingsisteem sal opgebou en in stand gehou word ten einde die nodige verwysings van gemeentelede na professionele persone te kan doen.

2.1.12 Die belangrikheid van eerlikheid en wetenskaplik gefundeerde uitsprake wat nie strydig is met die Bybel, belydenisskrifte, Kerkorde en die besluite van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, word aanvaar. Openbare uitsprake moet binne die bevoegdheidsgrense van die predikant se ampsbediening geskied. Die predikant onderneem om geen openbare uitsprake te maak wat tot nadeel van die eer van God, die Christelike kerk in die breë, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika of individuele gemeentelede of individue sal strek nie.

2.2 DIE REG TOT SELFDETERMINASIE EN OUTONOMIE

Alle individue, en dus gemeentelede, beskik oor die reg tot outonomie soos wat dit vergestalt is in eie denk- en besluitnemingsprosesse.

2.2.1 Predikante is bewus daarvan dat hulle vanweë hul amp as predikant in ’n bepaalde verhouding tot gemeentelede staan waar van die predikant verwag word om leiding te gee. Leierskap moet nie verwar word met ’n mags- of outoritêre verhouding nie, en derhalwe sal predikante gemeentelede begelei en toerus vir dienswerk sonder om van hulle amp as predikant misbruik te maak.

2.2.2 Predikante sal nie die outonomie van die individu tot besluitneming misken nie en sal gemeentelede se besluite respekteer – al mag dit van hul eie besluite verskil.

2.2.3 Dit sluit in dat daar nie teen gemeentelede of persone in diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gediskrimineer word op grond van besluite, keuses of oortuigings wat hul mag koester nie. Geen diskriminasie mag op grond van ras, geslag, ouderdom, huwelikstatus, seksuele oriëntasie, gesondheidstatus, gestremdheid of oortuigings plaasvind nie.

2.3 BEVORDERING VAN DIE WELSYN VAN GEMEENTELEDE

In alle etiese kodes word die bevordering van die welsyn van die individu, groep en gemeenskap as fundamentele beginsel beskou. In kerklike verband verwys dit dan in die besonder na die bevordering van die individu en/of gemeente se geestelike en spirituele welsyn in die lig van God se Woord.

2.3.1 Beste belang van die gemeente: Die beste belang van die gemeente of vorige gemeentes of personeel wat in diens staan van die gemeente word te alle tye gehandhaaf. Die beginsel van nie-benadeling word dus erken.

2.3.2 Beste belang van die individu: Predikante onderneem om te alle tye in die beste belang van die individu op te tree. Dit sluit in geen benadeling van individuele gemeentelede nie.

2.3.3 Die beginsel van vooroordeel en nie-diskriminasie soos verwoord in paragraaf 2.2.3 word gehandhaaf.

2.3.4 Die predikant moet by die ontvang van geskenke altyd die integriteit openbaar wat die predikantsamp waardig is. By die aanvaarding van geskenke moet daar duidelikheid wees of die betrokke geskenk die gemeente of die predikant toekom.

2.4 HANDHAWING VAN VERTROULIKHEID

Die beginsel van vertroulikheid deur predikante sal te alle tye gehandhaaf word ten opsigte van individue, gemeentelede, vorige gemeentelede of personeel in diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Ten opsigte van pastorale begeleiding geld die volgende:

2.4.1 Dat daar tydens pastorale begeleiding van individue, egpare en gesinne vooraf skriftelik gekontrakteer word hoe vertroulikheid gehandhaaf sal word.

2.4.2 Kinders bo 12 jaar is in staat tot ingeligte toestemming en het die reg op vertroulikheid.

2.4.3 Die beginsel van vertroulikheid sal slegs verbreek word wanneer ’n persoon of ’n ander persoon se lewe in gevaar is, of wanneer dit deur ’n hof verplig word.

2.4.4 Dokumentasie met betrekking tot pastorale begeleiding bly die eiendom van die betrokke predikant wat sal toesien dat dit op ’n veilige plek vir ten minste ses jaar bewaar word.

2.4.5 Tydens pastorale begeleiding sal prosesnotas bygehou word en op dieselfde wyse as lêers, soos in paragraaf 2.4.4 uiteengesit, hanteer word.

2.4.6 In daardie geval waar die predikant advies of leiding van ’n ander professionele persoon in die hantering van ’n gemeentelid versoek, sal sodanige advies of leiding op ’n anonieme basis plaasvind.

2.4.7 Rapportering van seksuele misbruik van kinders: Die predikant aanvaar dat die Kinderwet 38 van 2005 en die Wet op Seksuele Misdrywe 32 van 2007 stipuleer dat kennis *of* vermoedens van seksuele misbruik van kinders aangemeld sal word by die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Daar moet ook rekord gehou word van sodanige gesprek of optrede.

2.5 INGELIGTE TOESTEMMING

In ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA), moet predikante, indien hul pastorale begeleiding van individue-, egpare of groepe gemeentelede onderneem, die betrokke individue bewus maak van die aard en inhoud van sodanige begeleiding. Individue moet dus skriftelik ingeligte toestemming gee tot sodanige begeleiding.

Ingeligte toestemming behels die volgende aspekte:

* Die persoon moet regtens daartoe in staat wees om toestemming te gee.
* Inligting oor die pastorale begeleiding.
* Bewustheid van die vrywillige deelname aan die pastorale begeleiding.
* Geleentheid om vrae te vra.

2.6 WEIERING TOT HULPVERLENING

Predikante mag weier om hulp te verleen indien

2.6.1 hulpverlening nie moontlik is nie.

2.6.2 die aangevraagde hulp buite die omvang of beperkinge van die bediening van die predikant bestaan.

2.6.3 die predikant nie oor die nodige vaardighede en/of kwalifikasie beskik om hulp te verleen nie.

2.6.4 Daar meervoudige[2] verhoudings bestaan – spesifiek in die geval van pastorale begeleiding.

[2] Meervoudige verhoudings is waar lidmate of individue in meer as een verhouding tot die predikant staan, byvoorbeeld die predikant en ’n medeleraar, die predikant en ’n persoon met wie hy of sy op gereelde basis besigheid doen, die predikant en sy of haar kollega se eggenoot, die predikant en sy of haar mediese dokter of die predikant en ’n vriend of vriendin. Pastorale begeleiding mag ten opsigte van sommige van dié genoemde verhoudings problematies en gekompliseerd wees.

2.7 ROLVERKLARING EN AKTIWITEITE WAT NIE DIREK MET DIE BEDIENING VERBAND HOU NIE

Predikante word by geleentheid toegelaat om deeltydse beroepe buite die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te beklee. Dit vind plaas in ooreenstemming met die Kerkorde. In die beoefening van deeltydse beroepe word die volgende etiese beginsels aanvaar:

2.7.1 Predikante mag nie hul roeping en professie as predikant gebruik om besigheid te kry, dienste te verskaf of enige transaksie aan te gaan wat tot persoonlike voordeel strek en wat nie billik is ten opsigte van die gemeente, gemeentelede, individuele lede of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in geheel nie.

2.7.2 Individue en/of besighede met wie die predikant handel moet te alle tye weet dat in die besigheidshandel die predikant nie as predikant optree nie, maar as sakeman of sakevrou. Predikante weerhou hulle dus onder alle omstandighede van ampsmisbruik.

2.7.3 Indien die predikant ’n ander beroep beklee, mag hul fooie hef soos aanspreeklik vir die ander beroep. In geval van pastorale begeleiding van lidmate mag die predikant nie fooie hef nie. In geval van predikante wat geregistreer is as sielkundiges berus die onus by die predikant om dit met die betrokke statutêre liggaam uit te klaar.

2.7.4 Predikante aanvaar dat meervoudige verhoudings in die gemeente potensiële risiko's en botsing van belange inhou, en sal dus te alle tye daarop bedag wees.

2.8 BEWUSTHEID EN OPSKERPING VAN ETIESE ASPEKTE

Die predikant onderneem om op ’n gereelde basis ’n werkwinkel in etiek by te woon as deel van voortgesette bedieningsopleiding.

2.9 OORSKRYDING VAN DIE ETIESE KODE

Die etiese kode is onderhewig aan die Woord van God en die Kerkorde, en die toepaslike kerkordelike reëlings geld by versuim om hieraan gehoor te gee.

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

BEWYS VAN LIDMAATSKAP

Die Skriba
Nederduitsch Hervormde Gemeente .....

Uit die lidmaatregister van die Nederduitsch Hervormde Gemeente ..... bevestig dat

.....

gebore op ..... lidmaat van hierdie gemeente tot op datum was.

Gegee te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING

Prop ……

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het, nadat u die proponentseksamen suksesvol afgelê het, besluit om u tot die evangeliebediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika toe te laat.

Die Kommissie hoop van harte dat u gou in die geleentheid gestel sal word om as predikant in ’n gemeente in die Kerk gereeld die evangelie te verkondig en die lidmate pastoraal te bearbei.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN GOEDKEURING VAN BEROEP

Die Skriba,

Gemeente.....

As voorsitter en skriba van die Ring van ..... verklaar ons dat alle dokumente soos deur die Kerkorde vereis wat nodig is om goedkeuring te verleen vir die bevestiging van

.....

as herder en leraar van u gemeente, betyds ingehandig en in orde bevind is. Hiermee word kerklike goedkeuring vir die bevestiging in die amp verleen.

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN ORDENING

Ds/Dr .....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is deur die kerkraad van Gemeente ..... in kennis gestel dat u op (datum) ..... as predikant van die gemeente georden is en verleen hiermee aan u hierdie Akte van Ordening.

Die Algemene Kerkvergadering beskou dit die roeping van ’n geordende en bevestigde evangeliedienaar dat die dienswerk verrig word soos dit ’n getroue evangeliedienaar betaam

* ooreenkomstig die Woord van God
* soos uiteengesit in die beroepsbrief
* soos die Kerkorde bepaal.

U word opgeroep om die gemeente deur woord en wandel onder die seën van die Here op te bou.

Die Algemene Kerkvergadering verwag dat die gemeente aan u liefde en trou sal bewys ter wille van u dienswerk. U en die gemeente word die seën van die Here toegebid.

Geteken te ..... op .....

....

VOORSITTER **SKRIBA**

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN BENOEMING
VIR 'N BESONDERE OPDRAG

Ds/Dr.....
.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/ringsvergadering van/kerkraadsvergadering van

…….....

benoem u hiermee tot ..... met behoud van ampsvoorreg en vertrou dat u die benoeming sal aanvaar vanaf .....

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN BENOEMING AS TEOLOGIEDOSENT

Ds/Dr

.....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem u hiermee as teologiedosent en vertrou dat u die benoeming sal aanvaar vanaf .....

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN EMERITAAT
VIR PREDIKANTE

Ds/Dr

.....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het u aansoek om emeritaat goedgekeur en verleen hiermee aan u emeritaat soos die Kerkorde bepaal.

U word van harte bedank vir pligsgetroue, toegewyde en opbouende werk wat u oor jare heen as predikant in die Kerk gelewer het.

Die Kommissie bid u 'n aangename rustyd toe. Mag u steeds sinvol besig bly met die oordenking van die Woord van God en wanneer u die geleentheid daartoe kry, met die verkondiging daarvan. Mag u steeds vreugde vind in hierdie dienswerk en wanneer die Opperherder kom, die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang.

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN EMERITAAT VIR HOOGLERAARS

Prof .....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het u aansoek om emeritaat goedgekeur en verleen hiermee aan u emeritaat soos die Kerkorde bepaal.

U word van harte bedank vir pligsgetroue, toegewyde en opbouende werk wat u oor jare heen as predikant en hoogleraar in die Kerk gelewer het.

Die Kommissie bid u 'n aangename rustyd toe. Mag u steeds sinvol besig bly met die oordenking van die Woord van God en wanneer u die geleentheid daartoe kry, met die verkondiging daarvan. Mag u steeds vreugde vind in hierdie dienswerk en wanneer die Opperherder kom, die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang.

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
BY AANVAARDING VAN 'N BEROEP
(A)

Die Skriba,

Gemeente .....

Die kerkraad van Gemeente .....
het kennis geneem dat

.....

'n beroep na u gemeente aanvaar het.
Die kerkraad verklaar dat

.....

* 'n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

Hiermee word

.....

deur die kerkraad van alle ampswerk in hierdie gemeente losgemaak en seën en voorspoed in die nuwe werkkring toegebid.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING BY AANVAARDING VAN 'N BESONDERE OPDRAG (B)

Die Skriba,

(i) **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**

(ii) **Ring** …….....

(iii) **Gemeente** …….....

Die kerkraad het kennis geneem dat

.....

die benoeming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Ring van/kerkraad van ..... as/vir ..... aanvaar het.

Die kerkraad verklaar dat

.....

* 'n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

Hiermee word

……

deur die kerkraad van alle ampswerk in hierdie gemeente losgemaak en seën en voorspoed in die nuwe werkkring toegebid.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING BY AFHANDELING VAN 'N BESONDERE OPDRAG
(C)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Ring van …….……/kerkraad van Gemeente ..... verklaar dat die werkopdrag van ..... waarvoor hy/sy benoem is, op ..... afgehandel is.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Ring van ……...../kerkraad van Gemeente ..... verklaar dat

…….....

* 'n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

Hiermee word

……..……..…….

deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/ Ring van ……/kerkraad van ..... van alle ampswerk in hierdie gemeente losgemaak en seën en voorspoed toegebid. Mag hy/sy spoedig 'n beroep ontvang.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING BY DIE BEËINDIGING VAN GEMEENTELIKE DIENSWERK VAN DIE PREDIKANT (D)

Die gemeentevergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente ……..... het besluit om die dienswerk van

……..……..……..……

te Gemeente …….. te beëindig.

Die kerkraad verklaar gevolglik dat

.....

* van alle ampspligte losgemaak word vanaf .....
* 'n waardige evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

Die kerkraad vertrou van harte dat u spoedig 'n nuwe werkkring sal vind en met groot vrug in die Kerk sal voortwerk.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
BY MEDIESE ONGESKIKTHEID
(E)

Ds/Dr/Prof .....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat u medies ongeskik verklaar is om met u werksaamhede in u gemeente voort te gaan.

Die kerkraad het getuig dat u

* ’n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

U word vanaf …….. van alle ampspligte onthef en van u gemeentelike dienswerk losgemaak met behoud van ampsvoorreg.

Die Kommissie vertrou dat u spoedig en volkome sal herstel en verseker u van sy voorbidding.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
AAN 'N PREDIKANT WAT DIE LAND VERLAAT
(F1)

Ds/Dr/Prof .....

Die kerkraad van Gemeente …….…….…… het kennis geneem dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering u versoek om van u gemeentelike dienswerk losgemaak te word met behoud van ampsvoorreg goedgekeur het.

Die kerkraad het getuig dat u

* 'n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

U word van alle ampspligte onthef en van u gemeentelike dienswerk losgemaak op ……..

U word seën en voorspoed toegebid. Mag u spoedig 'n nuwe werkkring vind.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
AAN 'N PREDIKANT WAT DIE LAND VERLAAT
(F2)

Ds/Dr/Prof .....

Die kerkraad van Gemeente …….…….…… het kennis geneem dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering u versoek om van u gemeentelike dienswerk losgemaak te word, toegestaan het en u met onmiddellike effek van ampspligte in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika onthef het.

Die kerkraad het getuig dat u

* 'n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

U word van alle ampspligte onthef en van u gemeentelike dienswerk losgemaak op .....……..

U word seën en voorspoed toegebid. Mag u spoedig 'n nuwe werkkring vind.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
BY VOLTYDSE STUDIEVERLOF
(G)

Die kerkraad van Gemeente …….…….…….. het kennis geneem van die besluit van

…….....……..……..

om in terme van die bepalings van die verlofreglement vir predikante (2.1) (iii) voltydse studieverlof te aanvaar.

Die kerkraad het getuig dat

…….....……..……..……..

* van alle ampspligte losgemaak word vanaf ……..……..
* 'n waardige evangeliedienaar was
* 'n leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

Die kerkraad vertrou dat u 'n vrugvolle, geseënde en geslaagde studietydperk sal beleef en weer spoedig vir dienswerk in die Kerk beskikbaar sal wees.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING BY DIE BEËINDIGING VAN GEMEENTELIKE DIENSWERK OP EIE VERSOEK (H)

Ds/Dr/Prof .....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het u aansoek om van u gemeentelike dienswerk losgemaak te word met behoud van ampsvoorreg goedgekeur nadat die ondersoek van u ringskommissie aan die lig gebring het dat dit in belang van Gemeente ……..……..…….. en in u eie belang sal wees.

Die kerkraad het getuig dat u

* ’n waardige en getroue evangeliedienaar was
* in leer en lewe onberispelik opgetree het
* aan alle pensioenverpligtinge voldoen het.

U word van alle ampspligte onthef en van u gemeentelike dienswerk losgemaak op ……..……

U word seën en voorspoed toegebid. Mag u spoedig ’n nuwe werkkring vind.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN LOSMAKING
NA ONTHEFFING UIT DIE AMP (I)

Ds/Dr/Prof .....

Die kerkraad en die Gemeente .....
het kennis geneem van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Tugkomitee se besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met ingang van .....

Aangesien u dus nie meer ampsvoorreg geniet in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, word u van u gemeentelike dienswerk losgemaak op .....

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

Geteken te ..... op .....

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AKTE VAN ONTHEFFING

Ds/Dr/Prof .....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika met ingang van ..... (datum).

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

Geteken te ..... op .....

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

BEROEPSBRIEF

Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Gemeente ..... het op die kerkraadsvergadering van ..... in ooreenstemming met die Kerkorde besluit om u,
(prop/ds/dr/prof) .....
as predikant van die gemeente te beroep.

U word kragtens Ordinansie 3.2.3.1 op die volgende basis beroep:

Voltyds	Deeltyds

* 'n Voltydse predikant mag geen ander werk teen vergoeding doen nie.
* 'n Deeltydse predikant word slegs gedeeltelik versorg en mag ook ander werk teen vergoeding doen om sy/haar inkomste aan te vul (Ordinansie 3.2.3.1 (iii)).
* Emeriti word in alle gevalle as deeltydse predikante beroep (Ordinansie 3.2.18.3 (i)).

Die verwagtinge wat aan 'n predikant gestel word, is eiesoortig aan die Kerk as sodanig en u dienswerk geskied in gehoorsaamheid aan God en sy Woord, en onder opsig van die kerkraad.

U moet u kerklike ampswerk verrig soos uiteengesit in die Kerkorde, wat insluit dat u

* die Woord van God voortdurend bestudeer,
* die Woord van God verkondig en die sakramente bedien,
* voorbidding doen vir alle mense,

* eredienste lei,
* beproefdes vertroos,
* ampsdraers bevestig,
* die openbare geloofsbelydenis afneem,
* huwelike bevestig,
* begrafnisdienste lei, en
* vergaderings lei.

Die kerkraad en gemeente vertrou van harte dat u die beroep sal aanvaar en dat u spoedig met u dienswerk sal begin.

Geteken op die ..... dag van ..... te …….....…… deur die volgende kerkraadslede teenwoordig:

Voorletters en van	**Handtekening**
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....

....

VOORSITTER (Naam en handtekening) **SKRIBA** (Naam en handtekening)

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

VERSORGINGSVOORDELE

1. Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente ..... het op die kerkraadsvergadering van ..... in ooreenstemming met die Kerkorde besluit om u, (prop/ds/dr/prof) ..... as predikant van die gemeente te beroep soos in die beroepsbrief uiteengesit.

Voltyds	**Deeltyds ***

* ’n Voltydse predikant mag geen ander werk teen vergoeding doen nie.

* ’n Deeltydse predikant word slegs gedeeltelik versorg en mag ook ander werk teen vergoeding doen om sy/haar inkomste aan te vul (Ordinansie 3.2.3.1 (iii)).

* Emeriti word in alle gevalle as deeltydse predikante beroep (Ordinansie 3.2.18.3 (i)).

2. U werkopdrag word in die beroepsbrief en aangehegte addendum (waar van toepassing) uiteengesit. U werkopdrag kan by ooreenkoms tussen u en die kerkraad van tyd tot tyd aangepas word om aan die bedieningsplan van die gemeente uitvoering te gee.

3.1 Hierdie opgawe van versorgingsvoordele geld vanaf ..... (verwagte datum van diensaanvaarding).

3.2 Hierdie opgawe van versorgingsvoordele verval wanneer

3.2.1 u ’n beroep na ’n ander werkruimte aanneem

3.2.2 u gepensioeneer word of emeritaat aanvaar

3.2.3 u medies ongeskik verklaar word volgens die prosedure in Ordinansie 3.2.12 van die Kerkorde

3.2.4 u deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uit u amp onthef word

3.2.5 u werkopdrag deur die kerkraad of ringskommissie beëindig word soos bepaal deur Ordinansie 3.2.3.2 van die Kerkorde,

of

3.2.6 soos ooreengekom op .....
(in die geval van 'n beroep vir 'n beperkte tyd).

4. Die kerkraad aanvaar op die volgende basis verantwoordelikheid vir u versorging:

4.1 'n Kontanttraktement ten bedrae van R..... (in woorde.....
.....) per jaar wat maandeliks in gelyke bedrae soos volg uitbetaal word:

4.1.1 **Maandeliks aan u**	**R**
4.1.2 **Maandeliks aan die Raad van Finansies** totdat u studieskuld aan die Kerk afgelos is, waarna hierdie bedrag by die bedrag hierbo in 4.1.1 gevoeg word	**R**

* Die jaarlikse vergoeding by 4.1 moet klop met die maandelikse syfers wat in die blokkie(s) by 4.1.1 en 4.1.2 ingevul word.

4.2 'n Vakansietoelae van R..... (in woorde .....……)
benewens u kontanttraktement is jaarliks betaalbaar in die maand van .....

4.3 ’n Belasbare behuisingsvoordeel in die vorm van (merk die toepaslike en dui die waarde aan):

	Waarde (maandeliks)
Gratis inwoning	**R**
Munisipale dienste	**R**
Eiendomsbelasting	**R**
Onderhoud	**R**

of

	Waarde (maandeliks)
’n Behuisingstoelae maandeliks oorbetaal	**R**
Munisipale dienste	**R**
Eiendomsbelasting	**R**
Onderhoud	**R**

4.4 ’n Belasbare toelae vir telefoonkoste en internettoegang van R..... (in woorde ....…….) per jaar wat maandeliks soos volg uitbetaal word:

Maandelikse telefoontoelae (oproepe en data)	**R**
Maandelikse internettoelae (toegang en data)	**R**

4.5 ’n Belasbare vervoertoelae in die vorm van (merk die toepaslike en dui die randwaarde aan):

’n Vervoertoelae maandeliks oorbetaal (Hierdie bedrag word van tyd tot tyd aangepas met inagneming van die riglyne wat die Sinodale Dienssentrum beskikbaar stel)	**R**

of

Gratis voertuig vir gebruik van die predikant en sy/haar gesin, deur die kerkraad verskaf (’n berekende maandelikse bedrag insluitend alle uitgawes daaraan verbonde soos finansiering, versekering, loopkoste en onderhoud ter waarde van)	**R**

4.6 Mediese versekering waartoe die kerkraad die volgende bydra (merk die toepaslike opsie en spesifiseer):

Persentasie van die maandelikse premie	**%**

of

Vaste maandelikse bedrag in rand (jaarliks hersienbaar)	**R**

4.7.1 Die werkgewersbydrae word maandeliks deur die kerkraad in ooreenstemming met die Kerkorde en besluite van die Algemene Kerkvergadering aan die Raad van Finansies oorbetaal.

4.7.2 Die werknemersbydrae word volgens die besluit van die beroepe predikant van die bruto maandelikse kontanttraktement afgetrek en aan die Raad van Finansies oorbetaal.

4.8 Verlof volgens die *Verlofreglement vir predikante* van die Kerk. In die geval van ’n deeltydse predikant word die verlof *pro rata* volgens die *Verlofreglement vir predikante* bereken.

In u geval is u geregtig op ..... dae gewone verlof per jaar.

5. Die kerkraad aanvaar verantwoordelikheid vir u verhuisingskoste op voorwaarde dat twee kwotasies deur die kerkraad oorweeg word, waarvan u een aan die kerkraad voorlê en die kerkraad self een verkry.

6. Indien u te sterwe kom, sal die kerkraad u gesin versorg ooreenkomstig Ordinansie 3.2.10 van die Kerkorde.

7. Die kontanttraktement (4.1), vakansietoelae (4.2), behuisingsvoordeel (4.3), telefoon- en internettoelae (4.4), vervoertoelae (4.5) en toelae vir mediese versekering (4.6) kan in oorleg met u op- of afwaarts aangepas word. Afwaartse aanpassing van hierdie versorgingsvoordele mag plaasvind wanneer die gemeente weens ekonomiese omstandighede, demografiese verskuiwings of enige ander onvoorsienbare gebeure sodanig verarm dat die ooreengekome versorgingsvoordele nie meer bekostig kan word nie.

8. Hierdie opgawe van versorgingsvoordele kan gewysig of getermineer word indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of Tugkomitee u ampspligte opskort.

9. Indien daar enige dispuut ontstaan oor die bepalings of enige deel van hierdie dokument, sal die ringsvergadering die saak besleg. ’n Beroep teen ’n beslissing van die ringsvergadering kan by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedoen word. Hulle besluit in hierdie verband word as finaal en bindend beskou.

10. Daar word ooreengekom dat

10.1 vir sover as wat dit regtens nodig mag wees, die gemeente u werkgewer is

10.2 hierdie beroepsbrief en versorgingsvoordele ’n kontrak tussen u en die gemeente daarstel, en as sodanig uitgelê word

10.3 geen ander bepaling, stilswyende beding, regte of verpligtinge ingelees word of geag deel van u kontrak te wees nie, tensy anders wedersyds ooreengekom

10.4 enige handeling wat kragtens die Kerkorde deur enige ander liggaam of persoon verrig is, en wat aanleiding kan gee tot enige geskil wat aangehoor moet word deur enige hof of liggaam wat deur ’n landswet daargestel is, geag sal word namens die gemeente as werkgewer verrig te gewees het.

Geteken te ..... op .....

....

VOORSITTER (Naam en handtekening) **SKRIBA** (Naam en handtekening)

---oOo---

VERKLARING DEUR BEROEPE KANDIDAAT

Ek

.....

(volle name)

* aanvaar die versorgingsvoordele en voorwaardes soos hierbo uiteengesit, wat die kerkraad van die gemeente ……...…….……..……. my aanbied,

* onderneem om my werkopdrag uit te voer soos ’n reggeaarde dienaar van die Woord dit na die gees en bedoeling van die Bybel, die proponentsondertekeningsformule, die formulier vir die bevestiging van dienaar van die Woord, die beroepsbrief, die Kerkorde en die Etiese Kode vir predikante behoort te doen,

* onderneem om jaarliks aan die vereistes vir voortgesette bedieningsopleiding (VBO) te voldoen,

* aanvaar dat die belange en welstand van die gemeente swaarder weeg as dié van die predikant indien ’n konflik van belange tussen die predikant en sy of haar gemeente ontstaan.

Geteken op die ..... dag van ..... te ……..……

.....

Handtekening van dienaar van die Woord

Getuies: (1) .....

(2) .....

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

ERKENNING VAN ONTVANGS VAN BEROEPSBRIEF

Die Skriba,

Nederduitsch Hervormde Gemeente .....

Ek verklaar dat ek die beroep na u gemeente op (datum) ..... ontvang het en beloof om dit ernstig en biddend te oorweeg en om binne die vasgestelde twee weke my besluit oor die beroep aan u kerkraad bekend te maak.

Geteken te ..... op .....

.....

HANDTEKENING

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

VERKLARING DAT BEROEP AFGEKONDIG IS

Die Skriba,

Ring van .....

Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente ……..... verklaar dat die naam van

.....

op drie Sondae te wete

Sondag .....
Sondag .....
Sondag .....

in die gemeente afgekondig is om te verneem of lidmate enige beswaar het teen die leer of lewe van die beroepe predikant as herder en leraar van hierdie gemeente.

Geteken te ..... op .....

.....

SKRIBA

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

GELOOFSBRIEF
RINGSVERGADERING

Die Skriba,

Ring van .....

Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente ..... het op sy vergadering van ……..... die volgende ampsdraers as verteenwoordigers van hulle ampte afgevaardig na die vergadering van die Ring van ..... wat DV sitting sal neem op ..... te .....

AFGEVAARDIGDE KERKRAADSLEDE

Primi

.....

.....

(voorletters, vanne en noemname)

Sekundi

.....

.....

(voorletters, vanne en noemname)

Predikant(e) …….....

…….....

…….....

…….....

…….....

.....	.....
VOORSITTER	**SKRIBA**

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

GELOOFSBRIEF
ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Skriba,
Algemene Kerkvergadering

Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente ..... het tydens die vergadering van ..... die volgende ampsdraers as verteenwoordigers van hulle ampte afgevaardig na die Algemene Kerkvergadering wat DV sitting sal neem op ..... te .....

AFGEVAARDIGDE OUDERLING

Primus

.....

(voorletters, van en noemnaam)

Sekundus

.....

(voorletters, van en noemnaam)

AFGEVAARDIGDE PREDIKANTE

.....

.....

.....

....

VOORSITTER **SKRIBA**

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

DOOPSEEL

Uit die doopregister van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente ..... blyk dat

.....

gebore op .....
seun/dogter van

.....
.....

gedoop is op ..... te .....
deur .....

Gegee te ..... op .....

.....
SKRIBA